# DIE INVLOED VAN JALOESIE TUSSEN KINDERS IN 'N GESIN OP DIE KIND SE SELFKONSEP

deur

**CARLA ROSSOUW**

voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes
vir die graad

**MAGISTER EDUCATIONIS**
**MET SPESIALISERING IN VOORLIGTING**

aan die

**UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA**

**STUDIELEIER: DR. M.A. VENTER**

NOVEMBER 2003

## DANKBETUIGING

- **Aan God, vir wie niks onmoontlik is nie.**
- **Aan al die mense wat in my geglo het.**
- **Aan Dr. M.A. Venter, vir haar getroue bystand.**

Studentenommer: **3069-368-3**

Ek verklaar hiermee dat **DIE INVLOED VAN JALOESIE TUSSEN KINDERS IN 'N GESIN OP DIE KIND SE SELFKONSEP** my eie werk is en dat ek alle bronne wat ek gebruik of aangehaal het deur middel van volledige verwysings aangedui en erken het.

.........................

HANDTEKENING

**C. ROSSOUW**

.......................

DATUM

# OPSOMMING

## DIE INVLOED VAN JALOESIE TUSSEN KINDERS IN 'N GESIN OP DIE KIND SE SELFKONSEP

deur

CARLA ROSSOUW

| | |
|---|---|
| GRAAD: | Magister Educationis |
| DEPARTEMENT: | Opvoedkundige Studies |
| STUDIELEIER: | Dr. M.A. Venter |
| DATUM: | November 2003 |

Die doel van die ondersoek was om te beskryf hoe 'n kind se belewing van jaloesie teenoor 'n broer/ suster sy selfkonsep beïnvloed. 'n Idiografiese ondersoek is uitgevoer op twee proefpersone wat oor die kenmerke van jaloesie beskik het.

In elke proefpersoon se geval, het die gebrek aan vertroue in die betrokke ouer se liefde, veroorsaak dat hy langdurige jaloesie teenoor sy broer/ suster beleef het. Die wyse waarop negatiewe vergelykings en voortrekkery die kind laat twyfel in sy ouer se liefde en hom minderwaardig laat voel teenoor sy broer/ suster, is bespreek. Die belewing van jaloesie, soos dit voorgekom het in die proefpersone se geval, het 'n verlies van selfkonsep tot gevolg gehad.

Die opvoedkundige implikasies is dat ouers liefs negatiewe vergelykings en voortrekkery moet vermy en 'n positiewe rol moet probeer speel in hul kinders se selfkonsepontwikkeling.

**Sleutelwoorde:**

| | | |
|---|---|---|
| jaloesie teenoor 'n broer/ suster | negatiewe vergelykings | voortrekkery |
| minderwaardig | selfkonsep | ouer se liefde |
| gebrek aan vertroue | | |

**SUMMARY**

**THE INFLUENCE OF SIBLING JEALOUSY ON THE CHILD'S SELF-ESTEEM**

by

CARLA ROSSOUW

| | |
|---|---|
| DEGREE: | Magister Educationis |
| DEPARTMENT: | Educational Studies |
| SUPERVISOR: | Dr. M.A. Venter |
| DATE: | November 2003 |

The aim of this study was to describe how sibling jealousy influences a child's self-esteem. An ideographic study was conducted with two subjects who displayed signs of jealousy.

In both cases the subjects' insecurities regarding a particular parent's love, caused sibling jealousy with a long-term effect. The manner in which comparisons among siblings and favouritism causes insecurity and inferiority, was discussed. The way in which the subjects experienced sibling jealousy, caused the loss of self-esteem in both their cases.

The educational implications are therefore that parents should rather avoid comparing their children or showing favouritism. Parents should focus on playing a positive role in the development of their childrens' self-esteem.

**Key words:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| sibling jealousy | comparisons | insecurity | parent's love |
| self-esteem | favouritism | inferiority | |

# INHOUDOPGAWE

## HOOFSTUK 1

## PROBLEEMSTELLING, DOEL EN PLAN VAN ONDERSOEK


| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | INLEIDING | 1 |
| 1.2 | PROBLEEMSTELLING EN AFBAKENING | 3 |
| 1.3 | DOEL VAN DIE ONDERSOEK | 4 |
| 1.4 | LITERATUURSTUDIE | 4 |
| 1.5 | EMPIRIESE NAVORSING | 4 |
| 1.5.1 | Metode van ondersoek | 4 |
| 1.5.2 | Keuse van proefpersone | 5 |
| 1.5.3 | Media vir die empiriese ondersoek | 5 |
| 1.6 | SAMEVATTING | 6 |


## HOOFSTUK 2

## DIE SELFKONSEP EN SELFKONSEP-ONTWIKKELING IN DIE LEWE VAN DIE KIND


| | | |
|---|---|---|
| 2.1 | INLEIDING | 7 |
| 2.2 | WAT IS DIE SELFKONSEP? | 7 |
| 2.3 | ONTWIKKELING VAN DIE SELFKONSEP | 8 |
| 2.3.1 | Selfkonsep-ontwikkeling is 'n proses | 8 |
| 2.3.2 | Die selfkonsep is multi-dimensioneel | 8 |
| 2.3.3 | Die selfkonsep is dinamies | 9 |
| 2.3.4 | Die ontwikkeling van 'n realisties positiewe selfkonsep | 10 |
| 2.3.5 | Die rol van ander mense in selfkonsep-ontwikkeling | 11 |
| 2.3.6 | Die ouers as sleutelfigure in hulle kind se selfkonsep-ontwikkeling | 12 |
| 2.3.7 | Die kind se psigososiale ontwikkeling volgens Erikson | 14 |
| | *(1) Basiese vertroue teenoor wantroue (1-2 jaar)* | 14 |
| | *(2) Outonomie teenoor skaamte en vertwyfeling (2-3 jaar)* | 15 |
| | *(3) Inisiatief teenoor skuldgevoelens (4-5 jaar)* | 17 |
| | *(4) Arbeidsaamheid teenoor minderwaardigheid (6-11 jaar)* | 17 |
| | *(5) Identiteit teenoor identiteitsverwarring (12-22 jaar)* | 18 |

*(6) Intimiteit teenoor isolasie (23-30 jaar)* 19

2.4 SAMEVATTING 20

## HOOFSTUK 3

## DIE BELEWING VAN JALOESIE EN DIE WYSE WAAROP JALOESIE DIE SELFKONSEP BEÏNVLOED

3.1 INLEIDING 22

3.2 MOONTLIKE DEFINISIES VIR JALOESIE 22

3.3 REDES WAAROM 'N ALGEMENE DEFINISIE VIR JALOESIE ONTBREEK 23

3.3.1 Jaloesie is 'n komplekse reaksie 23

3.3.2 Verskillende menings oor die oorsaak van jaloesie 24

3.3.3 Die uitdrukkings "jealousy" en "envy" word nie in die literatuur onderskei nie 25

3.3.4 Jaloesie is 'n individuele belewenis 26

3.3.5 Jaloesie is 'n uiters persoonlike belewenis 27

3.4 JALOESIE IS ALGEMEEN, ONVERMYDELIK EN NOODSAAKLIK IN DIE ONTWIKKELING VAN DIE KIND 28

3.4.1 Jaloesie is funksioneel in die kind se ontwikkeling 28

3.4.2 Jaloesie ontbloot die mens se begeerte om liefde te ontvang 30

3.4.3 Jaloesie is 'n instinktiewe selfverdedigingsreaksie 30

3.4.4 Gevolgtrekking 31

3.5 DIE WYSE WAAROP DIE SELFKONSEP DEUR DIE BELEWING VAN JALOESIE BEÏNVLOED WORD 31

3.6 SAMEVATTING 37

## HOOFSTUK 4

## DIE MANIFESTASIES EN MOONTLIKE OORSAKE VAN JALOESIE

4.1 INLEIDING 38

4.2 MANIFESTASIES VAN JALOESIE 40

4.2.1 Aandagsoekende gedrag 40

4.2.2 Woede en aggressie 40

*(a) Fisiese aggressie* 41

*(b) Indirekte uitdrukkings van aggressie* 43

| | | |
|---|---|---|
| | *(c) 'n Algemene aggressiewe houding* | 44 |
| | *(d) Selfgerigte aggressie* | 44 |
| 4.2.3 | Onttrekking | 45 |
| 4.2.4 | Repressie | 46 |
| 4.2.5 | Nabootsing | 46 |
| 4.2.6 | Perfeksionisme | 47 |
| 4.2.7 | Gevolgtrekking | 48 |
| 4.3 | DIE MOONTLIKE OORSAKE VAN JALOESIE | 48 |
| 4.3.1 | Eksterne oorsake | 50 |
| (i) | Voortrekkery / differensiële ouerlike gedrag | 50 |
| (ii) | Die 'onttroning' van die oudste kind | 52 |
| 4.3.2 | Interne oorsake | 54 |
| (i) | Die temperamente van kinders | 54 |
| (ii) | Narcisme | 54 |
| (iii) | Onrealistiese verwagtinge | 55 |
| (iv) | Emosionele onvolwassenheid | 55 |
| (v) | 'n Negatiewe selfkonsep | 56 |
| (vi) | Samevatting | 58 |


## HOOFSTUK 5

## NAVORSINGSONTWERP EN METODE VAN ONDERSOEK


| | | |
|---|---|---|
| 5.1 | INLEIDING | 60 |
| 5.2 | NAVORSINGSONTWERP EN -METODOLOGIE | 62 |
| 5.2.1 | Keuse van proefpersone | 63 |
| 5.2.2 | Beplanning van empiriese navorsing op twee proefpersone | 64 |
| 5.3 | MEDIA WAT IN DIE ONDERSOEK GEBRUIK IS | 65 |
| 5.3.1 | Sibling Relationship Scale (SRS) | 65 |
| (i) | Agtergrond en inhoud van die Sibling Relationship Scale | 65 |
| (ii) | Die toepaslikheid van die SRS vir die betrokke studie | 66 |
| (iii) | Die toepassing en interpretasie van die SRS | 66 |
| 5.3.2 | Adolessente Selfkonsepskaal (ASKS) | 67 |
| (i) | 'n Beskrywing van die Adolessente Selfkonsepskaal | 67 |
| (ii) | Die toepaslikheid van die ASKS vir die betrokke studie | 68 |

(iii) Toepassing en interpretasie van die ASKS 69
5.3.3 Onderhoudvoering 71
(i) 'n Beskrywing van onderhoudvoering as navorsingstegniek 71
(ii) Die toepaslikheid van onderhoudvoering vir die betrokke studie 72
(iii) Die wyse waarop die begeleide benadering vir onderhoudvoering toegepas is 72
5.4 SAMEVATTING 73

## HOOFSTUK 6

## INTERPRETASIE VAN DIE EMPIRIESE GEGEWENS

6.1 INLEIDING 74
6.2 IDIOGRAFIESE STUDIE VAN MIKE SE BELEWING VAN JALOESIE EN DIE WYSE WAAROP SY JALOESIE SY SELFKONSEP BEÏNVLOED 76
6.2.1 Identifiserende besonderhede 76
6.2.2 Gesinsagtergrond 76
6.2.3 Mike se belewing van jaloesie teenoor sy broer en suster, soos dit blyk uit die Sibling Relationship Scale 78
6.2.4 Die wyse waarop Mike se belewing van jaloesie sy selfkonsep beïnvloed 82
(i) Die mate waarin Mike onderskeidelik sy suster en broer se gelyke voel 82
(ii) Die mate waarin Mike oor 'n realistiese positiewe selfkonsep beskik 84
(iii) Die mate waarin Mike sy ouers se liefde vertrou 87
6.2.5 Samevattende gevolgtrekking oor Mike se belewing van jaloesie en die wyse waarop sy selfkonsep daardeur beïnvloed word 88
6.3 IDIOGRAFIESE STUDIE VAN CHRIS SE BELEWING VAN JALOESIE EN DIE WYSE WAAROP SY JALOESIE SY SELFKONSEP BEÏNVLOED 93
6.3.1 Identifiserende besonderhede 93
6.3.2 Gesinsagtergrond 93
6.3.3 Chris se belewing van jaloesie teenoor sy jonger broer, soos dit blyk uit die Sibling Relationship Scale 95
6.3.4 Die wyse waarop Chris se belewing van jaloesie sy selfkonsep beïnvloed 98
(i) Die mate waarin Chris sy broer se gelyke voel 98
(ii) Die mate waarin Chris oor 'n realistiese positiewe selfkonsep beskik 98

6.3.5 Samevattende gevolgtrekking oor Chris se belewing van jaloesie en die wyse waarop sy selfkonsep daardeur beïnvloed word 102

## HOOFSTUK 7

## SINTESE, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

7.1 HOOFSTUK 1: PROBLEEMSTELLING, DOEL EN PLAN VAN ONDERSOEK 105
7.2 HOOFSTUK 2: DIE SELFKONSEP EN SELFKONSEP-ONTWIKKELING IN DIE LEWE VAN DIE KIND 106
7.3 HOOFSTUK 3: DIE BELEWING VAN JALOESIE EN DIE WYSE WAAROP JALOESIE DIE SELFKONSEP BEÏNVLOED 107
7.4 HOOFSTUK 4: DIE MANIFESTASIES EN MOONTLIKE OORSAKE VAN JALOESIE 109
7.5 HOOFSTUK 5: NAVORSINGSONTWERP EN METODE VAN ONDERSOEK 109
7.6 HOOFSTUK 6: INTERPRETASIE VAN DIE EMPIRIESE GEGEWENS 111
7.6.1 Mike se belewing van jaloesie en die wyse waarop sy selfkonsep beïnvloed is 111
7.6.2 Chris se belewing van jaloesie en die wyse waarop sy selfkonsep beïnvloed is 113
7.7 OPVOEDKUNDIGE IMPLIKASIES 114
7.7.1 Vermy negatiewe vergelykings 114
7.7.2 Motiveer die kind deur positiewe terugvoer, eerder as deur negatiewe vergelykings of kritiek 115
7.7.3 Probeer om die kinders se verskille te waardeer, eerder as om daarteen te baklei 116
7.7.4 Vermy voortrekkery 117
7.7.5 Help die kind om 'n realistiese positiewe selfkonsep te ontwikkel 117
7.7.6 Albei ouers moet emosionele sekuriteit verskaf 118
7.8 SLOT 120

# HOOFSTUK 1

# PROBLEEMSTELLING, DOEL EN PLAN VAN ONDERSOEK

## 1.1 INLEIDING

Jaloesie is so oud soos die mensdom self. Die eerste ouerpaar op die aarde, Adam en Eva, het reeds hartseer oor hierdie probleem beleef. Die verhaal van die twee broers, Kain en Abel, is welbekend. Albei was boere en het van hulle winste geneem om aan God te offer. Die jonger broer, Abel, se offer is deur God aangeneem, maar nie dié van die oudste seun, Kain, nie. Kain se jaloesie het hom daartoe gedryf om sy jonger broer te vermoor (Bybel. Genesis 4).

Die tipiese situasie waarin jaloesie voorkom, behels altyd drie partye: A sal jaloers wees op C; omdat C die aandag, liefde, aanvaarding of erkenning van B ontvang wat A vir [1]homself begeer. Die jaloesie word beleef as 'n tipe ongemak; 'n negatiewe gewaarwording dat 'n belangrike verhouding deur 'n derde party bedreig word. Jaloesie kan byvoorbeeld voorkom wanneer:

- 'n werkskollega deur die werkgewer bevoordeel word
- 'n vriend/ vriendin meer tyd met 'n ander persoon spandeer
- 'n broer/ suster meer aandag of voorregte van die ouers kry
- 'n onderwyser of lektor meer aandag of hoër punte aan 'n klasmaat gee
- 'n huweliksmaat in 'n buite-egtelike verhouding betrokke is

In die betrokke studie sal veral aandag gegee word aan jaloesie soos dit voorkom tussen kinders in 'n gesin.

[1] Beskrywings sal deurgaans in die manlike vorm voorkom om verwarring uit te skakel, maar is in al die gevalle ook van toepassing in die vroulike vorm.

Alhoewel die navorser gereeld deur ouers genader word oor laasgenoemde probleem, is literatuur oor die onderwerp van jaloesie, ongeag van die tipe verhouding waarin dit voorkom, dun gesaai. Dit laat 'n mens wonder of jaloesie nog algemeen by mense voorkom en of dit enigsins as 'n probleem beskou word. Tog word jaloesie deur beskikbare bronne as 'n universele verskynsel bestempel. Die woorde van Salovey (1991:63) kan byvoorbeeld aangehaal word waar die skrywer jaloesie beskryf as "a universal distress response to the possibility of losing a loved one".

Die bekende psigoanalis, Sigmund Freud, het jaloesie as universeel beskou, omdat dit volgens hom, onvermydelik is. Freud het geglo dat elke mens een of ander tyd in sy lewe jaloesie sal beleef, al is dit net vir 'n flitsende sekond. Hy het jaloesie beskryf as "...one of those affective states, like grief, that may be described as normal. If anyone appears to be without it, the inference can be justified that it has undergone severe repression and consequently plays all the greater part in his unconscious life" (Pines 1998:45). Volgens Freud is dit met ander woorde amper normaal in dié sin dat dit menslik is om jaloesie te beleef wanneer 'n belangrike verhouding deur 'n derde party bedreig word. Hy meen dat dit eerder abnormaal is om onder sulke omstandighede nié jaloesie te beleef nie.

Uiterste vorme van jaloesie kan wel tot moord lei, soos die verhaal van Kain en Abel bewys, maar dit is bevind dat die meeste belewenisse van jaloesie nie patologies van aard is nie (Clanton & Kosins 1998:288-289). Jaloesie is eerder funksioneel in dié sin dat die jaloerse persoon poog om 'n verhouding te beskerm wat vir hom belangrik is.

## 1.2 PROBLEEMSTELLING EN AFBAKENING

Dit is 'n algemene gesig dat 'n kleuter sy verhouding met veral sy moeder, besitlik sal probeer beskerm teen die tussenkoms van 'n broer of suster. Tog kan volwasse kinders van 'n gesin steeds met mekaar meeding vir ouerlike aandag. "Jealousy appears to be almost universal in children" (Clanton & Smith 1998:50).

Indien broers en susters universeel met hierdie belewenis gekonfronteer word, is die vraag wat onwillekeurig in die Opvoedkunde ontstaan: Op watter wyse word die persoon se sosio-emosionele ontwikkeling deur die belewing van jaloesie teenoor 'n broer/ suster beïnvloed?

In die Opvoedkunde word veral op 'n persoon se selfkonsep-ontwikkeling gelet. Van den Aardweg en Van den Aardweg (1993:193) maak die volgende stelling: "No child can truly become adult without a definite, clear self-concept". Die persoon se selfkonsep dui op die wyse waarop hy homself beskou en dit bepaal uiteindelik al sy verhoudings. "The self-concept becomes the focal point of relationships" (Van den Aardweg & Van den Aardweg 1993:193). Dit is veral die persoon se gesinsverhoudings wat vir die betrokke studie ter sprake is.

*Die PROBLEEMSTELLING wat deur middel van die empiriese ondersoek beantwoord sal word, is die volgende: Op watter wyse word kinders se selfkonsep beïnvloed wanneer hulle jaloesie teenoor 'n broer of suster ervaar?*

## 1.3 DOEL VAN DIE STUDIE

Die doel van hierdie studie is om te beskryf hoe 'n persoon se belewing van jaloesie teenoor 'n broer/ suster sy selfkonsep beïnvloed en dan veral sy selfkonsep ten opsigte van sy gesin. Hierdie beskrywing sal enersyds vanuit die literatuur en andersyds in die lig van eie empiriese navorsing plaasvind.

## 1.4 LITERATUURSTUDIE

Die literatuur sal in terme van die volgende aspekte ondersoek word:

1.4.1 Die selfkonsep en die wyse waarop die selfkonsep by kinders ontwikkel.

1.4.2 'n Beskrywing van die aard, moontlike oorsake en manifestasies van jaloesie.

1.4.3 Die wyse waarop die selfkonsep deur die belewing van jaloesie beïnvloed kan word.

Die laasgenoemde aspek sal ook empiries ondersoek word.

## 1.5 EMPIRIESE NAVORSING

### 1.5.1 Metode van ondersoek

Die metode van ondersoek is deels nomoteties en deels idiografies van aard. Ten einde op 'n wetenskaplike wyse twee proefpersone te selekteer wat oor kenmerke van jaloesie beskik, is 'n nomotetiese vraelys aan vyftig

proefpersone gegee om te voltooi. Twee proefpersone wat oor die kenmerke van jaloesie beskik, is uit hierdie groep gekies en 'n ondersoek is op idiografiese wyse op elkeen uitgevoer.

### 1.5.2 <u>Keuse van proefpersone</u>

Daar is vir die doeleindes van die empiriese ondersoek 'n groep na-skoolse adolessente vir die navorsing gekies wat steeds ekonomies en sosiaal afhanklik van hulle gesinne is. 'n Persoon sal selde erken dat hy jaloesie beleef (Walster & Walster 1998:92). Die proefgroep is om hierdie rede nie direk met die vraag of hulle jaloesie teenoor 'n broer/ suster beleef of beleef het gekonfronteer nie. Die antwoord op hierdie vraag is indirek vasgestel deur middel van 'n vraelys, naamlik die Sibling Relationship Scale (SRS), wat in HOOFSTUK 5 in meer besonderhede bespreek word. Volgens die resultate van die 50 adolessente wat die SRS voltooi het, is twee persone geselekteer wat waarskynlik jaloesie teenoor 'n broer/ suster beleef of beleef het.

### 1.5.3 <u>Media vir die empiriese ondersoek</u>

Die media vir die empiriese ondersoek word in HOOFSTUK 5 in meer besonderhede bespreek, maar die volgende kan op hierdie stadium genoem word:

Vir die seleksie van twee proefpersone, is die Sibling Relationship Scale (SRS) van Kosins gebruik. Die toets meet die intensiteit van waargeneemde konflik tussen kinders in 'n gesin.

Die twee geselekteerde proefpersone het ook die Adolessente Selfkonsepskaal (ASKS) van Vrey voltooi. Vrey (s.a.:2) definieer die selfkonsep as "...die

konfigurasie van oortuigings omtrent myself en houdinge teenoor myself wat dinamies is en waarvan ek gewoonlik bewus is of bewus kan word".

Die ASKS is in die betrokke studie gebruik om vas te stel hoe die persoon homself beskou, veral ten opsigte van sy gesin. Die gesinsdimensie is maar een van die dimensies wat deur Vrey (s.a.:3) onderskei is, wat bydra tot 'n persoon se selfkonsep. Die wyse waarop die belewing van jaloesie die persoon se selfkonsep in sy kinderjare beïnvloed of beïnvloed hét, is kwalitatief deur middel van onderhoudvoering ondersoek. Die items van die SRS en die ASKS het as onderwerpe gedien vir 'n begeleide benadering tot die onderhoudvoering.

## 1.6 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is bespreek dat jaloesie universeel en onvermydelik by kinders voorkom, maar dat die invloed daarvan op hulle sosio-emosionele ontwikkeling onbekend is. Die doel van die ondersoek is dan om die wyse waarop 'n kind se selfkonsep beïnvloed word wanneer hy jaloesie teenoor 'n broer/ suster beleef te beskryf, soos dit voorgekom het by twee gevallestudies.

In die volgende hoofstuk sal die begrip *selfkonsep* en selfkonsepontwikkeling by kinders verduidelik word.

# HOOFSTUK 2

# DIE SELFKONSEP EN SELFKONSEP-ONTWIKKELING IN DIE LEWE VAN DIE KIND

## 2.1 INLEIDING

Die selfkonsep word deur Van den Aardweg en Van den Aardweg (1993:193) as "...the core of the personality" beskryf. Sonder behoorlike selfkonsep-vorming kan die kind nie tot behoorlike volwassewording kom nie. In hierdie hoofstuk sal die begrip "selfkonsep" meer omvattend beskryf word. Verder sal gekyk word na die wyse waarop die selfkonsep ontwikkel.

## 2.2 WAT IS DIE SELFKONSEP?

Mense beleef hulleself as die middelpunt van alles wat met hulle gebeur. Hoe 'n mens op 'n gegewe oomblik voel en dink oor jouself ten opsigte van 'n betrokke situasie, sal bepaal hoe jy gaan optree. Hierdie 'voel en dink' oor die self word die selfgesprek genoem. Die selfgesprek is evaluerend en lei tot die vorming van die selfkonsep. "Most of us tend to judge ourselves continually against standards of how we would like to be, or feel that we should be" (Stenhouse 1994:10). Phelan (1996:45) verwys na die selfgesprek as "an internal judge" en "The Great Evaluator". "Die selfgesprek is die wyse waarop 'n persoon **met** homself **oor** homself praat" (Raath & Jacobs 1990:29). Dit ge-skied bewustelik óf onbewustelik in die persoon se gedagtes. Deur middel van die selfgesprek maak 'n persoon gevolgtrekkings oor homself met betrekking tot alles wat hy beleef. Die selfkonsep is die somtotaal van al hierdie ge-

volgtrekkings oor die self op 'n gegewe oomblik. "A self-concept is a bunch of conclusions or judgements I make about myself" (Phelan 1996:59). "This overall image of what we are like as an individual is our self-concept" (Stenhouse 1994:9).

## 2.3 ONTWIKKELING VAN DIE SELFKONSEP

### 2.3.1 Selfkonsep-ontwikkeling is 'n proses

Kinders word nie met 'n selfkonsep gebore nie. Hulle moet 'ontdek' wie hulle is. Dit is 'n ontdekkingstog wat 'n aanvang neem wanneer babas besef dat hulle apart van ander mense bestaan (Raath & Jacobs 1990:9). "From the moment of birth ... an infant begins to experience 'separateness from other'. This ultimately leads to being a separate 'self' (individual) and to having a positive or negative opinion of self" (Greenberg 1991:75).

### 2.3.2 Die selfkonsep is multi-dimensioneel

"Our self-concept is a kind of jigsaw puzzle put together from all those physical, psychological, and behavioural characteristics that make us the individuals we are" (Stenhouse 1994:9). Vrey (s.a.:3) het die volgende dimensies van die selfkonsep onderskei:

- fisieke self (die self in verhouding tot die liggaamlike)
- persoonlike self (die self in sy eie psigiese verhoudinge)
- gesin-self (die self in gesinsverhoudinge)
- sosiale self (die self in sosiale verhoudinge)
- sedelike self (die self in verhouding tot sedelike norme)

- selfkritiek

"Not only is our self-concept a complex, multi-faceted picture, but we also tend to evaluate each of its individual components" (Stenhouse 1994:9-10).

Sommige konsepte van 'n persoon se selfkonsep is belangriker as ander en vorm die kern van die selfkonsep (Phelan 1996:73). "...if we think that we are falling short in a significant aspect of our lives, it can have a powerful effect on how we feel about ourselves as people" (Stenhouse 1994:10). Die persoon sal geneig wees om hierdie konsepte meer te beskerm as ander minder belangrike konsepte. Die kern van die selfkonsep bly daarom min of meer stabiel. "The self-concept is meaningful to the individual who will vigourously defend it by standing up for himself" (Van den Aardweg & Van den Aardweg 1993:193). In 'n leesprogram waardeur gepoog is om studente se leesvermoë te verbeter, is byvoorbeeld gevind dat die studente met 'n negatiewe selfkonsep weerstand gebied het teen dié verandering. Purkey (Raath & Jacobs 1990:20) verklaar soos volg: "No matter how negative the self may be, who and what he is, is most important to the person, and just about anything is better than no self at all".

**2.3.3 <u>Die selfkonsep is dinamies</u>**

Verskillende situasies bring verskillende aspekte van die selfkonsep na vore. 'n Seun wat byvoorbeeld nie positief voel oor sy wiskundige vermoëns nie, sal waarskynlik nie baie selfvertroue en ywer tydens die Wiskunde-klas aan die dag lê nie. Hy voel en dink op daardie stadium meer negatief oor homself as toe hy besig was met 'n aktiwiteit wat hy goed kan doen, soos byvoorbeeld rugby speel. "At different times, therefore, the Great Evaluator may be doing his

evaluating on different aspects of a person's self-esteem picture" (Phelan 1996:63). Die selfkonsep is dus altyd in beweging. Selfs die kind met 'n positiewe selfkonsep kan soms negatief oor homself voel. Soos Greenberg (1991:80) opmerk: "...we have good days and bad days. And each of us thinks more highly of some aspects of self and much less highly of other aspects. But it averages out to something - high, adequate, or low opinion of self". 'n Persoon se selfkonsep kan dus oor die algemeen positief, gemiddeld of negatief wees. Stenhouse (1994:10) stel elke dimensie van die selfkonsep voor met 'n denk-beeldige plus of minus, na aanleiding van die persoon se self-evaluering. "If the sum of all these positive and negative signs is definitely on the credit side, our overall self-concept is likely to be positive. If the balance tips more towards the negative, so will our self-concept".

### 2.3.4 Die ontwikkeling van 'n realisties positiewe selfkonsep

Dit is belangrik - of die selfkonsep nou positief of negatief op 'n gegewe oomblik is - dat dit 'n realistiese selfkonsep sal wees. "Wanneer die selfkonsep realisties is, beteken dit dat die persoon sowel sy positiewe as negatiewe eienskappe aanvaar" (Raath & Jacobs 1990:26). Die persoon se selfgesprek moet objektief genoeg wees dat sy opinie van homself redelik getrou is aan die werklikheid (Phelan 1996:65). Indien die persoon erkenning gee aan 'n werklike swakheid, sal sy selfkonsep realisties negatief wees. 'n Kind kan byvoorbeeld sy leesprobleem erken. Dit is nie 'n probleem om soms negatief te voel wanneer 'n werklike swakheid ter sprake kom nie, solank die persoon nie sy positiewe eienskappe uit die oog verloor nie. Sommige mense kan byvoorbeeld in so 'n mate klem lê op 'n swakheid dat hulle selfkonsep stagneer by hierdie swakheid. Wanneer so 'n persoon al sy eienskappe moet evalueer om 'n gevolgtrekking oor homself te maak, sal dit 'n onrealistiese negatiewe

gevolgtrekking wees, omdat hy glad nie eers sy positiewe eienskappe oorweeg het nie. "..self-concept and self-esteem can be unrealisticly low because the scanning process repeatedly gets 'stuck' on a particular negative dimension" (Phelan 1996:77). Wanneer 'n persoon kan leer om sy positiewe eienskappe te verwerklik sonder om sy negatiewe eienskappe te ontken, word sy selfkonsep toenemend positief versterk. Hy word ook toenemend selfaktualiserend.

*Selfaktualisering* is 'n term wat in die opvoedkunde gebruik word om die proses te beskryf waardeur 'n persoon sy potensiaal ten volle verwerklik ten spyte van sy tekortkominge. Dit kom voor of die selfaktualiserende persoon se positiewe eienskappe die negatiewe bedek - dit minder opvallend of problematies maak. "Seeing himself realistically, he accepts himself and his limitations do not affect his self-esteem" (Van den Aardweg & Van den Aardweg 1993:192).

Die behoefte om selfaktualiserend te funksioneer is aanwesig by elke mens. "What a man *can* be, he *must* be" (Maslow 1954:91). Elke mens wil uiteindelik die beperkinge van sy negatiewe eienskappe in so 'n mate oorkom dat hy sy potensiaal kan uitleef. Sonder selfaanvaarding kan die selfkonsep nie positief ontwikkel nie en sal toereikende selfaktualisering nie plaasvind nie (Maslow 1954:207).

### 2.3.5 Die rol van ander mense in selfkonsep-ontwikkeling

Die selfkonsep ontwikkel in verhouding tot ander mense - met ander woorde in 'n sosiale konteks. "Each person - even if merely one and two years old - contrasts himself with all sorts of other people (Greenberg 1991:94). Om die selfaanvaarding te ontwikkel wat 'n realisties positiewe selfkonsep kenmerk, is

mense veral op soek na aanvaarding in hul belangrikste verhoudings. "Humans are gregarious, benefit from social relations, and desire the acceptance and approval of others" (Bringle 1991:126). Van den Aardweg en Van den Aardweg (1993:215) skryf: "The primary source of self-esteem is the esteem in which others hold me". 'n Studie van Diggory (Raath & Jacobs 1990:22) dui aan dat al die areas van die selfkonsep negatief beïnvloed word wanneer 'n persoon misluk op gebiede wat hoog deur ander mense aangeskryf word. Net so het sukses op hierdie gebiede 'n positiewe effek op al die ander, selfs onverwante areas van die selfkonsep.

### 2.3.6 Die ouers as sleutelfigure in hulle kind se selfkonsep-ontwikkeling

Die kind, in sy afhanklikheidsposisie in die gesin, het die behoefte dat veral sy ouers sy selfkonsep positief moet bevestig. "In the beginning a child's security and sense of worth will be very much affected by how much he feels accepted and cared for (loved) by his parents and how much he feels liked" (Phelan 1996:97).

Die wyse waarop die ouers hulle kind in die wêreld ontvang, 'vertel' reeds vir hom wie hy is. Die wyse waarop die moeder haar baba versorg, het ook 'n invloed op sy selfkonsep. "During the early period of mutualism, the baby merely senses his value from his mother's love. He feels loved and therefore worthy of being loved." (Vollmer 1998:65). Hartley-Brewer (1994:21) stem hiermee saam: "The only way infants or young children can discover themselves and believe that they are likeable and loveable is through having someone else responding to them; liking and loving them and understanding their needs and feelings". Volgens Erikson (1977:224) wek die ouers se sensitiwiteit teenoor hulle baba se behoeftes 'n basiese vertroue by die kind. Phelan (1996:34) meen

dat hierdie basiese vertroue wat 'n jong kind teenoor sy ouers openbaar, 'n belangrike grondslag vorm vir die ontwikkeling van 'n positiewe selfkonsep.

Soos die kind ontwikkel en nuwe situasies en uitdagings beleef, is die reaksies van sy ouers vir hom 'n gedurige spieëlbeeld van wie hy is. "As he sees his evolving expressions and performances acclaimed and acknowledged, he becomes conscious of his value" (Vollmer 1998:65). Dit blyk dat die onvoorwaardelike liefde wat die kind van sy ouers beleef sy gevoel van waarde versterk, sodat hy toenemend kan optree om die voorwaardelike liefde van die wêreld buite sy gesin te verdien. "...worthiness precedes competence in the development of self-esteem" (Mruk 1999:71). Wanneer die kind byvoorbeeld skool toe gaan, leer hy dat hy moet presteer om die respek van sy onderwyser en klasmaats te verdien. Die gevoel van waarde wat hy reeds in sy ouerhuis ontwikkel het, stel hom in staat om hierdie uitdaging te trotseer. "Almost all children must deal with the most basic self-esteem revolutions: the transition from self-esteem based on the 'unconditional' love of parents to self-esteem based on one's own *competence* and on the *conditional love* of other people" (Phelan 1996:3). Die belangrikheid van die ouers se houding teenoor hulle kind word deur die volgende geïllustreer: Brookover (Raath & Jacobs 1990:71) het drie verskillende metodes gebruik in 'n poging om 'n groep onderpresteerders se selfkonsep te verbeter. Uiteindelik het net die metode waarvolgens die ouers se houding en verwagtinge teenoor die student se akademiese prestasie positief verander is, geslaag.

'n Versterkte selfkonsep word makliker gehandhaaf wanneer mislukking of 'n terugslag beleef word. "...children with high self-esteem have a stable, positive core to their personality which helps them to ride out the challenges and

setbacks of life with a better-than-even chance of success" (Stenhouse 1994:119).

### 2.3.7 Die kind se psigososiale ontwikkeling volgens Erikson

Die ontwikkeling van die selfkonsep en die rol wat die ouers speel blyk in Erikson se beskrywing van die mens se agt stadia van sosio-emosionele ontwikkeling. Elke fase word gekenmerk deur 'n spesifieke ontwikkelingskrisis wat suksesvol opgelos moet word om 'n positiewe selfkonsep te verseker. Vir die doel van die betrokke studie sal slegs die eerste ses ontwikkelingsfases en die invloed daarvan op die selfkonsep bespreek word.

*(1) Basiese vertroue teenoor wantroue (1-2 jaar)*

Volgens Erikson (1977:222) is die baba se eerste sosiale mylpaal om sy moeder buite sy gesigsveld toe te laat sonder oormatige angs. Die voorspelbaarheid van die moeder se terugkeer het 'n vertroue by die baba tuisgebring dat hy haar nie verloor het omdat hy haar nie meer kan sien nie. Dit is daarom belangrik dat die baba bestendigheid sal beleef in sy moeder en ander versorgers se optrede. Dit beteken nie dat die baba sonder frustrasie grootword nie. Dit sal wel vir hom frustrerend wees om byvoorbeeld vir kort tye sonder sy moeder klaar te kom. Indien die frustrasie wat hy beleef egter betekenis het binne 'n groter sin van 'behoort' en aanvaarding, sal die kind se vertroue nie geskaad word nie. Die teenoorgestelde gebeur wanneer die kind nie weet of sy moeder hom te hulp gaan kom wanneer hy frustrasie beleef nie. Die frustrasie verander dan in wanhopigheid wat kan lei tot wantroue. Dit is met ander woorde eerder die kwaliteit van versorging as die presiese hoeveelheid voedsel en koestering wat die baba ontvang wat sy vertroue in sy medemens laat groei.

Die verband tussen basiese vertroue en die ontwikkeling van 'n positiewe selfkonsep is soos volg: Wanneer die kind beleef dat sy moeder sensitief is ten opsigte van sy unieke behoeftes, beleef hy dat hy waarde het - 'n gevoel dat hy geag word as iemand wat liefde werd is. Die moeder se bestendige optrede en sensitiewe ingesteldheid dra dus by tot die ontwikkeling van 'n positiewe selfkonsep by die kind. Erikson (1977:224) beskryf hierdie tipe versorging as "...the basis in the child for a sense of identity which will later combine a sense of being 'all right', of being oneself, and of becoming what other people trust one will become". 'n Kind wat sy versorging positief beleef, gee dus positief betekenis aan homself. Die geborgenheid wat die kind sodoende beleef is belangrik vir die volgende fase wanneer die kind uitgedaag word om self-standig op te tree. Dit is net 'n kind met 'n realistiese positiewe selfkonsep wat met vertroue kan uitreik na sy medemens en na nuwe belewenisse.

*(2) Outonomie teenoor skaamte en vertwyfeling (2-3 jaar)*

Indien die kind se selfkonsep op 'n positiewe wyse in die eerste fase kon ontwikkel, kan die kind dit in die tweede fase waag om meer selfstandig op te tree. Die tweede fase van die kind se psigososiale ontwikkeling is 'n fase waarin hy toenemend uitdrukking gee aan sy outonomie. Hy ontwikkel spierbeheer wat hom in staat stel tot sekere motoriese vaardighede, toiletbeheer en ook spraak. "Muscular maturation sets the stage for experimentation with two simultaneous sets of social modalities: holding on and letting go" (Erikson 1977:226). Soos die kind leer om sy spiere te beheer, moet hy ook leer om homself op sosiale gebied te beheer. Hy moet leer wanneer om 'vas te hou' en wanneer om 'te laat gaan'.

Aanvanklik tree die kind in hierdie fase baie besitlik of eiesinnig op, juis omdat sy oordeelsvermoë met betrekking tot 'laat gaan' nog moet ontwikkel. Dit is 'n

fase waarin hy voldoende sosiale oordeel moet ontwikkel sodat hy ook vir ander mense kan omgee en hulle wense kan respekteer. 'n Kind wat nie leer om sy eiesinnigheid te 'laat gaan' nie, dring aan op selfbevrediging. Dit is die vertroue wat die kind in die eerste fase ontwikkel het, wat hom in die tweede fase in staat stel om ander mense se behoeftes in ag te neem ten spyte van "...this sudden violent wish to have a choice, to appropriate demandingly, and to eliminate stubbornly" (Erikson 1977:226).

Die kind moet nog steeds kan uitdrukking gee aan wie hy is, al oortree hy die perke wat sy ouers vir hom stel. Hy moet met ander woorde wel die gevolge van ongehoorsaamheid dra, maar nie op 'n wyse wat sy persoonlikheid smoor nie. "For if denied the gradual and well-guided experience of the autonomy of free choice (or if, indeed, weakened by an initial loss of trust) the child will turn against himself all his urge to discriminate and to manipulate" (Erikson 1977:226). 'n Gebrek aan vertroue in die kind se eie vermoëns het dus 'n gebrek aan selfvertroue by die kind tot gevolg. 'n Gebrek aan selfvertroue kan meebring dat die kind homself gedurig wil kontroleer. "Instead of taking possession of things in order to test them by purposeful repetition, he will become obsessed by his own repetitiveness" (Erikson 1977:226). In so 'n geval het die kind skaamte en vertwyfeling ontwikkel, in plaas van outonomie.

Skaamte en vertwyfeling is 'n teken dat die kind se selfkonsep negatief gevorm het. Die ouers se betrokkenheid moet dus van so aard wees dat dit die kind aanmoedig en gerusstel. "From a sense of self-control without loss of self-esteem comes a lasting sense of goodwill and pride; from a sense of loss of self-control and foreign overcontrol comes a lasting propensity for doubt and shame" (Erikson 1977:228). Outonomie en 'n positiewe selfkonsep gaan dus hand aan hand.

*(3) Inisiatief teenoor skuldgevoelens (4-5 jaar)*

Die kind word fisies toenemend aktief. Hy beskik oor 'n surplus energie en beweeg vinnig van aktiwiteit tot aktiwiteit. Hy staan ook nie stil by mislukkings nie en beweeg bloot aan na die volgende aktiwiteit. Erikson (1977:229) beskryf die kind in hierdie fase as "...being on the make... There is no simpler, stronger word for it; it suggests pleasure in attack and conquest".

In die vorige fase het die kind gesag uitgedaag om sy outonomie te probeer vestig. In hierdie fase neem die kind inisiatief om te 'verower'. "Initiative adds to autonomy the quality of undertaking, planning and 'attacking' a task for the sake of being active and on the move, where before self-will, more often than not, inspired acts of defiance or, at any rate, protested independence" (Erikson 1977:229). Die gevaar in die vorige fase was dat die kind selfsugtig sou bly vasklou aan wat hy glo syne is. Die gevaar in die derde fase is dat die kind se inisiatief sal lei tot skuldgevoelens. "The danger of this stage is a sense of guilt over the goals contemplated and the acts initiated in one's exuberant enjoyment of new locomotor and mental power" (Erikson 1977:230). Die wyse waarop die ouers die kind se skuldgevoelens hanteer is belangrik, omdat die kind nie sy basiese vertroue moet verloor dat sy ouers aan sy kant is nie.

*(4) Arbeidsaamheid teenoor minderwaardigheid (6-11 jaar)*

Die vierde fase word gekenmerk deur die aanvang van die kind se skoolloopbaan. "the *fundamentals of technology* are developed, as the child becomes ready to handle the utensils, the tools, and the weapons used by the big people" (Erikson 1977:233). Op skool leer die kind om deur middel van apparaat soos potlode, klei, 'n skêr, verf, ensovoorts, sekere werkstukke te produseer. Hy leer ook om volgens die werksbeginsel 'n taak te voltooi deur

toegewyde ywer. Die plesier en erkenning wat hy hierdeur geniet help die kind om arbeidsaamheid en 'n sin vir tegnologie te ontwikkel. Die gevaar is egter dat die kind kan misluk in hierdie ontwikkelingskrisis en ontoereikend kan voel om die take wat deur sy onderwysers aan hom gegee word, baas te raak. "If he despairs of his tools and skills or of his status among his tool partners, he may be discouraged from identification with them and with a section of the tool world" (Erikson 1977:233). Volgens Erikson misluk 'n kind in die ontwikkeling van arbeidsaamheid wanneer sy ouers hom nie voldoende daarin geoefen het nie of wanneer die skoolonderrig gebrekkig is (Erikson 1977:234). 'n Kind met 'n negatiewe selfkonsep wat sy skoolwerk betref, sal onttrek van die leertaak en sukkel om te presteer.

*(5) Identiteit teenoor identiteitsverwarring (12-22 jaar)*

Die vyfde fase is die begin van puberteit en adolessensie. Die adolessent is hoofsaaklik bekommerd oor die beeld wat ander van hom het teenoor wat hy van homself glo. Hy is terselfdertyd bekommerd oor die geskikte beroepskeuse ten opsigte van sy vaardighede en kwaliteite. Die aard van die adolessent se selfkonsep is dus van hoofbelang. Die adolessent bevraagteken aspekte van die vorige fases ten einde alles te kan integreer in 'n eie identiteit. Die gevaar in hierdie fase is dat identiteitsverwarring kan plaasvind. Dit gebeur wanneer die adolessent nie daarin kan slaag om sy identiteit vas te lê nie. In so 'n geval kan die adolessent tydelik oor-identifiseer met die voorbokke van klieke in 'n poging om homself te integreer in 'n eie identiteit. Wanneer die adolessent verlief raak, is dit in 'n groot mate 'n poging om sy eie identiteit gereflekteer te sien sodat hy uiteindelik 'n duidelike beeld van homself kan kry. Jong paartjies bring dus baie van hulle tyd saam in gesprek deur. 'n Ander eienskap van hierdie tydperk is jongmense se neiging om geslote klieke te vorm. Hulle tree gewoonlik uiters veroordelend op teenoor almal wat 'uit' is in terme van die

identiteit van die groep. Erikson (1977:236) verduidelik hierdie gedrag as 'n verdediging teen identiteitsverwarring. "For adolescents not only help one another temporarily through much discomfort by forming cliques and by stereotyping themselves, their ideals, and their enemies; they also perversely test each other's capacity to pledge fidelity".

Die adolessent se identiteitsvorming en so ook sy selfkonsep is 'n kulminering van al die vorige fases. Die adolessent bevraagteken nou alles wat in die vorige fases gebeur het om alles te kan integreer in 'n eie identiteit. "In their search for a new sense of sameness, adolescents have to re-fight many of the battles of earlier years" (Erikson 1977:235). Vertroue in homself en sy medemens, die vermoë om selfstandig inisiatief te neem ten einde 'n verantwoordelike en arbeidsame bestaan te voer, vorm die grondslag van die adolessent se identiteitsvorming. Indien die adolessent suksesvol was in hierdie ontwikkelingskrisis, behoort hy in staat te wees om 'n geskikte beroepskeuse te maak.

*(6) Intimiteit teenoor isolasie (23-30 jaar)*

Die suksesvolle voltooiing van enige fase, beteken dat die persoon die fase kan transendeer om te waag in die volgende fase met betrekking tot wat ontwikkel is. Die adolessent wat in die vorige fase byvoorbeeld 'n duidelike identiteit kon vorm, sal in die betrokke fase ywerig wees om sy identiteit intiem met 'n ander persoon te deel. Hy sal dan met ander woorde gereed wees vir intimiteit. Erikson (1977:237) omskryf intimiteit as "the capacity to commit himself to concrete affiliations and partnerships and to develop the ethical strength to abide by such commitments, even though they may call for significant sacrifices and compromises". In situasies wat selfopoffering vra, bestaan die vrees dat iets van die eie identiteit verlore sal gaan. Hierdie vrees moet oorkom word ten

einde intimiteit te bereik. Indien die persoon egter wegdeins vir intimiteit in 'n poging om sy identiteit te beskerm, kan dit lei tot 'n gevoel van isolasie. Indien die persoon geïsoleerd voel, kan dit weer lei tot ongesonde self-beheptheid (Erikson 1977:237). Daarom is dit belangrik vir die volwasse persoon om intieme vriende te hê met wie hy sy identiteit kan deel. Dit is op hierdie wyse dat 'n positiewe selfkonsep gehandhaaf word.

## 2.4 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die selfkonsep omskryf as die geheelbeeld wat 'n persoon van homself het. Die selfkonsep en die wyse waarop situasies beleef word, beïnvloed mekaar wedersyds. Indien 'n persoon negatief oor homself voel en dink, sal hy met ander woorde minder psigiese krag besit om teenslae te verwerk. 'n Kind met 'n negatiewe selfbeskouing kan homself byvoorbeeld met 'n broer of suster vergelyk en moontlik minderwaardig voel.

Die rol wat ouers speel in die kind se selfkonsepontwikkeling is beklemtoon. In elke stadium van die kind se sosio-emosionele ontwikkeling, soos deur Erikson beskryf, kan die ouers se insette die kind help om 'n realistiese positiewe selfkonsep te ontwikkel. As basis vir al die ander stadia van sosio-emosionele ontwikkeling, is die basiese vertroue wat by die kind ontwikkel weens sy ouers se liefdevolle versorging. Dit is 'n basiese vertroue by die kind dat hy liefde waardig is en dat die belangrikste persone in sy lewe hom goedgesind is. Wanneer die kind die liefde en aanvaarding van sy ouers beleef, kan hy homself aanvaar, ook wat sy negatiewe eienskappe betref. 'n Realistiese selfkonsep word gekenmerk deur selfaanvaarding en stel die persoon in staat om selfaktualiserend op te tree.

In HOOFSTUK 3 word jaloesie bespreek, asook die wyse waarop die selfkonsep deur die belewing van jaloesie beïnvloed word.

# HOOFSTUK 3

# DIE BELEWING VAN JALOESIE EN DIE WYSE WAAROP JALOESIE DIE SELFKONSEP BEÏNVLOED

## 3.1 INLEIDING

Al is jaloesie sedert die sondeval 'n wesenlike deel van die mens se lewe, kon die mens nog nooit die verskynsel vaspen in 'n algemene definisie nie. "Since Aristotle's time, theorists have been unable to agree as to what jealousy 'really' is" (Walster & Walster 1998:92). Clanton en Smith (1998:4) noem jaloesie 'n Rorschach-woord, omdat dit soveel verskillende betekenisse het vir verskillende mense. Tog behoort die perspektief van een wetenskaplike nie die perspektief van 'n ander wetenskaplike ongeldig te maak nie. "Jealousy is what Freud called 'overdetermined'; that is, it may be interpreted in several equally valid ways" (Downing 1998:76).

## 3.2 MOONTLIKE DEFINISIES VIR JALOESIE

Clanton en Smith (1998:4) gebruik die volgende definisie van jaloesie: "Jealousy may be defined as a feeling of displeasure which expresses itself either as fear of loss of the partner or as discomfort over a real or imagined experience the partner has with a third party". Barker (1987:6) beskryf die belewenis soos volg: "We first become aware of jealous feelings when we sense the possibility of losing someone or something to a rival. It most often occurs when someone we love seems unusually interested in another person". Walster en Walster (1998:91) gebruik die Webster-definisie van jaloesie, naamlik "1a: intolerant of rivalry or unfaithfulness b: disposed to suspect

rivalry or unfaithfulness: apprehensive of the loss of another's exclusive devotion 2: hostile toward a rival or one believed to enjoy an advantage 3: vigilant in guarding a possession 4: distrustfully watchful". Descartes het jaloesie beskryf as "a kind of fear related to a desire to preserve a possession" (Walster & Walster 1998:92). Mazur (1998:182) skryf: "Jealousy is more than a word; it is usually a gut-feeling experience filled with anxiety, resentment, threat, fear, and other hurtful emotions. It comes like a flash flood, undoubtly causing various physiological manifestations".

## 3.3 REDES WAAROM 'N ALGEMENE DEFINISIE VIR JALOESIE ONTBREEK

### 3.3.1 Jaloesie is 'n komplekse reaksie

Sommige definisies, soos dié van Mazur, beskryf merendeels die aard van jaloesie. Verskillende menings bestaan egter oor die aard van jaloesie. Mazur beskou jaloesie byvoorbeeld as 'n samestelling van emosies, terwyl Mathes (1992:5) jaloesie definieer as 'n enkele emosie, "the negative emotion resulting from actual or threatened loss of love to a rival".

Die meeste skrywers stem egter saam dat jaloesie nie net 'n emosionele reaksie is nie, maar ook kognitiewe en fisiese elemente het. Pines (1998:3) beskryf jaloesie as "*a complex reaction* that has both internal and external components". Die interne komponente is emosies, gedagtes en fisiese simptome wat nie sigbaar is vir ander mense nie, terwyl die eksterne komponente wel sigbaar is. Emosies wat met jaloesie verband hou is byvoorbeeld woede, hartseer en vrees. Gedagtes wat met jaloesie geassosieer word is verwyt; selfbeskuldiging; vergelyking met die mededinger en selfbejammering. Fisiese simptome soos sweterige hande; kortasem; maagkrampe en 'n vinnige hartklop kan beleef

word. Hierdie reaksies is nie noodwendig sigbaar vir ander mense nie en kan met ander woorde intern beleef word. Dit word ekstern wanneer die persoon uitdrukking gee daaraan deur dit byvoorbeeld openlik te bespreek, agressief te raak, te huil, te onttrek, ensovoorts. Die aard van jaloesie is dus wel kompleks en moeilik om te beskryf.

Jaloesie is nie net kompleks wat sy elemente betref nie, maar ook as proses. "The process called jealousy begins with perceptions, leading to interpretations, which generate feelings that may or may not be expressed behaviorally" (Constantine 1998:190). 'n Kind wat die persepsie vorm dat 'n broer/ suster moontlik sy verhouding met hulle moeder/ vader bedreig, sal onmiddellik die situasie interpreteer in terme van sy vermoë om sy posisie te beveilig. Die mate waarin hy veilig voel in sy verhouding met die betrokke ouer, sal die mate van jaloesie bepaal (Mathes 1992:155). Verskeie emosionele reaksies en gedragsmanifestasies kan voorkom wanneer 'n persoon jaloesie beleef. Hierdie reaksies is pogings om van die spanning wat jaloesie meebring ontslae te raak (Vollmer 1998:54). "These coping behaviors may be external, designed to change the outside situation, or internal, designed to change the 'inside' situation (Mathes 1992:155). Dit is moeilik om al hierdie aspekte van jaloesie in 'n algemene definisie te omskryf.

### 3.3.2 Verskillende menings oor die oorsaak van jaloesie

White en Mullen (1989:9) definieer jaloesie as "a complex of thoughts, emotions, and actions that follows loss of or threat to self-esteem and/ or the existence or quality of the ... relationship". Hierdie definisie sluit White en Mullen se teorie oor die oorsaak van jaloesie in, omdat hulle meen dat dit moeilik is om 'n definisie te skei van die oorsaaklikheidsteorie wat dit onderlê. Wetenskaplikes stem egter nie ooreen wat die oorsaak /oorsake van jaloesie

betref nie. Volgens Durbin (1998:45) is daar nie 'n enkele oorsaak vir jaloesie nie. "The causes will be as various as people are various". Die moontlike oorsake van jaloesie word in HOOFSTUK 4 bespreek.

### 3.3.3 Die uitdrukkings "jealousy" en "envy" word nie in die literatuur onderskei nie

In die Engelse literatuur word die uitdrukkings "jealousy" en "envy" dikwels afwisselend gebruik. Clanton (1998:305) lewer die volgende kommentaar hierop: "It is widely believed that jealousy and envy are the same emotion. In fact, although jealousy and envy are mixed together in real life, they are responses to quite different situations." Dit is reeds in Hoofstuk 1 beskryf dat ten minste drie partye betrokke is in 'n situasie waar jaloesie voorkom. In die geval van "envy", wat as afguns of benyding vertaal kan word, is twee persone betrokke. Die een persoon beny of is afgunstig op die ander persoon weens een of ander voordeel wat die ander persoon geniet.

"Envy is the angry feeling that another person possesses and enjoys something desirable - the envious impulse being to take it away or to spoil it" (Pines 1998:11). Die afgunstige persoon fokus op iets wat hy nie het nie, terwyl die jaloerse persoon vrees om dit wat hy het te verloor. "Jealousy ... is mainly concerned with love which the individual feels is his due and which has been taken away, or is in danger of being taken" (Pines 1998:11).

Die rede waarom jaloesie en afguns met mekaar verwar word, is dat afguns deel kan wees van die belewing van jaloesie (Parrott 1991:24). Die omstandighede wat tot jaloesie aanleiding gee, moedig vergelyking met die mededinger aan wat kan lei tot afguns. Die jaloerse persoon kan die impuls beleef om sy mededinger te vernietig. Guralnik definieer afguns soos volg: "a feeling of

discontent and ill will because of another's advantages, possessions; resentful dislike of another who has something that one desires" (Bernhard 1986:8). Jaloesie en afguns kan met ander woorde gelyktydig beleef word, maar moet steeds onderskei word as verskillende reaksies (Barker 1987:29).

In 'n studie van Smith et al. (White & Mullen 1989:39) het subjekte verskillende emosies beskryf by die belewing van jaloesie en afguns: "Envy was believed to be more closely associated with feelings of inferiority, dissatisfaction, self-criticism, and motivation to improve, whereas jealousy was believed to be characterized by suspiciousness, rejection, hostility, fear of loss, and hurt".

Parrott (1991:27) maak die volgende onderskeid tussen jaloesie en afguns: "In envy, one's own appraisal leads to dissatisfaction with oneself. In jealousy, the reflected appraisal of another leads to a lack of security and confidence". Salovey en Rothman (1991:276) bevestig bogenoemde deur aan te dui dat alhoewel die selfkonsep in beide gevalle bedreig word, dit in die geval van jaloesie binne die konteks van 'n belangrike verhouding plaasvind, wat nie noodwendig die geval is met betrekking tot afguns nie.

### 3.3.4 Jaloesie is 'n individuele belewenis

Wanneer die vraag gevra word: Wat is jaloesie?, word daar gewoonlik soveel antwoorde geformuleer soos wat daar mense is. Dit is om hierdie rede dat Clanton en Smith (1998:4) jaloesie as 'n Rorschach-woord beskryf. Davitz (Walster & Walster 1998:93) het byvoorbeeld in 'n studie waarin vyftig mense gevra is om jaloesie te beskryf, vyftig verskillende beskrywings gekry. Pines (1998:2) het bykans 'n duisend mense met die bogenoemde vraag genader en net soveel definisies gekry. Dit blyk dat elke mens jaloesie beskou en beleef op

sy/ haar eie unieke wyse. Volgens Barker (1987:11) is elke persoon se belewing van jaloesie uniek, omdat jaloesie uit so 'n groot verskeidenheid komponente bestaan. "Each jealous person has a unique combination of feelings that constantly fluctuates. The ingredients that make up one person's jealousy will probably differ from those that make up jealousy in another". Die belewing van jaloesie verskil met ander woorde nie net van persoon tot persoon nie, maar kan ook by een persoon op verskillende wyses manifesteer. 'n Kind wat jaloesie teenoor 'n broer/ suster beleef sal byvoorbeeld in woede uitbars as gevolg van een situasie, maar dan weer in stilstuipe onttrek weens 'n ander situasie.

### 3.3.5 Jaloesie is 'n uiters persoonlike belewenis

Sokoloff het geskryf: "Jealousy is an enigma, the least known of all human emotions, the least spoken of human reactions" (Walster & Walster 1998:92). Sokoloff het ook geskryf "...jealousy is an emotion of which a great majority of us are somewhat ashamed and which we are ready to conceal as completely as possible... Not only is it the most common human emotion but the most concealed and disguised. It is present when no one suspects its presence, demonstrating itself in the most bizarre ways" (Clanton & Smith 1998:x-xi). Sommige mense voel dat dit "sleg" of abnormaal is om jaloesie te beleef. Hulle beskou jaloesie as 'n persoonlikheidsprobleem - 'n aanduiding van 'n negatiewe selfkonsep (Clanton 1998; Mathes 1992). Dit is hierdie beskouing wat daartoe bydra dat mense nie graag oor hulle belewenisse van jaloesie wil praat nie. Wanneer jaloesie tussen kinders in 'n gesin voorkom, word die ouers dikwels daarvoor geblameer. Die ouers van jaloerse kinders is dus ook nie altyd bereid om dit te erken nie.

## 3.4 JALOESIE IS ALGEMEEN, ONVERMYDELIK EN NOODSAAKLIK IN DIE ONTWIKKELING VAN DIE KIND

Jaloesie is wel 'n negatiewe belewenis, maar dit beteken nie dat jaloesie "sleg" is nie. Jaloesie dra die stigma dat dit 'n teken van persoonlike swakheid is, maar jaloesie speel 'n funksionele rol in elke persoon se ontwikkeling, soos wat in paragraaf 4.4.1 verduidelik sal word. Jaloesie is ook algemeen, omdat alle mense liefde verlang en dit nie altyd ontvang soos verwag word nie. Dit is 'n verstaanbare menslike reaksie om jaloesie te beleef wanneer 'n persoon by wie liefde verlang word se aandag op iemand anders gefokus is.

### 3.4.1 Jaloesie is funksioneel in die kind se ontwikkeling

Jaloesie word deur Erikson as 'n normale deel van die kind se sosio-emosionele ontwikkeling beskryf. Tydens die ontwikkeling van outonomie, wanneer die kind ongeveer twee tot drie jaar oud is, kom jaloesie algemeen voor, omdat die kind kompeteer met sy broers en susters om erkenning by die ouers te kry. "...autonomy concentrates on keeping potential rivals out, and therefore can lead to jealous rage most often directed against encroachments by younger siblings..." (Erikson 1977:230). Volgens Erikson bereik die belewing van jaloesie egter 'n klimaks wanneer die kind ongeveer vier tot vyf jaar oud is en 'n sterk veroweringsdrang beleef. Die kind se drang om te 'verower' behels onder andere dat hy die 'beste' plek in sy moeder se lewe wil verower. In sy moeder se oë wil hy die 'grootste', die 'sterkste' en die 'beste' wees. "Infantile jealousy and rivalry, those often embittered and yet essential futile attempts at demarcating a sphere of unquestioned privilege, now come to a climax in a final contest for a favoured position with the mother; the usual failure leads to resignation, guilt, and anxiety" (Erikson 1977:230). Dit is in hierdie fase dat die kind moet leer om sy moeder met ander te deel. Jaloesie is

funksioneel in hierdie leerproses. "Jealousy is a formative factor as essential as the child-mother relationship itself. It profoundly influences psychic development, character structure, and social adjustment. Its constructive elements should be utilized to the child's benefit and advantage" (Vollmer 1998:64).

Vollmer (1998:53) definieer jaloesie by kinders in 'n gesin soos volg: "Jealousy is a normal response to actual, supposed, or threatened loss of affection. It is based on the child's possessive love for his mother, which lacks the sense of reality and calls for exclusive and unlimited possession of the beloved person and her affection". Barker (1987:7) is van mening dat die meeste mense leer dat hulle geen spesiale regte op 'n ander persoon se liefde het nie; dat die persoon kan kies wie hy/sy liefhet en dat die persoon se liefde met ander mense gedeel moet word. Vollmer (1998:64) beskou hierdie leerproses as 'n noodsaaklike deel van die kind se opvoeding. Die kind moet leer om sy onrealistiese verwagtinge teenoor sy moeder, naamlik dat sy net aan hom behoort, te verander na meer realistiese verwagtinge. Hy moet leer dat daar sekere beperkings is aan die wyse waarop ander mense sy behoeftes kan bevredig. Die wyse waarop die ouers hierdie realiteit by die kind tuisbring, is belangrik vir sy selfkonsepontwikkeling. Hierdie leerproses beteken: "He gradually understands, without resentment that resignation and relinquishment are as inevitable for himself as for others, and do not mean deprivation of love" (Vollmer 1998:64-65). Jaloesie bring die kind met ander woorde tot die besef dat die liefde van 'n ander persoon nie besit kan word nie en dat ander mense nie aan al sy behoeftes kan voldoen nie, net soos hy ook nie aan al die behoeftes van ander mense kan voldoen nie.

### 3.4.2 Jaloesie ontbloot die mens se begeerte om liefde te ontvang

Clanton en Smith (1998:230) maak die stelling: "As long as human beings need affection, there will be some jealousy; it probably cannot be completely eradicated". Jaloesie ontbloot dus die mens se begeerte om liefde te ontvang. Maslow noem dit 'Dependency-based-love' (D-love). Dit is 'n liefde wat gebaseer is op wat die ander persoon kan gee. Hierteenoor is 'Being in love' (B-love) 'n liefde wat die ander persoon se belange op die hart dra. Volgens Maslow is beide hierdie soort liefdes in die mens teenwoordig, maar die meeste mense funksioneer hoofsaaklik met 'n 'D-love' teenoor ander mense (Berscheid & Fei 1998:103). Downing (1998:7) skryf: "It may free us to recognize that in all of us love of others arises out of and remains deeply entwined with love of self". Terwyl volwassewording behels dat die persoon meer realisties word in sy verwagtinge teenoor ander mense, ontbloot die belewing van jaloesie 'n self-liefde by die mens wat moontlik nooit heeltemal uitgewis kan word nie. "In all of us there still lives the child's unregarding possessiveness - the longing for an absolute, certain, and exclusive love. Each of us still experiences the child's greedy passivity, his conviction that *love* means *receiving* love" (Downing 1998:74). Dit is met ander woorde 'n meer self-gerigte 'D-love' wat deur die belewing van jaloesie ontbloot word. La Rochefoucauld het in 1665 geskryf: "There is more self-love than love in jealousy" (Walster & Walster 1998:92).

### 3.4.3 Jaloesie is 'n instinktiewe selfverdedigingsreaksie

Volgens Ellis (1998:173) is dit normaal vir 'n persoon om gefrustreerd te voel wanneer hy nie sy sin kry nie. "It is more or less depriving or frustrating to have your beloved less intensely devoted to you". In 'n gesin is dit met ander woorde normaal vir 'n kind om 'n steek van jaloesie te beleef wanneer 'n ouer

die aandag wat hy wou gehad het aan 'n broer/ suster gee. Clanton en Smith (1998:8-9) stem saam dat die jaloerse impuls normaal is. "The jealous impulse is normal, an instinctive reaction of self-protection".

### 3.4.4 Gevolgtrekking

Jaloesie kan met ander woorde nie in alle gevalle die gevolg wees van 'n negatiewe selfkonsep nie. 'n Persoon met 'n negatiewe selfkonsep sal egter meer geneig wees tot die belewing van jaloesie, omdat hy dikwels onseker voel oor die mate waarin hy deur ander mense aanvaar word. Tydens die belewing van jaloesie sal hy waarskynlik nie daarin kan slaag om 'n selfkonsep in stand te hou nie en sy selfkonsep kan moontlik verder onrealisties negatief word.

In die volgende afdeling sal dit weer eens beklemtoon word hoe belangrik die rol van die ouers is in die beveiliging van hulle kind se selfkonsep tydens die belewing van jaloesie.

## 3.5 DIE WYSE WAAROP DIE SELFKONSEP DEUR DIE BELEWING VAN JALOESIE BEÏNVLOED WORD

Jaloesie kan as 'n verhoudingsprobleem beskou word. Constantine (1998:190) se definisie van jaloesie lui soos volg: "Jealousy is a defensive response to a particular kind of situation, a structural context which is perceived as threatening to a valued relationship: one person is threatened by the loss of something in a relationship with another person through the agency of a third party".

Die rede waarom 'n persoon veral vatbaar is vir jaloesie in die verhoudings wat vir hom belangrik is, is dat hierdie verhoudings die grootste rol speel in die handhawing of versterking van die persoon se selfkonsep (Parrott 1991:17). "Not just any loss of attention produces jealousy; it is the loss of ... 'formative attention' that produces jealousy. Formative attention is attention that sustains part of one's self-concept" (Parrott 1991:16). "Consequently, any such loss of attention signals a threat not only to the relationship but, more important, to an individual's self-evaluation that is, we believe, the central factor in the elicitation of jealousy" (DeSteno & Salovey 1996: 920). Dit is met ander woorde veral die verlies van selfkonsep wat gevrees word tydens die belewing van jaloesie. "Feelings of personal worth and integrity are very much at the core of jealousy problems" (Barker 1987:17). Die mens het ander mense nodig om vir ons te wys wie ons is (Parrott 1991:17). Dit is ook reeds in HOOFSTUK 2 beklemtoon dat die selfkonsep primêr binne interpersoonlike verhoudings ontwikkel. "...in addition to the resources and experiences that may be available in close relationships, these relationships also provide opportunities to negotiate an abstract meaning about the self" (White & Mullen 1989:19). 'n Kind se verhouding met sy ouers is vir hom 'n konstante bron van selfdefinisie (Bringle 1991:126). Skrywers soos Buunk (Clanton 1998:253) en Parrott (1991:17) stem saam dat dit die verlies van die self is wat die grootste bedreiging inhou tydens die belewing van jaloesie. "...threats to one's happiness or self-esteem in connection with a valued relationship are likely to produce more experiences of something called 'jealousy' than the fear that one might actually lose the relationship" (Clanton 1998:253).

White en Mullen (1989:19) omskryf 'n bedreiging van die selfkonsep soos volg: "Theoretically, a threat to self-esteem occurs when a person is at risk of valuing aspects of the self less than previously". Ramm (Bernhard 1986:14) het die verskynsel van jaloesie deur middel van die fenomenologiese metode

ondersoek. Die ondersoek het aan die lig gebring dat die jaloerse persoon se selfkonsep op die volgende wyse bedreig word:

- Hy het homself as die middelpunt van sy geliefde se lewe beskou - 'n sienswyse waardeur sy selfkonsep in stand gehou of versterk is.

- 'n Situasie het opgeduik wat dit egter laat lyk of sy geliefde nou 'n ander persoon bo hom verkies.

- Die jaloerse persoon se sienswyse dat hy sy geliefde se gunsteling is asook sy selfkonsep wat deur die idee in stand gehou is, word gevolglik bedreig.

Carl Rogers (Bernhard 1986:40-41) verklaar die hele belewenis van jaloesie in terme van die bogenoemde teenstrydigheid wat ten opsigte van die selfkonsep ervaar word: "Experiences that are inconsistent with the self-concept constitute threat".

Wanneer die kind jaloesie beleef, kan hy byvoorbeeld dink:

- "My ma is nie meer lief vir my nie!"
- "Ek verdien nie om liefgehê te word nie."
- "My broer is baie beter as ek, daarom hou my ma meer van hom."

Hierdie gedagtes van die kind dui aan hoe sy evaluasies van homself, sy ouers én sy broer/ suster sy selfkonsep negatief kan beïnvloed. Die volgende drie faktore sal met ander woorde 'n rol speel in die wyse waarop die selfkonsep beïnvloed word tydens die belewing van jaloesie:

- Die mate waarin die persoon sy broer/ suster se gelyke voel
- Die mate waarin die persoon 'n realistiese positiewe selfkonsep het
- Die mate waarin die ouers se liefde vertrou word

Ander teorieë wat aandui hoe die selfkonsep negatief beïnvloed kan word, is dié van *Maslow* en *Leary*.

Die sielkundige, Abraham Maslow, het aanvaarding en 'n positiewe selfkonsep as basiese psigologiese behoeftes by die mens beskou. Volgens Maslow se motiveringsteorie vir gedrag, motiveer hierdie behoeftes die mens se gedrag. Indien dié behoeftes tot 'n redelike mate bevredig is, sal die mens gemotiveer wees om selfaktualiserend op te tree. Die motiveringsenergie ontbreek egter wanneer die persoon ongeborge voel en homself in 'n ongunstige lig beskou. In so 'n geval is die persoon eerder geneig om sy energie te gebruik om verdedigingsmeganismes in stand te hou (Bernhard 1986:42-45). Verdedigingsmeganismes help 'n persoon om sy selfkonsep te beskerm in situasies wat sy selfbeskouing bedreig (Maslow 1954:91, 93, 177). Jaloesie is so 'n verdedigingsmeganisme. Volgens Maslow voel die jaloerse persoon dat hy nie toereikend liefde ontvang of behoort nie. "The most obvious example (of insecure love) is jealous behavior. It springs from insecurity and practically always breeds further rejection and deeper insecurity" (Maslow 1954:44).

Leary (1990:221-229) se teorie bevestig Maslow se sienswyse. Leary het uitgebrei op die teorie van Baumeister en Tice dat die mens fundamenteel gemotiveer is om uitsluiting van belangrike groepe te vermy. Leary beweer dat die mens nie net gemotiveer is om sosiale uitsluiting te vermy nie, maar om te beweeg na maksimale insluiting. Leary se sienswyse kom dus in hierdie opsig ooreen met Maslow se motiveringsteorie vir gedrag.

Leary (1990:226) dui die volgende verband tussen sosiale uitsluiting en 'n negatiewe selfkonsep aan: "From the perspective of social exclusion theory,

self-esteem may be conceptualized as an internal, subjective 'marker' that reflects an ongoing assessment of the individual's inclusionary status". Volgens Leary is die mens nie gemotiveer om deur alle mense maksimaal ingesluit te word nie, maar slegs diegene wat 'n belangrike rol in sy lewe speel. Vir jonger kinders sal dit byvoorbeeld baie belangrik wees om maksimaal deur hulle ouers ingesluit te word. Soos die kind ouer word en van sy ouers emansipeer, word sy portuurgroep vir hom belangriker. Hy sal dan veral gemotiveer wees om maksimale insluiting by sy portuurgroep te beleef en om uitsluiting by die groep te vermy.

Leary (1990:225) verduidelik die verdere verband met jaloesie soos volg: "The connection between jealousy and social exclusion is straightforward: at its heart, jealousy arises from the belief that one's inclusionary status in a specific valued relationship is threatened". Daarom beleef 'n kind wat voel dat 'n ouer hom uitsluit as gevolg van 'n broer of suster, jaloesie.

Leary (1990:222) het sosiale insluiting en uitsluiting as twee pole van 'n kontinuum gestel in die volgende tabel. Tussen die twee pole wat maksimale insluiting en maksimale uitsluiting verteenwoordig, lê verskillende grade van insluiting en uitsluiting.

| *Die Insluiting-status-kontinuum* | |
|---|---|
| *Maksimale insluiting* | *Ander soek die individu op.* |
| *Aktiewe insluiting* | *Ander verwelkom die individu.* |
| *Passiewe insluiting* | *Ander laat die individu toe om ingesluit te word.* |
| *Ambivalensie* | *Ander gee nie om of die individu ingesluit of uitgesluit is nie.* |
| *Passiewe uitsluiting* | *Ander ignoreer die individu.* |
| *Aktiewe uitsluiting* | *Ander vermy die individu.* |
| *Maksimale uitsluiting* | *Ander verwerp, verstoot, verdryf of verlaat die individu fisies.* |

Leary gebruik hierdie tabel om te verduidelik dat 'n persoon nie noodwendig die uiterste vorm van verwerping moet beleef alvorens negatiewe reaksies na vore kom nie. 'n Kind kan byvoorbeeld jaloers voel wanneer sy moeder met al die kinders in die gesin speel en nie net met hom alleen nie. In so 'n geval is die kind nie fisies deur sy moeder weggestoot nie. Hy is net *minder* ingesluit as wat hy wou gehad het. Leary gebruik die uitdrukking "perceived inclusionary status" om te verwys na die mate waarin die persoon voel dat hy in- of uitgesluit word. Die mate waarin die persoon se waargenome insluitingstatus minder is as sy verwagte insluitingstatus, sal die aard en intensiteit van die negatiewe reaksie bepaal.

Leary se teorie verduidelik dat indien 'n kind minder aandag van 'n ouer kry as wat hy verwag het, weens die betrokkenheid van 'n broer/ suster, hy jaloesie sal beleef.

## 3.6 SAMEVATTING

In die betrokke hoofstuk is bespreek waarom 'n algemene definisie vir jaloesie ontbreek, maar tog is skrywers dit eens dat jaloesie voorkom wanneer 'n belangrike verhouding deur 'n derde party bedreig word. Die rede waarom 'n verhouding vir 'n persoon belangrik is, is verduidelik, naamlik dat sy selfkonsep deur die verhouding bevestig word. 'n Bedreiging van die verhouding impliseer dus 'n bedreiging van die selfkonsep. Die selfkonsep word bedreig deur stimuli wat moontlik beteken dat idees wat die persoon se selfkonsep in stand gehou het, onwaar kan wees. Die stimuli word onder andere geëvalueer in terme van wat die persoon oor homself, sy ouers en die betrokke broer/ suster glo. Indien sy evaluasies negatief is, byvoorbeeld dat sy ouers meer lief is vir die betrokke broer/ suster, sal sy selfkonsep negatief beïnvloed word.

In die volgende hoofstuk sal sommige van die wyses waarop jaloesie kan manifesteer asook moontlike oorsake vir die verskynsel, bespreek word.

# HOOFSTUK 4

# DIE MANIFESTASIES EN MOONTLIKE OORSAKE VAN JALOESIE

## 4.1 INLEIDING

Die komplekse proses wat jaloesie genoem word, neem 'n aanvang met die persepsie dat 'n belangrike verhouding deur 'n derde persoon in gevaar gestel word. Die persepsie kan gegrond wees op 'n werklike of 'n denkbeeldige gevaarsituasie (Pines 1998:14).

Mathes (1992:155) verduidelik hoe hierdie persepsie tot die belewing van jaloesie lei deur middel van die Kognitief-Fenomenologiese Model van Emosies van Lazarus: Die mens is voortdurend besig om alle stimuli ten opsigte van sy eie welstand te evalueer. Indien hy waarneem dat sy welstand in gevaar is, voel hy gespanne. Hy interpreteer dan die gevaar in terme van sy bevoegdheid om dit te hanteer. "The extent to which an individual is threatened depends upon the individual's estimation of how effective he or she will be in dealing with the stressor" (Mathes 1992:155).

Die emosionele, kognitiewe en fisiese reaksies wat deel is van die jaloesiebelewenis, is dan eintlik pogings om van die spanning ontslae te raak. "The jealous impulse is normal, an instinctive reaction of self-protection" (Clanton & Smith 1998:9).

Kognitief kan die persoon rasioneel of irrasioneel op die waargeneemde gevaarsituasie reageer. "Some people are able to rationalize or control their responses, but many more are unable to handle the feeling safely" (Bernhard 1986:6). Dit is veral moeilik vir jong kinders om hulle gevoelens te beheer en daarom sal jaloesie waarskynlik makliker herkenbaar wees by kinders as by volwassenes (Vollmer 1998:59).

Die spanning wat tussen kinders in 'n gesin ontstaan om 'n ouer se gunsteling te wees, kan op verskeie maniere ontlaai word. "Jealousy is charged with tension, and usually discharges into a variety of reactions" (Vollmer 1998:54). Aggressie - fisies of verbaal - word gewoonlik deur navorsers as 'n maatstaf gebruik vir jaloesie tussen kinders in 'n gesin, maar jaloesie kan ook op baie ander wyses manifesteer. "Like jealous adults, jealous children act, think, and feel in a variety of ways that are not aggressive or overtly competitive" (White & Mullen 1989:88). Jaloerse gedrag word deur Constantine beskryf as "a unique personal statement" (Sharpsteen 1991:43). Die verskillende manifestasies van jaloesie kom selde in isolasie voor. 'n Wye verskeidenheid reaksiepatrone word aangetref wat ook voortdurend kan wissel indien die belewing van jaloesie voortduur.

Die bogenoemde faktore bemoeilik die navorsing van jaloerse gedrag en om hierdie rede word die terrein selde wetenskaplik verken. Tog meen skrywers soos Vollmer (1998:63), dat die korrekte interpretasie van die manifestasies van jaloesie 'n voorvereiste vir die hantering daarvan is. Van die mees algemene manifestasies van jaloesie sal vervolgens bespreek word.

## 4.2 MANIFESTASIES VAN JALOESIE

### 4.2.1 Aandagsoekende gedrag

Kinders reageer gewoonlik met een of ander vorm van aandagsoekende gedrag wanneer hulle jaloesie teenoor 'n broer of suster beleef. Trane, woedebuie, skielike oorafhanklikheid of besitlikheid, hardkoppigheid, oormatige gehoorsaamheid en selfs gesondheidsprobleme kan alles pogings wees om die ouer se aandag te kry (Barker 1987:57). Aandagsoekende gedrag is veral opvallend by oudste kinders wanneer die tweede kind gebore word. Dunn en Plomin (1990:70) het 'n verskeidenheid reaksies by oudste kinders waargeneem. Sommige van die kinders het probeer om deel te wees van die interaksie tussen die moeder en die nuwe baba. Ander kinders het probeer om die interaksie tussen die moeder en die baba te onderbreek en al die aandag op hulleself te vestig "...often with unfortunate results, since they frequently chose to do exactly what annoyed their mothers most". Die mees algemene gedrag by oudste kinders wanneer 'n tweede kind gebore word, is hardkoppige eiesinnigheid. Die kind weier om by reëls of roetine in te val (Allen 1994:41). Navorsing toon dat 50 - 93 % van oudste kinders probleemgedrag openbaar wanneer 'n tweede baba gebore word. Die probleemgedrag het drievoudig toegeneem terwyl die moeder met die baba besig was. Die goeie nuus aan ouers is dat die meeste van hierdie probleme ná ongeveer agt maande verdwyn (White & Mullen 1989:88, 90).

### 4.2.2 Woede en aggressie

*(a)* *Fisiese agressie*

Wanneer fisiese gevaar dreig, word adrenalien in die liggaam afgeskei wat die persoon in staat stel om vinnig op te tree. Jaloesie is 'n psigologiese bedreiging van die kind se selfkonsep wat in baie gevalle die veginstink aanwakker. "Hostility is the most primitive and common reaction of the jealous individual" (Vollmer 1998:54). In 'n studie van Sharpsteen en Schmalz, het 75% van die jaloesie-gevalle wat ondersoek is, woede ingesluit (White & Mullen 1989:39). Dit is ook deur ander navorsers bevind dat woede, meer as enige ander emosie, met die belewing van jaloesie geassosieer word "...the emotion which most characterizes jealousy is anger, anger both against the rival and the beloved, but especially against the beloved." (Mathes 1992:xiii). Die rede waarom 'n jaloerse kind se woede veral gemik sal wees teen die ouer wie se liefde juis verlang word, is dat die kind se selfkonsep deur die spesifieke ouer bedreig is. Mathes, Adams en Davies (Mathes 1992:130-132) het empiries vasgestel dat die verwonding van die selfkonsep tydens die belewing van jaloesie, woede tot gevolg het. "The loss of self-esteem leads to anger".

Dit is veral 'n kind se gevoel dat onreg teen hom gepleeg word, wat sy selfkonsep kan laat skade ly (Smith 1991:82). Oudste kinders kan byvoorbeeld te na gekom voel wanneer die tweede kind gebore word. 'n Oudste kind kan voel dat die ouers dislojaal teenoor hom is om 'n tweede kind in die huis in te bring (Pines 1998:65). Wanneer daar later konfliksituasies tussen die twee kinders ontstaan, is dit dikwels 'n besige moeder se outomatiese reaksie om die oudste kind te berispe - veral as die jonger kind huil. Menige oudste kinders voel daarom dat hulle verontreg is weens die jonger broer of suster se teenwoordigheid (Neill 1998:67). In so 'n geval word woede veral teenoor die ouers beleef en die nuweling word as 'n indringer beskou.

Wanneer die jaloerse kind se woede veral teen 'n broer/ suster gemik is, is die element van afguns wat saam met jaloesie beleef word, waarskynlik groot (Pines 1998:11). Jaloesie noodsaak die kind om homself met sy broer/ suster te vergelyk. Indien dit vir hom lyk of die betrokke broer/ suster een of ander voordeel geniet, word afguns deel van die belewenis van jaloesie (Parrott 1991:23). Afguns kan omskryf word as die kwaadwillige begeerte dat die ander persoon sy voordeel moet verloor (Clanton & Smith 1998:305). Dit is reeds in die eerste hoofstuk verduidelik dat afguns so nou met die belewenis van jaloesie verweef is, dat die uitdrukkings dikwels afwisselend in die literatuur gebruik word. Spinoza (Mathes 1992:132) maak die volgende opmerking: "Anyone who imagines that the thing loved is joined to another than himself with the same or a faster bond of love, he will be affected with hatred towards the object loved and envy towards the other. This hatred towards an object loved, together with the envy of another, is called jealousy". Die verband tussen afguns en woede word soos volg deur Rawls beskryf: "...the better situation of others catches our attention...we are downcast by their good fortune and no longer value as highly what we have; and this sense of hurt and loss arouses our rancor and hostility" (Smith 1991:81).

Die jaloerse kind kan sy ouers of mededinger fisies probeer seermaak deur hulle byvoorbeeld te slaan, te skop of te byt. Fisiese aggressie is egter sosiaal onaanvaarbaar en die meeste ouers tree streng op teen sulke gedrag. Kinders sal om hierdie rede dikwels op indirekte wyses aan hulle haat of ongelukkigheid uitdrukking gee.

*(b)* *Indirekte uitdrukkings van aggressie*

'n Bot, teruggetrokke houding teenoor die ouers of die weiering om met hulle saam te werk kan manifestasies van indirekte aggressie wees. Die kind kan met opset ongehoorsaam wees om sy ouers as't ware te straf vir die onreg wat hy glo hulle hom aandoen. Omdat die kind egter ook lief is vir sy ouers en van hulle afhanklik is, beleef die meeste kinders innerlike konflik en angs wanneer hulle vyandig teenoor hulle ouers optree (Vollmer 1998:55).

Volgens Neill (1998:69) sal die jaloerse kind dikwels vir sy onderdrukte woede teenoor sy moeder probeer vergoed deur juis sorgsaam teenoor haar op te tree. Freud het hierdie soort psigologiese verdedigingsmeganisme as reaksieformasie geïdentifiseer. Deur reaksieformasie beskerm die persoon (in hierdie geval, die kind) homself teen negatiewe gedagtes en gevoelens deur presies die teenoorgestelde op te tree. "...sibling jealousy produces anxieties and guilt, due to actual behavior or aggressive impulses toward one's siblings. These are defended against by developing love (reaction formation) for and identifying with the siblings; such defenses are consciously experienced as group or communal feelings" (White & Mullen 1989:80). 'n Skynbare gehegtheid aan 'n broer/ suster kan met ander woorde 'n beskermingsreaksie wees teen gevoelens van jaloesie teenoor daardie broer/ suster.

Aggressie kan ook verbaal uitgedruk word. Volgens navorsing sal oudste manlike kinders veral deur verbale aanvalle aan hulle aggressie uitdrukking gee (White & Mullen 1989:90). 'n Neerhalende houding teenoor ander kinders in die gesin kan ook 'n aanduiding van jaloesie wees. Vollmer (1998:55) beskryf die geval van 'n dogter wat op 'n oënskynlik onskuldige wyse probeer het om haar baba-boetie leed aan te doen. Sy het hom 'per ongeluk' uit sy

stootwaentjie laat val terwyl sy met hom gespeel het. Sommige kinders fantaseer dat die broer/ suster op een of ander manier 'verdwyn' of doodgaan. Die kind beleef gewoonlik skuldgevoelens wanneer hy hierdie gedagtes koester en hy sal dit graag wil wegsteek, soos Neill (1998:69) illustreer deur die volgende woorde wat 'n seun oor sy broer geopper het: "...no, I wouldn't exactly like him to die; but if he went away on a long , long journey to India or somewhere and came back when he was a man, I'd like that".

*(c)* *'n Algemene aggressiewe houding*

Sommige kinders beskou nie net een broer/ suster as mededinger nie, maar al die kinders in die gesin. 'n Kind kan so besitlik jaloers op 'n ouer wees, dat hy vyandig gesind is teenoor enigeen met wie die betrokke ouer in aanraking kom. In 'n ekstreme vorm van jaloesie, kan dit selfs gebeur dat 'n kind elke ander mens as 'n potensiële mededinger beskou en 'n aggressiewe houding teenoor alle ander mense begin inneem (Vollmer 1998:55).

*(d)* *Selfgerigte aggressie*

Sommige kinders reageer met selfverwyt wanneer dit lyk of 'n ander kind in die gesin voorgetrek word. Die kind redeneer dat as hy 'n 'beter' kind was, die ouer dit nie sou gedoen het nie. Selfhaat lei tot neerslagtigheid, depressie en selfs masochistiese neigings. Vollmer (1998:61 - 62) beskryf die geval waar 'n sewejarige seun gedurig gevegte uitgelok het met ander seuns teen wie hy altyd verloor het. Hy het ook volwassenes wat hy vertrou het gesmeek om hom te slaan. "Without proper treatment this child would probably have grown up to be a typical masochist who finds pleasure only when he is hurt by his love object". Die betrokke seun is in die sorg van 'n oppasster gelaat wat hom streng gestraf

het vir die geringste misstap terwyl die moeder sy ouer broer oral saam met haar geneem het. Vollmer merk op: "It seems that non-aggressive natures, or individuals who in a given situation cannot dare open aggression, find a satisfactory compensation in an opposite trend; namely, in suffering and selfdegradation". 'n Kind wat homself wil straf of verneder vir onreg wat hy glo hom aangedoen word, kan byvoorbeeld 'n houding van volslae onderdanigheid inneem. So 'n kind beleef gerusstelling en sekuriteit deur sy eie persoonlikheid totaal te onderdruk.

### 4.2.3 <u>Onttrekking</u>

Sommige kinders beleef 'n vlug- eerder as 'n veginstink wanneer hulle psigologies bedreig word. Deur te onttrek van die verhouding is een wyse om van die bedreiging weg te vlug. Op hierdie wyse probeer die kind om sy selfkonsep te beskerm. Die kind redeneer dat as hy minder liefhet, hy ook minder sal seerkry. Die kind se fisiese en emosionele afhanklikheid van sy ouers maak dit egter vir hom moeilik om werklik van sy ouers te onttrek. Jong kinders beleef gewoonlik dat dit erger is om sonder 'n ouer klaar te kom as om jaloesie te beleef. 'n Poging tot onttrekking by jonger kinders is daarom tipies van korte duur. Die kind sal byvoorbeeld vir 'n tyd dikmond rondloop of stil-stuipe kry. Soos die kind ouer word en hy toenemend onafhanklik word, word dit vir hom makliker om te onttrek van 'n ouer. Dit is nie altyd duidelik sigbaar vir buitestaanders nie. Soms kan 'n kind se oormatige gehegtheid aan een ouer en 'n emosioneel onverskillige houding teenoor die ander ouer 'n teken wees dat die kind homself van laasgenoemde onttrek het. Sommige kinders onttrek van die hele gesin en die toestand kan selfs ontwikkel tot onttrekking van mense in die algemeen. Die gevolg is 'n alleenkind wat in isolasie lewe (Vollmer 1998:58-59).

### 4.2.4 Repressie

Repressie is 'n ander wyse waarop die kind homself teen die spanning van jaloesie kan beskerm. Dit behels totale ontkenning van die situasie soos wat dit waargeneem word asook die emosies wat daarmee gepaard gaan. Die frustrasie, woede en vrees wat deel kan wees van die jaloesie-belewenis, word dus heeltemal onderdruk. Die kind glo self nie dat hy jaloers is nie en dit mag ook so voorkom vir buitestaanders. "Jealousy, however, probably develops without exception whenever sufficient reason for it exists" (Vollmer 1998:59). Repressie as manifestasie van jaloesie word selde by jong kinders aangetref. Jonger kinders reageer meestal spontaan op dit wat met hulle gebeur. Hulle kry dit nie maklik reg om hulle gevoelens te onderdruk nie. 'n Ouer kind kan egter wel 'n onverskillige houding inneem. Soms kan 'n vae gevoel van aggressie of geïrriteerdheid teenoor 'n broer/ suster egter wel tekens van jaloesie wees (Vollmer 1998:59).

### 4.2.5 Nabootsing

Wanneer 'n broer/ suster die kind se verhouding met sy ouer bedreig, sal hy probeer om die voordeel wat hy glo die broer/ suster by die ouer het, uit te skakel. 'n Jaloerse kind hou dikwels sy mededinger met valkoë dop om te probeer bepaal wat laasgenoemde doen om guns by die ouer te wen (Mathes 1992:159). Hy kan dan soos sy mededinger probeer wees deur sy mededinger se gedrag na te boots.

Wanneer die mededinger 'n baba is, sal die kind weer soos 'n baba begin optree. Die kind word dus meer veeleisend omdat hy byvoorbeeld daarop

aandring om uit 'n bottel te drink, by die ouers te slaap, doek te dra, ensovoorts. Hierdie tipe *regressiewe gedrag* word algemeen by jong kinders aangetref wanneer 'n nuwe baba in die gesin gebore word (Allen 1994; Barker 1987; Vollmer 1998). "In such children a normal maturing process is suddenly interrupted and a relapse into infantile behavior occurs. They refuse solid foods, take milk only from the bottle, want to sleep in a crib, and lose bladder and bowel control. Speech progress is arrested, or an attained level relapses into a more infantile state. Speech defects such as stuttering may even develop" (Vollmer 1998:56).

Wanneer 'n ouer kind nageboots word, kan dit lei tot meer verantwoordelike optrede. In 'n poging om 'n ouer te behaag, kan die kind ook begin om die ouer se gedrag na te boots. 'n Ouer dogter sal byvoorbeeld op presies dieselfde wyse as die moeder verantwoordelikheid neem vir die jonger kinders in die gesin. 'n Seun wat sy vader naboots sal byvoorbeeld 'n dissiplinêre rol inneem teenoor die ander kinders (Vollmer 1998:57). Hierdie tipe optrede kan egter die kind se ontwikkeling strem. Die kind se ontwikkeling word gestrem omdat hy nie daarop fokus om sy eie potensiaal te ontwikkel nie, maar eerder om die kwaliteite van iemand anders in homself te ontwikkel.

### 4.2.6 Perfeksionisme

'n Kind wat sy ouers probeer behaag deur die 'ideale kind' te probeer wees, kan perfeksionisties begin optree (Vollmer 1998:56-57). Perfeksionisme kan die kind se ontwikkeling belemmer omdat hy gedurig fokus op wat hy dink sy ouers van hom verwag. Sodoende word die kind van sy eie identiteit vervreem.

### 4.2.7 Gevolgtrekking

Dit is reeds in die inleiding genoem dat die doel van bogenoemde manifestasies is om van spanning ontslae te raak. Die spanning word meegebring deur die bedreiging van die kind se selfkonsep. Geeneen van hierdie reaksies het egter die verlangde effek nie. Dit bring eerder meer spanning mee en die kind kan moontlik meer negatief as voorheen oor homself voel. Jaloesie is dus 'n belewenis wat die ontwikkeling van die kind se selfkonsep ondermyn.

Indien ouers tekens van jaloesie by hulle kinders opmerk, kan kennis van die moontlike oorsake daarvan die ouers motiveer om met groter begrip op te tree. Die moontlike oorsake van jaloesie sal vervolgens bespreek word.

## 4.3 DIE MOONTLIKE OORSAKE VAN JALOESIE

Dit is reeds bespreek dat jaloesie 'n universele verskynsel is en in baie gevalle hoef dit nie kommerwekkend te wees nie. Volgens Ellis (1998:173) is dit menslik om gefrustreerd te voel wanneer jy nie jou sin kry in 'n verhouding nie. "It is more or less depriving or frustrating to have your beloved less intensely devoted to you". Die kenmerkende "jealous flash" is in baie gevalle net dit - 'n vinnige vlaag van ongemak. In hierdie paar oomblikke van ongemak evalueer die persoon in watter mate hy homself moet beskerm. Indien die persoon besluit dat die situasie nie 'n werklike gevaar vir sy eie welstand inhou nie, kan die flitsende gevoel van jaloesie slegs 'n paar sekondes duur.

Die jaloesie-situasie bly altyd dieselfde: 'n belangrike verhouding word deur 'n derde persoon bedreig. In die geval van 'n kind binne die gesin, word sy verhouding met sy vader en/ of moeder deur 'n broer of suster bedreig. Dit kan

'n werklike of 'n denkbeeldige bedreiging wees. In die geval van 'n werklike bedreiging, veroorsaak eksterne faktore dat die kind jaloers is. 'n Kind kan byvoorbeeld werklik afgeskeep word relatief tot die ander kinders in die gesin. Dit kan egter ook 'n denkbeeldige bedreiging wees wat jaloesie veroorsaak. Die kind kan byvoorbeeld oorsensitief wees in situasies waar ander kinders in die gesin aandag van die ouers ontvang.

In sommige gevalle is daar 'n wisselwerking tussen eksterne en interne faktore wat bydra tot die kind se jaloesie. 'n Kind se ongeborgenheid kan dit byvoorbeeld vir die ouers moeilik maak om liefde teenoor hom te toon, wat weer tot groter ongeborgenheid kan lei. Jaloesie het met ander woorde nie 'n enkele oorsaak nie, maar verskeie moontlike oorsake kan tot jaloesie lei.

Die kind se persepsie van hoe sy ouers oor hom voel in vergelyking met hoe hulle oor die ander kinders in die gesin voel, speel 'n sleutelrol. Purkey (Raath & Jacobs 1990:72) sê: "The critical factor is how the child interprets his parents' view of him". Dunn en Plomin (1990:155) het in hulle navorsing oor broers en susters opgemerk dat die kinders dieselfde gebeurtenis baie verskillend waarneem. "The subjective salience of relationships within the family for each individual child is what is especially brought home to us by the research on nonshared environment". Dunn en Plomin (1990:162) is van mening dat dit eerder die kind se persepsie van 'n gebeurtenis is, as dit wat werklik gebeur het, wat hom beïnvloed. "Experience is the environment as it is perceived". "How children feel about themselves as they grow up, how they approach the world outside the family and deal with the inevitable frustrations and problems, may very well be more clearly linked to how they *feel* they have been loved, appreciated, and valued in earlier years than how an outsider would describe the family relationships" (Dunn & Plomin 1990:76). Dit is egter

moeilik om die persepsies wat kinders vorm oor hulle opvoeding empiries te ondersoek.

### 4.3.1 Eksterne oorsake

(i) Voortrekkery / differensiële ouerlike gedrag

Die bekende Charles Dickens het in sy boek "Great Expectations" geskryf: "In the little world in which children have their existence, whosoever brings them up, there is nothing so finely perceived and so finely felt, as injustice" (Dunn & Plomin 1990:80). Elke mens kan seker getuig van 'n situasie in sy kinderlewe waar hy gevoel het dat sy ouers 'n broer/ suster bo hom bevoordeel het, want geen ouer kan presies dieselfde teenoor sy/ haar kinders optree nie. "The evidence from interviews in the studies of early and middle childhood tells us clearly that both young children and their parents see considerable differences in their behavior to siblings growing up together" (Dunn & Plomin 1990:75).

Die verskynsel dat ouers verskillend optree teenoor die onderskeie kinders in die gesin, word in die literatuur beskryf as differensiële ouerlike gedrag. Dunn en Plomin het bevind (1990:78) dat die kinders se vlak van ontwikkeling 'n moeder se gedrag tot 'n groot mate kan beïnvloed. In een spesifieke studie het die moeders hulle kinders redelik dieselfde behandel op 'n gegewe ouderdom, alhoewel hulle dieselfde kind nie dieselfde behandel het met verloop van tyd nie. 'n Moeder sal byvoorbeeld baie liefdevol wees teenoor haar twaalf maande-oue baba, maar dan weer minder liefdevol teenoor dieselfde kind 'n jaar later. Wanneer die volgende kind twaalf maande oud is, tree sy weer net so liefdevol op teenoor dié kind, soos teenoor die eerste kind op daardie ouderdom. Die oudste kind aanskou dus daagliks hoe sy moeder meer liefdevol

teenoor die jonger kind optree. Dit mag enige hoeveelheid liefde wat hy al ontvang het, wat hom betref, ophef (Dunn & Plomin 1990:79). Die hoeveelheid aandag wat 'n kind van sy ouers kry, relatief tot die hoeveelheid aandag wat 'n broer/ suster kry, is vir hom belangrik. Na aanleiding van die navorsing wat deur Dunn en Plomin (1990:79) gedoen is oor die verskille tussen broers en susters, is die gevolgtrekking gemaak: "...that children are sensitive not only to how their parents relate to them, but also to how their parents relate to their siblings, and that children monitor and respond to that other relationship just as they monitor the relationship between their parents". Dunn en Plomin (1990:72) het ontdek dat kinders fyn ingestel is op gesprekke tussen 'n ouer en 'n broer/ suster en dat hulle dit met toenemende vaardigheid regkry om sodanige gesprekke te onderbreek om die aandag uiteindelik op hulleself te vestig.

Volgens navorsing kry eersgeborenes gewoonlik meer aandag van hulle moeders wanneer hulle alleen met die moeder is, maar relatief minder aandag wanneer 'n jonger broer/ suster teenwoordig is (White & Mullen 1989:72). Dit kan veroorsaak dat die oudste kind verontreg voel. "The relativity of attention, rather than its absolute level, was linked to unpleasant reactions from the child who was receiving relatively less attention" (White & Mullen 1989:91).

Navorsing het bewys dat broers en susters se differensiële ervarings met hul ouers hul psigiese ontwikkeling beduidend beïnvloed, onafhanklik van hul persoonlikheidsverskille. Dunn en Plomin (1990:82-84) het bevind dat verskille in die kinders se selfkonsep korreleer met differensiële ouerlike gedrag. Kinders wat relatief tot die ander kinders in die gesin minder liefde van die moeder ontvang het, se selfkonsep was meer negatief as die selfkonsep van dié kinders wat relatief méér liefde ontvang het. Identiese tweelinge se verslag van hulle ouers se differensiële gedrag, hou verband met verskille in depressie en hulle

selfkonsep. In die mate waarin die ouers die identiese tweeling verskillend behandel het, het hulle verskil. Die verskille in selfkonsep is beduidend, selfs nadat die selfkonsepverskille wat met persoonlikheid verband hou, in ag geneem is. "Other important features of the network of family relationships also contributed to the children's feelings of self-worth, ... but the significance of parental differential behavior stood out" (Dunn & Plomin 1990:84).

By adolessente is 'n verband tussen differensiële ouerlike behandeling en verskille in aanpasbaarheid asook jeugmisdaad gevind. "...both parental and sibling reports indicate that the sibling who has been closest to the mother, who has had more say in family decision making, and has had higher parental chore expectations, as compared to the other siblings, is better adjusted psychologically" (Dunn & Plomin 1990:81). In 'n ander studie is gevind dat kinders wat strenger deur hulle moeders behandel is of minder liefdevol in vergelyking met ander kinders in die gesin, meer geneig was tot angs of depressie. 'n Verband is ook gevind tussen differensiële moederlike gedrag en probleemgedrag. In die geval waar 'n oudste kind strenger deur die moeder behandel is as 'n jonger kind, het eersgenoemde 'n groter mate van anti-sosiale gedrag getoon (Dunn & Plomin 1990:81).

(ii) Die 'onttroning' van die oudste kind

Wanneer in literatuur melding gemaak word van jaloesie tussen kinders in 'n gesin, word die belewing van die oudste kind gewoonlik as prototipe gebruik. Daar word gepraat van die 'onttroning' van die oudste kind wanneer die tweede kind gebore word. Neill (1998:69) stel dit onomwonde: "It is the older child who hates the most". Die rede is voor-die-hand-liggend. Die oudste kind was vir 'n geruime tyd sy ouers se enigste kind. Hy kon aanspraak maak op hulle

onverdeelde aandag. Hy kon selfs onder die indruk verkeer het dat sy moeder sy alleenbesit is! Die oudste kind beleef dus, relatief tot die ander kinders in die gesin, die grootste verlies wat ouerlike aandag betref (White & Mullen 1989:90). Die geboorte van 'n broer/ suster, beteken dat die oudste kind sy eksklusiewe verhouding met sy ouers moet prysgee. Hierdie verlies bring spanning mee en kan selfs traumaties vir die kind wees (Clanton & Smith 1998:50). Simpson verduidelik: "The erstwhile only child on whose tender psyche is suddenly thrust a new baby feels that he has lost his mother. For some days he does not even see his mother during her hospital confinement. When the baby comes home [the older child] is exiled from his mother" (Clanton & Smith 1998:50). "The older child usually believes that mother has eyes only for the newcomer, for the baby sleeps with mother and takes up all mother's attention" (Neill 1998:69). Onder hierdie omstandighede is dit dus te verstane dat die oudste kind die nuwe baba kan wegwens. Empiriese resultate bevestig dat dit veral oudste manlike kinders is wat jaloesie beleef teenoor hulle broers en susters (White & Mullen 1989:90). Navorsing toon ook 'n verband aan tussen die afname in spel tussen 'n moeder en haar eersteling en 'n toename in laasgenoemde se probleemgedrag. Dit kan moontlik verklaar waarom probleemgedrag gewoonlik na sowat agt maande afneem. Die moeder kan gewoonlik tussen ses tot agt maande ná die baba se geboorte meer tyd met die oudste kind spandeer, omdat babas se behoeftes oor die algemeen dan minder dringend is (White & Mullen 1989:91).

Dit is verder empiries bevind dat jaloesie minder algemeen of problematies voorkom in groot gesinne en dat die kinders oor die algemeen meer geborge voorkom in groter gesinne. Een van die moontlike redes vir hierdie verskynsel is dat die kinders tot 'n groter mate op mekaar staatmaak vir ondersteuning as wat die geval is in kleiner gesinne. In kleiner gesinne verwag die kinders tot 'n

groter mate dat die ouers aan al hulle behoeftes moet voldoen (White & Mullen 1989:90).

### 4.3.2 <u>Interne oorsake</u>

(i) <u>Die temperamente van kinders</u>

Daar is vasgestel dat die temperamente van kinders 'n definitiewe rol speel in die hoeveelheid konflik en jaloesie wat tussen kinders in 'n gesin voorkom. Volgens die navorsing van Dunn (White & Mullen 1989:90), sal 'n oudste kind wat angstig en teruggetrokke was reeds vóór die geboorte van die tweede baba, oor die algemeen nie baie liefdevol teenoor die baba optree nie. Die temperament van die nuwe baba speel ook 'n belangrike rol. Lamb (White & Mullen 1989:90) het oudste en tweede kinders se gedrag teenoor mekaar bestudeer toe die tweede kind twaalf en agtien maande oud was. In elke geval was dit eerder die tweede kind se gedrag teenoor die oudste toe eersgenoemde twaalf maande was, wat die aard van hulle verhouding ses maande later bepaal het. Dit blyk dat vriendelike babas die verhouding tussen die oudste en tweede kind vergemaklik.

(ii) <u>Narcisme</u>

"The child is 'narcissistic,' is unquestioningly its own preferred love-object, and so are all of us" (Downing 1998:74). Die kind sou dit verkies dat sy ouers se lewens net om hom draai. Die woede wat dikwels manifesteer tydens die belewing van jaloesie, word deur Hauck (1992:38) in hierdie verband verklaar: Die jaloerse kind dink dat dit sy reg is dat sy ouers hom gelukkig móét maak. Wanneer hulle dit nie doen nie deur aandag aan 'n broer/ suster te gee, hanteer

die kind sy ouers asof hulle 'slegte' mense is wat gestraf behoort te word. Vandaar die woedebuie wat so algemeen met jaloesie gepaard gaan.

(iii) Onrealistiese verwagtinge

Clanton en Smith (1998:50) sê die volgende oor jaloesie by kinders: "Jealousy appears to be almost universal in children. And how could it be otherwise? To the infant, the mother is the principal love object, and, indeed, the center of the world. He comes to see her as *his*; he takes her attention for granted". Om hierdie rede is dit onvermydelik dat elke kind 'n mate van jaloesie beleef wanneer hy moet leer dat sy moeder nie aan hom behoort nie. "If they argue over who gets the most privileges, often they are really trying to decide who is the parents' favorite. The child's response when the parent say no is likely to be, 'How come you like him best?' And the response when given a privilege is often, 'Ha, ha, *my* mom likes me better than you'" (Barker 1987:23).

(iv) Emosionele onvolwassenheid

Jonger kinders het gewoonlik 'n laer toleransie vir frustrasie as gevolg van emosionele onvolwassenheid. Deur ervaring leer hulle egter om hierdie situasies met groter geduld, selfbeheersing en deursettingsvermoë te hanteer. Die kind word met ander woorde emosioneel volwasse soos hy ouer word. Sommige ouer kinders en selfs adolessente het egter steeds 'n lae toleransie vir frustrasie en is om hierdie rede meer vatbaar vir die belewing van jaloesie. "Emotional immaturity relates to the inability to postpone immediate gratification for more significant rewards later" (Barker 1987:62). 'n Kind wat as gevolg van emosionele onvolwassenheid jaloers is, verwag voorkeurbehandeling van sy ouers en kan dit nie verdra indien 'n broer/ suster eerste aandag kry nie.

Sullivan (Mathes 1992:71) stel dit onomwonde: "Jealous people are immature people". Hauck (1992:19) noem so 'n persoon 'selfsugtig': "Die selfsugtige persoon wil sy sin kry sonder dat die behoeftes of begeertes van ander mense in ag geneem word".

(v) 'n Negatiewe selfkonsep

Sommige persoonlikheidseienskappe kan 'n kind meer geneig tot jaloesie maak, soos wanneer hy ongeborge (emosioneel onveilig) voel. So 'n kind het 'n negatiewe selfkonsep, hy twyfel in sy eie vermoëns en is onseker of ander mense hom sal aanvaar. Die gevolg is dat hy afhanklik is van die belangrike persone in sy lewe om hom positief oor homself te laat voel. Albert Ellis het opgemerk: "The person who feels insecure relies on others ... to define his worth or his 'OK-ness'" (Berhard 1986:9). "People with poor self-esteem are constantly on the lookout for where they can get their next power fix from" (Hartley-Brewer 1994:19). In 'n studie van Mathes en Severa (Mathes 1992:104) is bevind dat persone wat afhanklik is van ander vir 'n eie identiteit, veral weerloos is om in verhoudings jaloesie te beleef wanneer die verhouding deur 'n derde persoon bedreig word. "...a sense of inadequacy predisposes an individual to the experience of jealousy. The individual who feels unworthy believes that he or she does not deserve to be loved ..." (Mathes 1992:70). Jung het in sy outobiografie genoem: "...the kernel of all jealousy is lack of love" (White & Mullen 1989:86).'n Kind met 'n negatiewe selfkonsep se liefdesdrang is dus onversadig omdat hy homself nie aanvaar nie. "They fear that the other, more capable children will receive all the available respect and love, thus depriving them of the amounts that they need" (Barker 1987:60). So 'n kind kan baie besitlik en manipulerend teenoor sy ouers optree. Hy kan verwag dat hulle presies moet optree soos wat hy voorskryf, anders voel hy ongelukkig. Die kind

probeer om deur hierdie gedrag vir homself stabiliteit te verseker omdat hy soveel innerlike onsekerheid beleef (Mazur 1998:183). Die besitlike kind is uiters sensitief vir die moontlikheid van skeiding of die verlies van liefde. Hy wil gedurig verseker word van sy ouers se liefde en gerusgestel word dat hulle hom nie sal verlaat nie. Bowlby (Clanton & Kosins 1998:280) noem hierdie besitlikheid "anxious attachment".

Nie alle mense met 'n negatiewe selfkonsep ontwikkel jaloesie-probleme nie (Barker 1987:58). 'n Negatiewe selfkonsep kan egter veroorsaak dat 'n persoon se jaloesie patologiese afmetings aanneem. Patologiese jaloesie is natuurlik meer opvallend as die jaloesie wat deur die meeste mense beleef word, wat eintlik net 'n paar oomblikke van ongemak is. Daarom is baie sielkundiges van mening dat 'n negatiewe selfkonsep die hoofoorsaak of selfs die enigste oorsaak van jaloesie is. Dit is byvoorbeeld reeds twee honderd en vyftig jaar gelede deur Benjamin Franklin geskryf dat die oorsaak van jaloesie 'n persoon se gevoel van onbevoegdheid is (Barker 1987:18). 'n Paar van die hedendaagse sielkundiges wat met hierdie siening saamstem, word vervolgens aangehaal:

- Barker (1987:18): "It is the feeling of inadequacy that is ultimately behind the fear of losing a possession to someone else. The dominating fear is that the rival is more deserving or more capable of acquiring the valued object. The inadequate person can't obtain or retain the valued object through intrinsic merit. It has to be done through manipulation or intimidation".

- Hauck (1992:25): "Jaloesie is altyd dieselfde, ongeag waar jy dit aantref: *(a)* 'n neurotiese behoefte aan goedkeuring, en *(b)* 'n intense minderwaardigheidsgevoel".

- Lobsenz (1998:34): "In all its manifestations, jealousy springs essentially from self-doubt, a lack of self-esteem, feelings of inadequacy - all the things psychotherapists lump under the heading 'low self-image' ".

'n Negatiewe selfkonsep kan egter nie die enigste oorsaak van jaloesie wees, soos sommige skrywers beweer nie, omdat mense met 'n positiewe selfkonsep ook jaloesie beleef (Clanton 1998:272). Dit is wel so dat 'n persoon met 'n negatiewe selfkonsep waarskynlik meer sal ly wanneer hy jaloesie beleef. Die jaloesie kan ook abnormale proporsies aanneem omdat 'n persoon met 'n negatiewe selfkonsep nie oor die nodige innerlike reserwes beskik om die situasie op 'n gesonde wyse te verwerk nie. 'n Ernstige mate van jaloesie word egter dikwels by mense met 'n negatiewe selfkonsep aangetref en dit kan die indruk skep dat 'n negatiewe selfkonsep die jaloesie ten gronde lê. Navorsing kon egter nog nie hierdie oorsaaklike verband vasstel nie. In sommige studies word wel 'n korrelasie tussen jaloesie en 'n negatiewe selfkonsep aangedui, maar korrelasie is nie 'n aanduiding van oorsaak en gevolg nie.

(vi) Samevatting

Uit die literatuur is dit duidelik dat 'n negatiewe selfkonsep 'n persoon meer weerloos maak vir die belewing van jaloesie. Maar aan die ander kant is die belewing van jaloesie ook 'n bedreiging vir die selfkonsep. Indien die persoon nie in staat is om sy jaloesie rasioneel te verwerk nie, sal sy selfkonsep skade ly. 'n Persoon met 'n negatiewe selfkonsep se selfkonsep kan in die teenwoordigheid van jaloesie verder verswak. Daar vind met ander woorde 'n bose kringloop tussen die belewing van jaloesie en 'n negatiewe selfkonsep plaas en dit is moeilik om te bepaal wat eerste plaasgevind het.

In die volgende twee hoofstukke sal die verloop van die ondersoek na die wyse waarop jaloesie tussen kinders in 'n gesin die kind se selfkonsep beïnvloed, beskryf word.

# HOOFSTUK 5

# NAVORSINGSONTWERP EN METODE VAN ONDERSOEK

## 5.1 INLEIDING

Die volgende gegewens wat in die literatuurstudie na vore gekom het, word as van belang beskou vir die empiriese ondersoek:

In HOOFSTUK 3 is jaloesie as 'n proses beskryf wat 'n aanvang neem met die persepsie dat 'n belangrike verhouding deur 'n derde party bedreig word. In 'n gesin beteken dit dat een van die kinders waarneem dat sy verhouding met sy vader/ moeder deur 'n broer/ suster bedreig word. Dit is 'n persepsie wat spanning meebring omdat die verlies van aandag of liefde in 'n belangrike verhouding (soos dié van kind en ouer), die selfkonsep negatief kan beïnvloed (Parrott 1991:17). "However varied the social setting, it will be seen to be the threatened self-esteem, the threatened ego which reacts jealously" (Mead 1998:118).

Die selfkonsep word bedreig wanneer die gevaar bestaan dat 'n persoon homself meer negatief kan beskou as tevore (White & Mullen 1989:19). In 'n gesin kan 'n kind dalk dink dat sy ouers sy broer of suster meer liefhet as vir hom, omdat dit vir hom lyk of die betrokke broer/ suster voorkeur geniet. Jaloesie is dus 'n spanningsreaksie waardeur gepoog word om die selfkonsep te beskerm. Dit moet egter beklemtoon word dat 'n persoon meestal nie bewus is van sy selfkonsep nie. Wanneer psigologiese gevaar dreig, sal 'n persoon

miskien net die ongemak en spanning beleef en nie noodwendig weet hoekom hy so voel nie (Raath & Jacobs 1990:17).

Nadat die kind waargeneem het dat 'n broer/ suster sy verhouding met 'n ouer bedreig, sal hy die omvang van die gevaar probeer bepaal (Mathes 1992:155). Hy kan byvoorbeeld die betrokke ouer se getrouheid bevraagteken. Die mate waarin 'n kind sy ouers se liefde vir hom vertrou, verskaf aan hom psigologiese veiligheid en versterk sy selfkonsep (Erikson 177:224).

'n Positiewe selfkonsep maak 'n kind meer weerbaar tydens psigologiese gevaar. "Individuals with low self-esteem are more vulnerable to the experience of jealousy than individuals with high self-esteem" (Mathes 1992:76). Die stand van die kind se selfkonsep gaan met ander woorde sy reaksie bepaal wanneer 'n broer/ suster sy verhouding met 'n ouer bedreig. Felker verduidelik: "Experiences mold and shape the self-concept, but the self-concept has also an active dynamic role in shaping experiences" (Raath & Jacobs 1990:19). 'n Kind met 'n realistiese positiewe selfkonsep aanvaar sy tekortkominge en verwag dat ander mense hom ook so sal aanvaar (Van den Aardweg & Van den Aardweg 1993:192). "If you have self-esteem you are happy to be you and you believe in your intrinsic value as an unique individual" (Hartley-Brewer 1994:19).

'n Kind se persepsie dat sy broer/ suster sy verhouding met 'n ouer bedreig, veroorsaak dat hy homself noodgedwonge met die betrokke broer/ suster vergelyk. Hy gaan probeer vasstel wat sy broer/ suster klaarblyklik het wat hy nie het nie! Indien gevoelens van minderwaardigheid die gevolg is, het sy selfkonsep skade gely. In twee studies wat deur Salovey en Rodin uitgevoer is, dui die resultate dat jaloesie veral voorkom wanneer die mededinger 'n kwaliteit besit wat die jaloerse persoon minderwaardig laat voel. "The erosion of one's

self-evaluation in the psychological presence of rivals certainly can provoke jealousy when relationships are threatened..." (Salovey & Rodin 1991:411). Die jaloerse kind voel met ander woorde dat sy broer/ suster se meerderwaardigheid wat een of ander kwaliteit betref, hom/ haar 'n groter aanspraak by hulle ouers gee. "The trigger has to be a sibling who is in a position of advantage" (Pines 1998:40). Die rede waarom 'n persoon wat 'n posisie van voordeel geniet so 'n groot bedreiging is, is voor die hand liggend: indien die jaloerse persoon dink dat sy mede-dinger beter is as hy, waarom sal die persoon wat vir hom belangrik is nie ook so dink nie? "They fear that the other, more capable children will receive all the available respect and love, thus depriving them of the amounts that they need" (Barker 1987:60). "Perceiving such a threat makes a person feel insecure about the status of the relationship, and also about the aspects of the self sustained by the relationship" (Parrott 1991:18).

Dit is duidelik uit die literatuur dat die volgende faktore 'n invloed gaan uitoefen op die wyse waarop 'n persoon se selfkonsep beïnvloed gaan word tydens die belewing van jaloesie teenoor 'n broer/ suster:

- Die mate waarin die persoon sy broer/ suster se gelyke voel
- Die mate waarin die persoon 'n realistiese positiewe selfkonsep het
- Die mate waarin die ouers se liefde vertrou word

## 5.2 NAVORSINGSONTWERP EN -METODOLOGIE

Die doel van die empiriese ondersoek is om die wyse waarop die belewing van jaloesie die selfkonsep beïnvloed, te *beskryf*. Geen hipoteses word dus gestel nie. Die keuse van proefpersone asook die metode van ondersoek sal vervolgens beskryf word.

### 5.2.1 Keuse van proefpersone

Vir die doeleindes van die empiriese ondersoek, is 'n groep adolessente genader wat steeds by hulle ouers woon of wat gereelde kontak met hulle gesinne het. Daar is in hierdie eerste fase van die ondersoek nomoteties te werk gegaan. Elke proefpersoon is gevra om die Sibling Relationship Scale (SRS) te voltooi wat 'n aanduiding gegee het van jaloesie en die mate van konflik wat teenoor ander kinders in die gesin beleef is. Die rede waarom adolessente gebruik is en nie jonger kinders nie, is dat laasgenoemde dit gedurende die kwalitatiewe navorsing, byvoorbeeld tydens onderhoudvoering, moeilik sou vind om hulle emosies en gedrag te interpreteer ten opsigte van jaloesie en hulle selfkonsep.

Dit is reeds in paragraaf 3.3.5 gestel dat mense oor die algemeen huiwerig is om te erken dat hulle jaloers is. Deur vir die proefpersone te vra om 'n vraelys oor gesinsverhoudings in te vul, is met ander woorde gepoog om op 'n indirekte wyse vas te stel watter persone waarskynlik jaloesie teenoor 'n broer/ suster beleef of beleef het. 'n Groep van vyftig proefpersone is getoets om die navorser se kanse te verbeter om twee persone te bekom wat volgens die SRS elemente van jaloesie toon en bereid is om as proefpersone vir die verdere navorsing op te tree.

Die resultate is kwantitatief geïnterpreteer en word in HOOFSTUK 6 in tabelvorm aangedui. Daar is beplan om die proefpersone wat volgens die kwantitatiewe interpretasie van die SRS die meeste elemente van jaloesie getoon het te kontak en dan twee persone uit hulle te kies wat aan die verdere navorsing sal deelneem.

### 5.2.2 Beplanning van empiriese navorsing op twee proefpersone

Die ondersoek is hoofsaaklik idiografies uitgevoer, maar behels ook nomotetiese aspekte. Nadat twee proefpersone geselekteer is, is die volgende stappe gevolg:

(i) Die proefpersone het die Adolessente Selfkonsepskaal voltooi. Die ASKS is kwantitatief geïnterpreteer ten opsigte van elke persoon se algemene selfkonsep, asook die wyse waarop elke subtoetstelling daartoe bygedra het. Die subtoetstelling vir die Selfkritiek-dimensie sal bepaal of die persoon se selfkonsep realisties is.

(ii) 'n Onderhoud is met elke proefpersoon gevoer met die doel om:

- die persoon se identifiserende besonderhede en gesinsagtergrond te bekom

- die waarskynlikheid van die belewing van jaloesie teenoor 'n broer/ suster wat deur die SRS aangedui is, te bevestig. (Die items van die SRS is kwalitatief vir hierdie doel ondersoek.)

- die mate waarin die persoon die betrokke broer/ suster se gelyke voel, vas te stel (Sekere items van die SRS het weer eens in hierdie verband as onderwerpe vir die onderhoud gedien.)

- die mate waarin die ouers se liefde vertrou word vas te stel. In hierdie verband is sekere items van die ASKS kwalitatief onder-soek.

## 5.3 MEDIA WAT IN DIE ONDERSOEK GEBRUIK IS

Die volgende media is in die ondersoek gebruik en sal vervolgens beskryf word:

- Sibling Relationship Scale (SRS)
- Adolessente Selfkonsepskaal (ASKS)
- Onderhoudvoering

### 5.3.1 Sibling Relationship Scale (SRS)

(i) Agtergrond en inhoud van die Sibling Relationship Scale

Die SRS is deur D. J. Kosins (1983:122-127) ontwikkel om die intensiteit van waargeneemde konflik tussen kinders in 'n gesin te probeer bepaal. Kosins se skaal is gebaseer op 'n lys familieprobleme wat R. Cattell in 1953 opgestel het sodat sosiale werkers hulle waarnemings in spesifieke gesinsituasies kon afmerk.

Kosins het die skaal gemik op volwassenes wat moes terugdink aan konfliksituasies met ander kinders in die gesin - insluitende kompetering en jaloesie. Die items behandel ook waarskynlike voorwaardes vir jaloesie en verskerpte konflik tussen kinders in 'n gesin. Die voorwaardes is vervolgens:

Item 6: Die ouers vergelyk die persoon met sy broers/ susters of vertel aan hom dat hy soos hulle moet wees.

Item 16: Die ouers trek 'n ander kind in die gesin voor.

Die SRS bestaan uit sewentien vrae wat volgens die 5-punt Likert antwoordformaat ingevul word. Dit behels dat 'n kontinuum met vyf punte gestel word waarvolgens die proefpersoon die intensiteit kan aandui waarmee probleme met broers of susters beleef is.

(ii) Die toepaslikheid van die SRS vir die betrokke studie

Die SRS is in die betrokke studie aangewend om in die eerste plek twee proefpersone te identifiseer wat waarskynlik jaloesie teenoor 'n broer/ suster beleef het of steeds beleef.

In die tweede plek is die response van die twee geselekteerde persone kwalitatief deur middel van onderhoudvoering verken om die waarskynlikheid van jaloesie teenoor 'n broer/ suster te bevestig.

In die derde plek is die response tydens onderhoudvoering verken om te probeer vasstel in watter mate elke proefpersoon die betrokke broer/ suster se gelyke voel.

(iii) Die toepassing en interpretasie van die SRS

Die inleiding tot die instruksies van die SRS dui aan dat konflik met broers en susters 'n baie algemene verskynsel is. Die doel van die inleiding is om aan proefpersone die vrymoedigheid te gee om probleme met ander kinders in die gesin te erken.

Die neiging om sosiaal aanvaarbare response te gee, is verder beperk deur die weglating van 'n neutrale respons. Die moontlike response is die volgende:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| baie klein mate | klein mate | matig | groot mate | baie groot mate |

Die proefpersone moet met ander woorde ten minste 'n baie klein mate van konflik erken.

Met toestemming van Kosins is die SRS in Afrikaans aan die aanvanklike vyftig proefpersone gegee om te voltooi. (Sien BYLAAG A.) Geen tydsbeperking is gestel nie. Die proefpersone moes by elkeen van die 17 items een van die moontlike vyf response wat hierbo aangedui is merk. Tellings is aan die gemerkte items toegeken vanaf 1 tot 5. Die totale telling vir elke toets kan dus enige syfer wees vanaf 17 tot 85 wees. Norme was nie beskikbaar vir die interpretasie van die resultate nie, maar hoër tellings dui op 'n groter waarskynlikheid vir konflik en jaloesie tussen broers en susters in 'n gesin. Die proefpersone met die hoogste totale, wat ook items 6 en 16 tot 'n "baie groot mate" beleef het, is daarom genader vir deelname aan die verdere ondersoek.

Die twee geselekteerde proefpersone se response het verder gedien as riglyne waarvolgens die onderhoude gevoer is.

### 5.3.2 <u>Adolessente Selfkonsepskaal (ASKS)</u>

(i) <u>'n Beskrywing van die Adolessente Selfkonsepskaal</u>

Vrey het op grond van sekere dimensies van die selfkonsep 'n vraelys ontwerp vir adolessente, waarvolgens die algemene selfkonsep bepaal kan word, hetsy 'n lae, 'n gemiddelde of 'n hoë selfkonsep. Die betrokke dimensies soos deur Vrey (s.a.:3) onderskei, word vervolgens aangedui:

- fisieke self (die self in verhouding tot die liggaamlike)
- persoonlike self (die self in sy eie psigiese verhoudinge)
- gesin-self (die self in gesinsverhoudinge)
- sosiale self (die self in sosiale verhoudinge)
- sedelike self (die self in verhouding tot sedelike norme)
- selfkritiek

Die ASKS bevat 100 items. Elke item behandel twee kontrasterende beskrywings, gemerk A en B, van 'n persoon met 'n positiewe selfkonsep en 'n persoon met 'n negatiewe selfkonsep. A en B is egter nie dieselfde persoon vir elke item nie. Die items word ook nie gegroepeer ten opsigte van die onderskeie dimensies van die selfkonsep nie, maar is toevallig gerangskik.

Die tellings wat vir die onderskeie dimensies behaal word, gee 'n aanduiding van die wyse waarop elkeen van hierdie dimensies die totale selfkonsep beïnvloed. Kennis van die selfkonsep is volgens Vrey (s.a.:1) nuttig, "aangesien die aanduidings onmiskenbaar is dat dit verband hou met persoonlikheidsafwyking en gedragsprobleme, sowel as met besondere prestasies en volharding".

(ii) <u>Die toepaslikheid van die ASKS vir die betrokke studie</u>

Dit is reeds bespreek dat 'n realistiese positiewe selfkonsep die persoon weerbaar maak tydens die belewing van jaloesie, sodat 'n verlies van selfkonsep nie plaasvind nie. 'n Persoon met 'n realistiese positiewe selfkonsep beleef jaloesie gewoonlik net as 'n vlietende oomblik van ongemak. In 'n gesin sal 'n kind met 'n realistiese positiewe selfkonsep byvoorbeeld verseker wees

van sy ouers se liefde, ongeag die aandag wat hulle aan 'n broer/ suster gee. Al voel die betrokke kind dalk met tye jaloers op die aandag wat 'n broer/ suster van sy ouers kry, kan hy sy ongemak positief verwerk binne die groter belewenis van geborgenheid in sy verhouding met sy ouers. Die belewing van jaloesie is met ander woorde net tydelik van aard. Dit het nie 'n langdurige effek op sy verhoudings met die ander gesinslede nie. Sy selfkonsep word ook nie op 'n permanente wyse negatief deur die belewenis beïnvloed nie.

Die twee proefpersone wat as deel van die kwantitatiewe ondersoek aangedui het dat hulle waarskynlik jaloesie teenoor 'n broer/ suster beleef of beleef het, het die ASKS voltooi. Indien 'n proefpersoon oor 'n realistiese positiewe selfkonsep beskik, kan dit 'n aanduiding wees dat enige jaloesie wat as kind beleef is, waarskynlik te bowe gekom is, veral as die persoon se telling in die gesinsdimensie ook gemiddeld of positief is.

(iii) <u>Toepassing en interpretasie van die ASKS</u>

Tydens die aflê van die toets is geen tydsbeperking gestel nie, maar die proefpersone moes so vinnig as moontlik werk. Na gelang van die beskrywing waarmee elke proefpersoon die meeste identifiseer, moes hy by elke item A of B met 'n kruis merk. Die response wat ooreenstem met 'n persoon met 'n positiewe selfkonsep, verdien telkens 'n telling. Laasgenoemde response word deur Vrey (s.a.:12) in sy handleiding aangedui. Die twee proefpersone se algemene selfkonseptellings is kwantitatief geïnterpreteer met behulp van die volgende norme, soos aangegee deur Vrey (s.a.:21). Die wyse waarop die rutellings in stanegetellings omgesit kan word, is ook aangedui:

| | Laag | Medium | Hoog |
|---|---|---|---|
| **RU-TELLINGS** | 38 - 62 | 63 - 78 | 79 - 92 |
| **STANEGE** | 1, 2, 3 | 4, 5, 6 | 7, 8, 9 |

Om 'n aanduiding te kry van die wyse waarop die onderskeie dimensies van die persoon se selfkonsep - en veral dan sy gesinselfkonsep - sy algemene selfkonseptelling beïnvloed, is die subtoetstellings kwantitatief en kwalitatief geïnterpreteer.

Die normgroep van die ASKS is eerstejaar-Afrikaanssprekende onderwys-studente. Die proefpersone se subtoetstellings is kwantitatief met die tellings van die normgroep vergelyk, omdat die proefpersone se omstandighede met betrekking tot hulle gesinne, met dié van die normgroep ooreenstem. Beide groepe is adolessente wat hulle skoolopleiding suksesvol voltooi het maar steeds ekonomies afhanklik van hulle ouers is en daarom nog gereelde kontak met hulle ouerhuise het (Vrey s.a.:9).

Die volgende tabel toon die totale aantal items wat elke subtoets bevat en die gemiddelde tellings wat deur die normgroep vir elke subtoets behaal is (Vrey s.a.:11-12):

| Dimensies van die selfkonsep | Totale aantal items | Normgroep - response |
|---|---|---|
| Subtoets A: fisieke self | 18 | 12,635 |
| Subtoets B: persoonlike self | 18 | 12,638 |
| Subtoets C: gesin-self | 18 | 14,372 |
| Subtoets D: sosiale self | 18 | 12,663 |
| Subtoets E: sedelike self | 18 | 12,284 |
| Subtoets F: selfkritiek | 10 | 6,103 |

Die kwalitatiewe interpretasie van die proefpersone se subtoetstellings het geskied op grond van die individuele items wat vir elke dimensie van die selfkonsep gemerk is asook gegewens wat tydens onderhoudvoering ingesamel is.

Tydens die kwalitatiewe interpretasie van die onderskeie dimensies van die selfkonsep, is veral klem gelê op die gesinself-dimensie, om die mate waarin die ouers se liefde vertrou word, te probeer vasstel.

### 5.3.3 <u>Onderhoudvoering</u>

(i) <u>'n Beskrywing van onderhoudvoering as navorsingstegniek</u>

Onderhoudvoering as navorsingstegniek is nie 'n gewone gesprek nie, maar eerder 'n "goal directed attempt by the interviewer to obtain reliable and valid measures in the form of verbal responses from one or more interviewees" (Van den Aardweg & Van den Aardweg 1993:121).

(ii) Die toepaslikheid van onderhoudvoering vir die betrokke studie

Dit is reeds in paragraaf 3.3.4 bespreek dat jaloesie 'n subjektiewe belewenis is. Die wyse waarop die selfkonsep deur die jaloesie beïnvloed word, sal ook 'n subjektiewe belewenis wees. "A wide range of feelings, behaviors, and cognitions may follow the appraisal of a jealous situation" (Sharpsteen 1991:43). Om hierdie rede is besluit om elke proefpersoon se eie unieke belewenis van jaloesie en sy selfkonsep ten opsigte van sy gesin deur middel van onderhoudvoering te ondersoek. Onderhoudvoering is dus as die hoofwyse van data-insameling gebruik.

Daar is meer spesifiek van die *begeleide benadering* gebruik gemaak om die doel van die ondersoek te bereik. Laasgenoemde is 'n kwalitatiewe onderhoudvoeringstegniek waardeur die onderwerpe wat bespreek gaan word vooraf bepaal is, maar die volgorde en bewoording van vrae vind spontaan tydens die onderhoud plaas (Schumacher & McMillan 1993:426).

(iii) Die wyse waarop die begeleide benadering vir onderhoudvoering toegepas is

Die items van die Sibling Relationship Scale waardeur die proefpersone 'n "groot mate" tot 'n "baie groot mate" van konflik met 'n broer/ suster aangedui het, is in verdere diepte deur middel van onderhoudvoering ondersoek. Sekere items van die Adolessente Selfkonsepskaal is ook kwalitatief met behulp van onderhoudvoering ondersoek. Bogenoemde items van die SRS en die ASKS het met ander woorde as onderwerpe vir die onderhoudvoering gedien.

Tydens die onderhoudvoering is ook veral gefokus op die volgende aspekte wat 'n invloed kan uitoefen op die wyse waarop 'n persoon se selfkonsep beïnvloed word tydens die belewing van jaloesie (soos bespreek is in die inleiding van hierdie hoofstuk):

- Die mate waarin die persoon sy broer/ suster se gelyke voel
- Die mate waarin die persoon 'n realistiese positiewe selfkonsep het
- Die mate waarin die ouers se liefde vertrou word

## 5.4 SAMEVATTING

As inleiding tot die hoofstuk is uit die literatuur beklemtoon hoe die jaloerse persoon se evaluasies van homself en van die ander betrokkenes die wyse waarop sy selfkonsep beïnvloed gaan word, bepaal. Indien die persoon nie sy ouers se liefde kan vertrou tydens die belewing van jaloesie nie, sal sy selfkonsep waarskynlik skade ly. Indien die persoon reeds 'n negatiewe selfkonsep het, sal die belewing van jaloesie waarskynlik sy negatiewe selfbeskouing bevestig of selfs vererger. 'n Gevoel van minderwaardigheid teenoor die betrokke broer/ suster tydens die belewing van jaloesie, is 'n aanduiding dat die persoon se selfkonsep negatief beïnvloed is deur sy jaloesie. Die wyse waarop elke proefpersoon se selfkonsep deur die belewing van jaloesie teenoor 'n broer/ suster beïnvloed is, is ten opsigte van die bogenoemde faktore ondersoek. Die navorsings-ontwerp en -metodologie is in die betrokke hoofstuk bespreek, asook die keuse van proefpersone en die media wat vir die doel van die ondersoek geselekteer is.

In HOOFSTUK 6 sal die interpretasie van die gegewens wat ingesamel is, bespreek word.

# HOOFSTUK 6

# INTERPRETASIE VAN DIE EMPIRIESE GEGEWENS

## 6.1 INLEIDING

Die twee gevallestudies wat in hierdie hoofstuk behandel sal word ten opsigte van hulle belewing van jaloesie, is gekies uit 'n groep van vyftig adolessente. Die groep het die SRS voltooi en hulle resultate is kwantitatief geïnterpreteer. Hoe hoër 'n persoon se totaal vir die toets, hoe groter die waarskynlikheid vir jaloesie en konflik in 'n verhouding met 'n broer/ suster, veral as die persoon ook hoë tellings behaal het vir items 6 en 16 (op 'n skaal van 1 tot 5). Die laasgenoemde twee items (paragraaf 5.3.1) word as voorvereistes vir die belewing van jaloesie beskou (Kosins 1983:123).

Die proefpersone word numeries op TABEL 6.1 (sien volgende bladsy) voorgestel vanaf die persoon wat die hoogste telling behaal het tot die persoon wat die laagste telling behaal het. Uit die resultate blyk dit dat proefpersone 1, 2, 3 en 8 ideale proefpersone kan wees vir die verdere ondersoek. Hierdie vier persone is gekontak met die versoek om aan die verdere verloop van die ondersoek deel te neem. Persoon 1 (Chris*) en Persoon 3 (Mike*) het ingestem.

Die wyse waarop die belewing van jaloesie teenoor 'n broer/ suster 'n persoon se selfkonsep beïnvloed, sal ná die tabel beskryf word soos dit voorgekom het in die lewens van die twee adolessente seuns, Chris en Mike.

---

* skuilnaam

TABEL 6.1

| Proef-persone | Items | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | **1** | **2** | **3** | **4** | **5** | **6** | **7** | **8** | **9** | **10** | **11** | **12** | **13** | **14** | **15** | **16** | **17** | **Totaal** |
| **1** | 3 | 3 | 5 | 4 | 5 | 5 | 4 | 5 | 1 | 4 | 5 | 5 | 5 | 4 | 5 | 5 | 1 | **69** |
| **2** | 3 | 3 | 4 | 5 | 5 | 5 | 3 | 3 | 3 | 5 | 4 | 2 | 5 | 3 | 5 | 5 | 4 | **67** |
| **3** | 5 | 3 | 2 | 1 | 5 | 5 | 1 | 4 | 2 | 5 | 5 | 5 | 4 | 3 | 5 | 5 | 1 | **61** |
| **4** | 1 | 5 | 5 | 4 | 5 | 2 | 3 | 1 | 5 | 3 | 2 | 3 | 5 | 5 | 4 | 5 | 1 | **59** |
| **5** | 4 | 1 | 1 | 2 | 5 | 5 | 5 | 1 | 5 | 1 | 1 | 1 | 5 | 5 | 5 | 3 | 5 | **55** |
| **6** | 5 | 3 | 5 | 4 | 2 | 3 | 5 | 1 | 1 | 1 | 5 | 1 | 1 | 5 | 5 | 1 | 2 | **50** |
| **7** | 3 | 2 | 3 | 5 | 4 | 3 | 4 | 2 | 1 | 1 | 1 | 2 | 2 | 4 | 5 | 4 | 3 | **49** |
| **8** | 1 | 3 | 1 | 4 | 1 | 5 | 3 | 1 | 3 | 4 | 3 | 1 | 3 | 3 | 4 | 5 | 4 | **49** |
| **9** | 1 | 2 | 2 | 4 | 3 | 3 | 3 | 5 | 3 | 3 | - | 2 | 5 | 4 | - | 4 | 5 | **49** |
| **10** | 1 | 3 | 1 | 3 | 4 | 3 | 3 | 3 | 3 | 3 | 5 | 4 | 2 | 3 | 4 | 2 | 2 | **49** |
| **11** | 3 | 5 | 1 | 2 | 1 | 5 | 2 | 5 | 2 | 1 | 3 | 1 | 4 | 3 | 5 | 1 | 5 | **46** |
| **12** | 3 | 2 | 2 | 1 | 5 | 2 | 2 | 3 | 2 | 1 | 4 | 3 | 3 | 2 | 5 | 2 | 4 | **46** |
| **13** | 5 | 4 | 2 | 2 | 3 | 1 | 1 | 1 | 2 | 5 | 3 | 1 | 3 | 1 | 5 | 1 | 2 | **42** |
| **14** | 4 | 3 | 1 | 1 | 2 | 1 | 3 | 2 | 2 | 5 | 1 | 1 | 5 | 2 | 5 | 1 | 3 | **42** |
| **15** | 4 | 1 | 1 | 2 | 3 | 4 | 2 | 1 | 2 | 5 | 1 | 1 | 5 | 2 | 4 | 2 | 2 | **42** |
| **16** | 3 | 2 | 2 | 3 | 2 | 3 | 2 | 2 | 2 | 3 | 1 | 2 | 4 | 2 | 4 | 1 | 3 | **41** |
| **17** | 4 | 5 | 1 | 2 | 2 | 1 | 3 | 1 | 2 | 3 | 1 | 1 | 3 | 1 | 5 | 1 | 4 | **40** |
| **18** | 4 | 3 | 2 | 3 | 2 | 1 | 1 | 2 | 2 | 3 | 3 | 2 | 3 | 2 | 3 | 1 | 2 | **39** |
| **19** | 2 | 2 | 3 | 4 | 2 | 1 | 2 | 3 | 3 | 2 | 1 | 1 | 2 | 2 | 4 | 1 | 3 | **38** |
| **20** | 1 | 2 | 1 | 4 | 3 | 3 | 1 | 1 | 1 | 2 | 3 | 2 | 3 | 1 | 5 | 4 | 1 | **38** |
| **21** | 3 | 4 | 4 | 2 | 1 | 1 | 1 | 1 | 2 | 1 | 3 | 1 | 2 | 2 | 5 | 2 | 3 | **38** |
| **22** | 4 | 3 | 3 | 1 | 1 | 1 | 2 | 1 | 2 | 5 | 1 | 3 | 4 | 2 | 2 | 1 | 1 | **37** |
| **23** | 1 | 1 | 3 | 4 | 1 | 1 | 5 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 3 | 3 | 5 | 3 | **36** |
| **24** | 5 | 3 | 1 | 1 | 2 | 1 | 1 | 2 | 3 | 2 | 3 | 1 | 1 | 1 | 3 | 2 | 3 | **35** |
| **25** | 1 | 2 | 2 | 4 | 1 | 3 | 1 | 1 | 1 | 2 | 1 | 1 | 4 | 4 | 2 | 3 | 2 | **35** |
| **26** | 3 | 2 | 2 | 2 | 3 | 1 | 2 | 1 | 2 | 3 | 1 | 1 | 3 | 1 | 3 | 2 | 2 | **34** |
| **27** | 1 | 3 | 1 | 1 | 4 | 4 | 2 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 3 | 2 | 5 | 1 | 2 | **34** |
| **28** | 3 | 3 | 1 | 3 | 1 | 4 | 2 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 3 | 1 | 3 | 3 | 1 | **33** |
| **29** | 1 | 3 | 1 | 5 | 1 | 1 | 5 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 5 | 1 | 3 | 1 | 1 | **33** |
| **30** | 2 | 4 | 2 | 2 | 1 | 3 | 1 | 1 | 2 | 1 | 2 | 2 | 1 | 1 | 4 | 2 | 2 | **33** |
| **31** | 1 | 3 | 1 | 1 | 4 | 3 | 1 | 1 | 1 | 1 | 2 | 3 | 3 | 1 | 4 | 1 | 2 | **33** |
| **32** | 5 | 4 | 1 | 1 | 3 | 1 | 1 | 1 | 3 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 3 | 3 | 1 | **32** |
| **33** | 1 | 3 | 1 | 2 | 4 | 3 | 2 | 1 | 1 | 1 | 2 | 1 | 1 | 2 | 5 | 1 | 1 | **32** |
| **34** | 4 | 3 | 1 | 2 | 3 | 2 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 3 | 2 | 2 | 1 | 1 | **30** |
| **35** | 2 | 1 | 1 | 1 | 3 | 2 | 1 | 1 | 1 | 5 | 1 | 2 | 1 | 1 | 5 | 1 | 1 | **30** |
| **36** | 4 | 3 | 1 | 2 | 2 | 1 | 1 | 1 | 2 | 1 | 1 | 1 | 1 | 2 | 3 | 2 | 1 | **29** |
| **37** | 1 | 4 | 1 | 1 | 4 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 2 | 1 | 1 | 1 | 5 | 1 | 1 | **28** |
| **38** | 2 | 2 | 1 | 1 | 3 | 1 | 3 | 1 | 1 | 3 | 1 | 1 | 1 | 1 | 4 | 1 | 1 | **28** |
| **39** | 1 | 3 | 2 | 2 | 3 | 1 | 2 | 2 | 1 | 1 | 2 | 1 | 1 | 1 | 3 | 1 | 1 | **28** |
| **40** | 2 | 3 | 1 | 1 | 1 | 2 | 1 | 1 | 2 | 1 | 2 | 1 | 2 | 2 | 2 | 1 | 1 | **26** |
| **41** | 2 | 3 | 1 | 1 | 2 | 2 | 1 | 1 | 1 | 1 | 2 | 1 | 2 | 1 | 3 | 1 | 1 | **26** |
| **42** | 1 | 3 | 1 | 2 | 3 | 1 | 1 | 1 | 1 | 2 | 1 | 1 | 1 | 1 | 3 | 1 | 1 | **25** |
| **43** | 3 | 1 | 1 | 1 | 2 | 1 | 1 | 2 | 1 | 1 | 2 | 1 | 1 | 1 | 3 | 1 | 2 | **25** |
| **44** | 1 | 2 | 1 | 1 | 1 | 2 | 1 | 1 | 2 | 1 | 1 | 1 | 3 | 1 | 2 | 1 | 2 | **24** |
| **45** | 1 | 1 | 1 | 1 | 3 | 2 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 2 | 1 | 3 | 1 | 1 | **23** |
| **46** | 1 | 2 | 1 | 2 | 1 | 3 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 2 | 1 | 1 | **22** |
| **47** | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 5 | 1 | 1 | 2 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | **22** |
| **48** | 2 | 1 | 1 | 2 | 2 | 1 | 2 | 1 | 1 | 1 | 2 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | **22** |
| **49** | 2 | 1 | 1 | 2 | 1 | 1 | 1 | 1 | 2 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 2 | 1 | 1 | **21** |
| **50** | 1 | 3 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 2 | 1 | 1 | 1 | 1 | 2 | 1 | 1 | 1 | **21** |

## 6.2 IDIOGRAFIESE STUDIE VAN MIKE SE BELEWING VAN JALOESIE EN DIE WYSE WAAROP SY JALOESIE SY SELFKONSEP BEÏNVLOED

### 6.2.1 Identifiserende besonderhede

| | |
|---|---|
| Naam: | Mike |
| Geslag: | Manlik |
| Ouderdom: | 19 |
| Beroep: | Mike het in 2002 matriek geslaag en studeer nou regte. |

### 6.2.2 Gesinsagtergrond

Mike se ouers is vyf jaar gelede geskei, waarna sy moeder weer getroud is. Mike het 'n vierjarige stiefbroer wat uit sy moeder se tweede huwelik gebore is. Mike woon by sy tweede huwelik-gesin. Sy biologiese vader is enkellopend en woon in 'n ander provinsie, waar Mike hom gereeld besoek. Hulle gesels dikwels telefonies met mekaar.

Mike se stiefvader spandeer die grootste deel van die jaar in die buiteland en daarom funksioneer die gesin hoofsaaklik as 'n enkelouer-gesin. Mike se moeder bedryf 'n besigheid van die huis af. Sy leun swaar op Mike om haar te help met die huishouding en sy broer se versorging. Mike het groot waardering en bewondering vir sy moeder. Dit blyk dat hy trots is daarop om vir haar 'n steunpilaar te wees.

Mike kom gemaklik met sy stiefvader oor die weg. Dit blyk dat daar wedersydse begrip tussen hulle is, want Mike waardeer die wyse waarop sy

stiefvader teenoor die gesin optree. Sy stiefvader probeer nie inmeng in sy lewe nie.

Dit is eerder sy stiefbroer wat Mike soms kan irriteer. Volgens Mike is sy broer 'n bedorwe brokkie, want hy manipuleer die volwassenes om sy sin te kry. Mike voel egter nie afgeskeep deur sy moeder as gevolg van sy broer nie. Hy beleef dat hy enige tyd met sy moeder kan gesels. Hy waardeer dit dat sy hom toelaat om toenemend selfstandig op te tree. Sy ondersteun hom in alles wat hy doen. Wanneer sy moeder afwesig is, is dit eerder as gevolg van haar besigheid en nie omdat sy aandag aan sy broer gee nie. Die wyse waarop Mike se moeder hom betrek het by sy broer se versorging en opvoeding, laat hom tot 'n groot mate in beheer voel van sy broer se manipulasie. Hy het sy broer byvoorbeeld al pak gegee wanneer laasgenoemde volgens hom te erg raak. Mike laat dit nie blyk dat hy bedreig voel deur sy broer of hom vyandig gesind is nie. Dit is wel moontlik dat hy sy posisie by sy moeder verdedig deur homself onmisbaar te maak. Die vraag ontstaan of hierdie 'n geval van reaksieformasie is waar die persoon sy jaloesie verbloem deur hulpvaardig op te tree.

Dit is opsigtelik dat Mike vyandig was teenoor sy suster toe hulle kinders was. Dit blyk dat Mike se vader grootliks hiertoe bygedra het. Mike was nie altyd so geborge in sy verhouding met sy vader soos dit tans die geval is nie. Mike se vader wou gehad het dat hy op skool so goed akademies moes presteer soos sy suster. Hy het Mike probeer motiveer deur sy punte op 'n negatiewe wyse met dié van sy suster te vergelyk. Dit het Mike verder ontmoedig. Hy het eerder sy aandag aan sport en sy musiekloopbaan gewy. (Dit is Mike se droom om sy eie musiekgroep te stig.) Mike het altyd gevoel dat hy sy posisie by sy vader en oupa teen sy suster moet verdedig. Die vyandskap wat Mike teenoor sy suster beleef het, was skynbaar wedersyds. Mike vertel dat hulle

voortdurend baklei het. Wanneer sy suster neerhalend en afbrekend teenoor hom opgetree het, was hy woedend. Hy het egter nooit bedreig gevoel ten opsigte van hulle moeder nie, omdat sy suster en moeder blykbaar nooit 'n goeie verhouding gehad het nie.

Mike se negatiewe houding teenoor sy suster het skynbaar drasties verander ná sy ouers se egskeiding. Skielik het sy vader hom begin voortrek. Hy is ook baie bederf deur sy oupa. Mike meen dat hy sy oupa se gunsteling kleinkind is, omdat hy sy oupa se name het. Sy suster kon hulle ouers se egskeiding nie verwerk nie en sy het onttrek van die gesin. Al die aandag wat Mike van sy vader en oupa gekry het en steeds kry, versterk klaarblyklik sy selfkonsep. Mike se vader doen steeds baie moeite om hom te betrek by al sy doen en late, al is dit net deur Mike telefonies daaroor in te lig. Dit is duidelik dat Mike se suster vir hom glad nie meer 'n bedreiging inhou wat sy vader en oupa betref nie. Behalwe dat sy vader en oupa se toegespitste aandag sy selfkonsep versterk het, het Mike dit ook reggekry om beter matriekuitslae as sy suster te behaal. Hy voel klaarblyklik nie meer minderwaardig op hierdie gebied nie. Mike het skynbaar sy eie talente begin raaksien en hy vergelyk homself nie meer soveel met sy suster as in die verlede nie.

### 6.2.3 Mike se belewing van jaloesie teenoor sy broer en suster, soos dit blyk uit die Sibling Relationship Scale

Mike se response ten opsigte van die SRS bevestig die agtergrondsinligting. Tydens die onderhoudvoering het dit aan die lig gekom dat Mike item 6 van die SRS met betrekking tot sy suster gemerk het. Mike meen dat sy vader hom tot 'n "baie groot mate" met sy suster vergelyk het toe hulle kinders was. Hy het item 16 met betrekking tot sy broer gemerk. Volgens Mike word sy laatlam-boetie tot 'n "baie groot mate" deur sy moeder en stiefvader

voorgetrek. Hiermee bedoel hy dat sy broer maklik sy sin kry. Mike word opsigtelik geïrriteer deur sulke gedrag, maar daar is nie tekens van wrewel by hom te bespeur nie. Hy wys daarop dat hy sélf ook gewoonlik sy sin kry en dat sy vader hom voortrek. Tog kom dit voor of Mike sy posisie ten opsigte van sy moeder beskerm deur die rol van 'n onmisbare steunpilaar te speel. Mike het geen ander item, behalwe item 16 ten opsigte van sy broer gemerk nie. Die ander items sal met ander woorde ten opsigte van Mike se verhouding met sy suster bespreek word. (Die SRS word in geheel, soos Mike dit ingevul het, in BYLAAG A.1 aangedui.)

Item 1

Mike dui aan dat hy tot 'n "baie groot mate" met sy suster gekompeteer het toe hulle kinders was. Hy het onmiddellik bedreig gevoel wanneer sy aandag by hulle oupa of vader gekry het. Hy het dan gewoonlik iets gedoen om die aandag op homself te vestig, al was dit negatiewe aandag. Mike het in sy matriekjaar begin presteer. Dit was vir hom 'n aansporing om sy suster se matriekuitslae te probeer klop. Mike het in sy doel geslaag en hy is baie trots daarop.

Items 7, 8 en 14

Mike kon dit kleintyd nie verdra het wanneer sy suster by veral sy oupa of vader aandag gekry het nie. Mike het homself nog altyd as sy oupa se gunsteling kleinkind beskou, omdat hy dieselfde name as sy oupa het. Wanneer sy suster aandag by sy oupa gekry het, soos om byvoorbeeld op sy skoot te sit, het hy gevoel dat hy sy posisie moet verdedig. Hy sou sommer een of ander kattekwaad aanvang om weer die aandag op homself te vestig óf hy het afknouerig teenoor sy suster opgetree wanneer hulle alleen was. Hy het

glad nie daarvan gehou toe sy vader sy suster se skoolpunte teenoor syne opgehemel het nie.

Items 5, 11 en 15

Mike en sy suster het tot 'n "baie groot mate" baklei toe hulle kinders was. Hulle was afknouerig teenoor mekaar. Mike meen dat hy maklik sy humeur verloor en as kleuter het hy soms tot geweld oorgegaan, sonder om die gevolge van sy dade te oorweeg. Dit het byvoorbeeld gebeur dat hy in 'n vlaag van woede sy suster met 'n mes gejaag het. Sy het weggehardloop en haarself in 'n kamer gaan toesluit. Mike het toe die deur met die mes probeer stukkend kap. Mike het ook onthou hoe hy sy suster eenkeer met 'n baksteen oor die kop geslaan het, sonder om aan die gevolge te dink.

Items 2, 11 en 12

Mike het tot 'n "baie groot mate" behae daarin geskep om sy suster by hulle ouers in die moeilikheid te bring toe hulle kinders was. Hy het byvoorbeeld stories opgemaak om sy ouers se siening van sy suster te benadeel. Hy sou haar ook fisies leed aandoen, maar dan ontken dat hy die konflik veroorsaak het.

Items 10 en 13

Mike was glad nie mededeelsaam teenoor sy suster toe hulle klein was nie. Hy het goeie dinge tot 'n "groot mate" vir homself gehou. Hy het ook tot 'n "baie groot mate" geweier dat sy saam met hom en sy vriende of nefies speel. Huidiglik het hulle egter sekere gemeenskaplike vriende en gaan soms saam uit.

Gevolgtrekking

Die hoë mate waarin Mike met woede, aggressie, mededinging, afknouery en selfsug teenoor sy ouer suster opgetree het tydens hulle kinderjare, bevestig die waarskynlikheid van jaloesie wat deur item 6 van die Sibling Relationship Scale voorgestel word.

Mike het as kind gevoel dat hy sy posisie by sy vader en oupa moes verdedig. Hy was met ander woorde nie bereid om hulle aandag met sy suster te deel nie. Hierdie tipe jaloesie word deur Erikson (vergelyk paragraaf 3.4.1) beskryf as die kind se veroweringsdrang om vir homself die gunstelingposisie by sy ouers in te palm. Volgens Erikson moet die kind leer om sy ouers se aandag met sy broers en susters te deel. Dit blyk dat Mike tydens sy skoolloopbaan steeds met sy suster gekompeteer het vir die gunstelingposisie, klaarblyklik omdat sy vader Mike se skoolpunte negatief met die beter punte van sy suster vergelyk het. Mike was waarskynlik onseker van sy posisie ten opsigte van sy vader as gevolg hiervan. Hy het met ander woorde nie sy vader se liefde in dieselfde mate vertrou as wat huidiglik die geval is nie. Hy kon dalk dink dat sy vader sy suster bo hom verkies as gevolg van haar prestasies. Behalwe jaloesie, het Mike waarskynlik ook minderwaardigheid beleef teenoor sy suster, veral op akademiese gebied. Soos dit in die literatuurstudie blyk, word woede algemeen geassosieer met 'n gekrenkte selfkonsep (vergelyk paragraaf 4.2.2). Buiten Mike se vinnige humeur, het sy gevoelens van minderwaardigheid waarskynlik bygedra tot die woedeuitbarstings wat hy teenoor sy suster beleef het.

Mike se negatiewe houding teenoor sy suster het verander ná sy ouers se egskeiding. Dit blyk dat Mike sedertdien voorgetrek word en heelwat aandag en geskenke by sy vader en oupa kry. Sy selfkonsep is klaarblyklik hierdeur

versterk en sy suster is nie meer vir hom 'n bedreiging nie. Wat sy verhouding met sy moeder betref, was sy suster skynbaar nooit 'n bedreiging nie, want volgens Mike het sy suster en moeder nooit goed klaargekom nie. Op hierdie stadium is daar selfs 'n mate van vriendskap tussen Mike en sy suster. Mike word egter nie heeltemal deur sy suster aanvaar nie. Mike meen dat sy suster van kindsdae af ook jaloers was op hom en dat sy moontlik steeds jaloers is op hom.

Wat sy broer betref, openbaar Mike nie duidelike tekens van jaloesie nie, tensy die wyse waarop Mike die huislike verantwoordelikhede op sy skouers neem 'n indirekte uitdrukking van jaloesie kan wees, soos in paragraaf 4.2.5 verduidelik word. Indien Mike wel jaloesie teenoor sy jonger broer beleef, is dit nie op 'n bewuste vlak nie óf hy is nie bereid om dit te erken nie.

### 6.2.4 Die wyse waarop Mike se belewing van jaloesie sy selfkonsep beïnvloed

(i) Die mate waarin Mike onderskeidelik sy suster en broer se gelyke voel

Dit blyk dat Mike homself dikwels met sy suster vergelyk het op akademiese gebied. Mike het waarskynlik op skool minderwaardig teenoor sy suster gevoel, omdat sy vader sy swakker akademiese prestasies met die beter prestasies van sy suster vergelyk het. Hy het waarskynlik ook as gevolg hiervan onseker gevoel van sy vader se liefde vir hom. Dit het moontlik voorgekom of sy vader sy suster bo hom verkies, omdat haar beter akademiese prestasies vir hom belangrik was.

Ná sy ouers se egskeiding het dit vir Mike duidelik geword dat sy vader nie sy suster bo hom verkies nie. Sy vader en oupa het hom sedertdien voorgetrek en

daarom is sy suster nie meer vir hom ‘n bedreiging nie. Al die aandag het Mike se selfkonsep versterk en hy het met nuwe oë na sy talente begin kyk. Mike vergelyk homself nie meer soveel met sy suster soos in die verlede nie. Hy kan insien dat hulle verskillende talente het en dat sy talente ewe bruikbaar is. Mike het egter eers in sy matriekjaar by sy akademie betrokke geraak. Hy het begin presteer en dit het hom aangespoor om sy suster se matriekuitslae te probeer klop. Mike het in sy doel geslaag en klaarblyklik voel hy nie meer minderwaardig teenoor sy suster op akademiese gebied nie, moontlik selfs meerderwaardig.

Dit wil nie voorkom of Mike minderwaardig voel teenoor sy jonger broer nie, al is hy geïrriteerd omdat sy broer die volwassenes manipuleer om sy sin kry. Mike beleef nie dat hy onregverdig behandel word in sy nuwe gesin nie. Hy kry sélf maklik sy sin, omdat sy moeder hom baie vryheid gun. Verder voel Mike nie hulpeloos ten opsigte van sy broer se manipulerende gedrag nie, omdat hy sy broer mag dissiplineer.

Mike voel soms afgeskeep, maar dit is weens sy moeder se besige leefstyl en nie as gevolg van aandag wat sy aan sy broer gee nie. Hy sal juis baie aspekte van sy broer se versorging hanteer omdat sy moeder te besig is. Mike ontvang klaarblyklik soveel aandag van sy eie vader, dat hy nie groter aandag van sy stiefvader verlang nie.

Dit blyk dat Mike se vader en moeder hom op hierdie stadium so waardevol laat voel ten opsigte van sy posisie in die gesin, dat hy nie minderwaardig voel teenoor sy ouer suster óf sy jonger broer nie. Sy selfkonsep word met ander woorde beskerm tydens moontlike belewings van jaloesie deur die wete dat hy belangrik en waardevol is vir sy ouers.

(ii) Die mate waarin Mike oor 'n realistiese positiewe selfkonsep beskik

Indien Mike huidiglik oor 'n realistiese positiewe selfkonsep beskik, veral ten opsigte van sy gesin, behoort hy nie op hierdie stadium vatbaar te wees vir die belewing van jaloesie teenoor sy broer of suster nie. Deur sy resultate wat die ASKS betref kwantitatief en kwalitatief te interpreteer, is gepoog om die aard van Mike se selfkonsep vas te stel, veral ten opsigte van sy gesin. (Die volledige ASKS, soos dit deur Mike ingevul is, verskyn in BYLAAG B.1)

Kwantitatiewe interpretasie van die ASKS

Mike se algemene selfkonsep-telling is 64. Dit is 'n lae gemiddelde telling wat omgesit kan word in 'n stanege van 4. Dit beteken dat Mike se algemene beskouing van homself ten tye van die toets nie besonder positief óf negatief was nie.

Mike se subtoetstellings word vervolgens aangedui om te illustreer hoe die onderskeie dimensies (in vergelyking met die response van die normgroep) bygedra het tot sy totale selfkonsep-telling.

| Dimensies van die selfkonsep | Mike se response | Normgroep - response | Totale aantal items |
|---|---|---|---|
| Subtoets A: fisieke self | 10 | 12,635 | 18 |
| Subtoets B: persoonlike self | 10 | 12,638 | 18 |
| Subtoets C: gesin-self | 11 | 14,372 | 18 |
| Subtoets D: sosiale self | 14 | 12,663 | 18 |
| Subtoets E: sedelike self | 10 | 12,284 | 18 |
| Subtoets F: selfkritiek | 9 | 6,103 | 10 |

Mike het ietwat laer tellings behaal as die normgroep (behalwe vir subtoetse D en F). Sy selfkonsep wat sy gesin betref is met ander woorde ook laag gemiddeld.

Kwalitatiewe interpretasie van die ASKS

'n Moontlike rede waarom Mike se algemene selfkonseptelling nie besonder positief ten tye van die toets was nie, is dat hy steeds hartseer gevoel het ná 'n liefdesteleurstelling. Hy het moontlik probeer kompenseer vir gevoelens van verwerping deur by die items van Subtoets D (sosiale self) besonder positief te reageer wat sy gewildheid betref, ook ten opsigte van die teenoorgestelde geslag (items 4, 58, 68, 72 en 87). Dit kan verklaar waarom Mike se telling vir Subtoets D ietwat hoër was as die gemiddelde telling van die normgroep.

Die items wat negatief gemerk was ten opsigte van Mike se gesin, het meestal betrekking gehad op sy verhouding met sy ouer suster. Dit blyk dat hierdie verhouding steeds problematies is, maar op hierdie stadium as gevolg van sy suster se jaloesie. Sy is nie bereid om Mike soveel by haar sosiale lewe in te sluit as wat hy graag wil hê nie. Hy voel met ander woorde tot 'n mate verwerp deur sy suster, ook weens haar kritiese houding teenoor hom. Mike is huidiglik, volgens die teorie van Erikson (vergelyk paragraaf 2.3.7), in die fase van identiteitsvorming. In hierdie fase is die regte sosiale klieke van groot belang. Mike beskryf sy suster se vriendekring as "cool", klaarblyklik omdat hy hulle lewenservaring bewonder. Dit is vir hom belangrik dat hulle hom aanvaar en enige kritiek beïnvloed sy selfkonsep skynbaar besonder negatief. Dit blyk dat Mike sy suster se guns probeer wen op dieselfde wyse as wat hy sy posisie by sy moeder probeer beskerm. Hy probeer om vir haar 'n steunpilaar te wees. Die wyse waarop Mike homself onmisbaar probeer maak in die lewe van sy moeder en ouer suster, kan moontlik as vorme van

manipulasie beskou word om aanvaarding te kry. Volgens Erikson, is Mike se identiteit met ander woorde nie so duidelik gevorm nie. Dit kan waarskynlik 'n verdere rede wees waarom Mike se selfkonsep-telling nie besonder positief is nie. Dit blyk dat Mike soms twyfel of hy aanvaar gaan word en dan probeer om die ander party te behaag. Indien Mike sou probeer om die teenoorgestelde geslag te behaag ten koste van homself, sal die gevaar wees dat hy vervreemd kan raak van sy eie identiteit. In so 'n geval sal hy nie in staat wees om werklike intimiteit met die ander persoon te bereik nie.

Moontlik sal Mike die enkele tekorte wat sy selfkonsep betref, kan oorbrug. Sy telling vir Subtoets F (selfkritiek) is hoër as die telling van die normgroep, wat daarop dui dat Mike waarskynlik 'n meer realistiese selfkonsep het as die normgroep, omdat hy meestal nie huiwer om negatiewe aspekte van homself te erken nie. Eerlikheid ten opsigte van sy tekorte dui daarop dat Mike homself genoegsaam aanvaar het om aanpassings te kan maak wat sy interpersoonlike verhoudings betref.

Gevolgtrekking

Volgens die ASKS beskik Mike op hierdie stadium oor 'n gemiddelde selfkonsep. Aangesien hy nie skroom om die negatiewe aspekte van homself te erken nie, kan aangeneem word dat sy selfkonsep realisties is. 'n Onlangse liefdesteleurstelling en sy suster se kritiese houding het waarskynlik daartoe bygedra dat Mike se selfkonsep nie besonder positief was nie, ook wat sy gesin betref. Verder blyk dit dat Mike se identiteit moontlik nog nie duidelik gevorm is nie, omdat hy in sommige gevalle persone probeer behaag om te verseker dat hy aanvaar word.

(iii) Die mate waarin Mike sy ouers se liefde vertrou

Kwalitatiewe interpretasie van die ASKS en Onderhoudvoering

Dit blyk dat Mike op skool waarskynlik onseker was van sy vader se liefde, omdat hy Mike se swakker akademiese prestasies teen dié van sy ouer suster afgespeel het. Mike kon dalk redeneer dat sy vader sy suster bo hom verkies omdat sy beter op skool presteer het as hy. Sy vrese is egter hokgeslaan ná sy ouers se egskeiding toe sy vader hom begin voortrek het. Dit blyk dat die mate waarin Mike sy ouers se liefde vir hom vertrou, toegeneem het ná hulle egskeiding.

Dit word in die ASKS gevra of die proefpersoon volkome oortuig van sy gesin se liefde is (item 69). Mike het positief hierop geantwoord. Hy voel ook dat sy gesin hom in enige situasie sal bystaan (item 77). Dit is vir Mike ongelukkig dat sy ouers geskei het, maar hy weet dat dit gebeur het as gevolg van hulle eie persoonlike verskille en nie as gevolg van enigiets wat hy en/ of sy suster gedoen het nie.

Tydens sy tienerjare, was Mike se ouers sensitief vir sy toenemende behoefte om selfstandig te wees. Al is sy suster so krities teenoor hom, beleef Mike dat sy ouers - en veral sy vader - hom volkome vertrou. Daar bestaan met ander woorde wedersydse vertroue tussen Mike en sy ouers. Dit is juis sy ouers se vertroue dat hy verantwoordelik sal optree wat Mike in staat stel om hulle liefde te waardeer. Sy moeder raak van tyd tot tyd nog besorg oor hom, soos seker van 'n moeder verwag kan word, maar sy probeer om nie te veel by sy lewe in te meng nie. Mike beskou sy ouers as sy vriende, omdat hy met hulle kan gesels oor sy lewe sonder om oordeel te verwag. Mike se vader bespreek ook al sy lief en leed met hom en daarom voel hy tot 'n groot mate deel van sy

vader se lewe. Sy moeder is beskikbaar vir hom en dit is net die teenwoordigheid van sy broer wat hom soms kan irriteer.

Gevolgtrekking

Uit al die gegewens, blyk dit dat Mike nie ernstige krisisse beleef om sy ouers se liefde vir hom te vertrou nie. Dit is besonders dat Mike sy ouers as sy vriende beskou en so graag met hulle gesels. Dit is reeds beskryf dat Mike se ouers hom waardevol laat voel as hulle kind en as deel van die gesin en groter familie. Hulle vertrou hom met verantwoordelikhede wat sy eiewaarde versterk. Die woorde van Van den Aardweg en Van den Aardweg (1993: 215) in paragraaf 2.3.5 word in Mike se geval duidelik: "The primary source of self-esteem is the esteem in which others hold me". Mike se gevoel van eiewaarde het toegeneem as gevolg van al die aandag wat hy in 'n groter mate van sy vader ontvang het, asook die groter vertroue wat sy ouers in hom gestel het. Hy het uiteindelik meer van sy talente ontdek en hy aanvaar homself nou as 'n unieke indivi-du wat nie met sy suster hoef te kompeteer vir die gunsteling-posisie by hulle ouers nie.

### 6.2.5 Samevattende gevolgtrekking oor Mike se belewing van jaloesie en die wyse waarop sy selfkonsep daardeur beïnvloed word

Mike het op skool waarskynlik jaloesie teenoor sy ouer suster beleef, omdat sy vader sy skoolpunte op 'n negatiewe wyse vergelyk het met dié van sy suster. Sy selfkonsep is op 'n negatiewe wyse deur sy jaloesie beïnvloed.

Volgens Erikson se eerste vyf fases van psigososiale ontwikkeling kan die proses soos volg beskryf word:

*Fase 1: Basiese vertroue teenoor wantroue*

Mike het wantroue in plaas van vertroue ontwikkel teenoor sy vader. Mike het waarskynlik die mate van liefde wat sy vader vir hom het teenoor die mate van liefde wat hy vir sy suster het betwyfel. Hy kon moontlik redeneer dat sy vader sy suster bo hom verkies omdat haar akademiese prestasies vir hom belangrik is. Mike het klaarblyklik nie die selfvertroue gehad om by sy skoolwerk betrokke te raak nie.

*Fase 2: Outonomie teenoor skaamte en vertwyfeling*

Mike het nie outonomie ontwikkel in sy verhouding met sy vader nie. Hy het besitlik opgetree wat sy vader se aandag betref, omdat hy onseker was van sy vader se liefde. Hy was vyandig gesind teenoor sy suster, waarskynlik omdat hy minderwaardig gevoel het as gevolg van haar beter akademiese prestasies en omdat hy gemeen het dat hy met haar moes meeding vir die gunsteling-posisie by hulle vader. Mike het slegs in 'n geringe mate verantwoordelikheid vir sy skoolwerk geneem.

*Fase 3: Inisiatief teenoor skuldgevoelens*

Mike het sy suster afgeknou en haar in onguns by hulle ouers probeer bring. Hy was glad nie mededeelsaam teenoor haar nie. Mike het nie inisiatief geneem wat sy skoolwerk betref nie.

*Fase 4: Arbeidsaamheid teenoor minderwaardigheid*

Mike het ontoereikend gevoel wat sy skoolwerk betref en daarvan onttrek. Hy het gevolglik nie akademies presteer nie en dit het waarskynlik sy minderwaardigheid op hierdie gebied vererger. Indien sy vader vergelykings tussen hom en sy suster se punte gemaak het, sou dit waarskynlik Mike se minderwaardigheid, vyandigheid en jaloesie teenoor sy suster vererger het.

*Fase 5: Identiteit teenoor identiteitsverwarring*

Tot en met sy matriekjaar het Mike homself beskou as iemand wat nie akademies kán presteer nie. Mike het waarskynlik ook geredeneer dat hy moet veg vir die aandag wat hy wil hê.

Nadat Mike se vader hom begin voortrek het ná sy ouers se egskeiding, het die teenoorgestelde plaasgevind met betrekking tot Mike se selfkonsep. Sy selfkonsep is versterk. Hierdie positiewe proses sal weer eens in terme van Erikson se psigososiale ontwikkelingsfases beskryf word:

*Fase 1: Basiese vertroue teenoor wantroue*

Mike se vertroue in sy vader se liefde het toegeneem. Sy vrees dat sy vader sy suster bo hom verkies, is hokgeslaan deur juis die teenoorgestelde: sy vader verkies hóm skynbaar bo sy suster, want hy word voorgetrek.

*Fase 2: Outonomie teenoor skaamte en vertwyfeling*

Mike se suster is klaarblyklik nie meer vir hom 'n bedreiging nie. Die vyandskap is van Mike se kant af iets van die verlede. Mike probeer om sensitief te wees teenoor sy suster se behoeftes, sodat hy 'n vriendskap met haar kan bou. Dit is moeilik om te bepaal in watter mate Mike bereid is om sy ouers se aandag met sy suster te deel, omdat laasgenoemde haarself tot 'n groot mate van die gesin onttrek het. Die negatiewe wyse waarop Mike se selfkonsep, volgens die ASKS, deur sy suster se kritiek beïnvloed word, laat dit blyk dat Mike nie outonomie ontwikkel het wat hierdie verhouding betref nie. Dit is moontlik dat hy sy suster se aanvaarding probeer wen deur vir haar gunste te doen. Verder kan die wyse waarop Mike sy moeder ondersteun 'n aanduiding wees van afhanklikheid wat sy interpersoonlike verhoudings betref.

*Fase 3: Inisiatief teenoor skuldgevoelens*

Waar Mike voorheen baie selfsugtig teenoor sy suster opgetree het, is hy nou meer tegemoetkomend. Mike het ook in sy matriekjaar besluit om in alle erns te studeer.

*Fase 4: Arbeidsaamheid teenoor minderwaardigheid*

Met baie ywer het Mike daarin geslaag om sy suster se matriekuitslae te klop. Sy minderwaardigheid op hierdie gebied was dus iets van die verlede.

*Fase 5: Identiteit teenoor identiteitsverwarring*

Mike het ontdek dat hy wel akademies kan presteer. Mike vergelyk homself nie meer soveel met sy suster nie. Hy besef dat hy en sy suster verskillende talente het, maar dat hulle talente ewe waardevol is. Al is Mike se selfkonsep versterk deur sy vader se aandag, is sy identiteit nog nie duidelik gevorm nie. Dit blyk dat Mike in sekere gevalle nog afhanklik optree. Duidelike tekens van jaloesie teenoor sy suster is egter nie meer sigbaar nie.

Volgens Abraham Maslow (soos bespreek in paragraaf 3.5) is jaloesie die gevolg van ongeborgenheid. "The most obvious example (of insecure love) is jealous behaviour" (Bernhard 1986:43). Die groter geborgenheid wat Mike in sy verhouding met sy ouers beleef het, het skynbaar die belewing van jaloesie teenoor sy suster onnodig gemaak.

Mike se insluitingstatus - volgens Leary (paragraaf 3.5) - het verbeter. Aangesien hy tans voorgetrek word, beteken dit dat hy 'n hoër insluitingstatus het as sy suster. In die geval van Mike se vader, word Mike byvoorbeeld aktief deur sy vader opgesoek, terwyl sy suster moontlik net verwelkom word of selfs bloot passief ingesluit word. Leary het verduidelik hoe jaloesie voorkom wanneer 'n persoon glo dat sy insluitingstatus in 'n gewaardeerde verhouding

bedreig word. Mike beleef dat sy insluitingstatus by hulle ouers op hierdie stadium hoër is as die insluitingstatus van sy suster en daarom het dit onnodig geword om jaloesie te beleef.

Indien Mike wel jaloesie beleef teenoor sy jonger broer, ontken hy dit of is hy nie bewus daarvan nie. In so 'n geval kan die vaderlike rol wat Mike inneem wanneer sy stiefvader uithuisig is, die enigste eksterne manifestasie daarvan wees. Volgens paragraaf 4.2.5 sal Mike dan byvoorbeeld sy vader se rol naboots in 'n poging om sy moeder se guns te wen. Dit lyk egter of Mike geborge genoeg is in sy verhouding met sy moeder dat hy indien wel, nie 'n ernstige mate van jaloesie teenoor sy jonger broer beleef nie. Mike weet dat sy moeder trots is op hom, omdat sy dit dikwels vir hom sê. Al kry sy jonger broer dikwels sy sin, is dit nie ten koste van Mike nie, want hy kry óók sy sin. Mike se moeder het hom toenemend meer vryheid gegun, soos wat hy ouer geword het. Mike beleef dit as liefde en vertroue en daarom ondersteun hy ook graag sy moeder. Mike vertrou sy moeder in so 'n mate dat hy graag met haar gesels oor allerlei aspekte van die lewe en hy waardeer gewoonlik haar raad. Hy voel met ander woorde aktief ingesluit by sy moeder se lewe en nie minder ingesluit as sy broer nie.

Al die aandag wat Mike van sy vader ontvang, het skynbaar tot gevolg dat hy nie sy stiefvader se aandag mis nie. Dit stel Mike tevrede dat hulle goed oor die weg kom en hy verlang nie verdere kontak nie.

Dit blyk dat Mike sy jaloesie teenoor sy suster ontgroei het, omdat die groter geborgenheid wat hy in sy verhouding met sy ouers beleef het ná hulle egskeiding, sy selfkonsep versterk het. Bogenoemde ondersteun met ander woorde Mathes en Severa se bevinding dat persone met 'n negatiewe selfkonsep veral weerloos is teen die belewing van jaloesie in belangrike

verhoudings (Mathes 1992:104). Indien die persoon se gevoel van eiewaarde en geborgenheid in die verhouding toeneem, behoort die jaloesie - soos in Mike se geval - te verdwyn of ten minste te verminder.

## 6.3 IDIOGRAFIESE STUDIE VAN CHRIS SE BELEWING VAN JALOESIE EN DIE WYSE WAAROP SY JALOESIE SY SELFKONSEP BEÏNVLOED

### 6.3.1 Identifiserende besonderhede

| | |
|---|---|
| Naam: | Chris |
| Geslag: | Manlik |
| Ouderdom: | 22 |
| Beroep: | Chris bedryf saam met sy vader 'n besigheid. |

### 6.3.2 Gesinsagtergrond

Chris is deel van 'n eerstehuwelik-gesin. Hy is die oudste van twee seuns. Sy jonger broer van twintig is 'n student en woon steeds by hulle ouers. Chris woon selfstandig in 'n woonstel, maar kuier bykans elke dag by sy ouers. Die een rede wat Chris gee vir sy gereelde besoeke, is dat hy en sy vader dikwels aspekte van hulle besigheid bespreek. Die ander rede wat hy gee, is dat hy dikwels eensaam voel en die sosiale interaksie met sy huisgesin geniet.

Dit blyk dat Chris sy broer se verhouding met hulle moeder beny. Hy begeer meer aandag van sy moeder en nie soseer van sy vader nie. Van kleins af het hy baie aandag van sy vader ontvang, maar skynbaar nie van sy moeder nie. Hy was sy vader se "grootseun" en sy vader het hom tot 'n groot mate by sy aktiwiteite betrek. Sy moeder het haarself egter meer met die "kleintjie" (sy

jonger broer) besig gehou. Chris voel dat al die aandag wat sy broer van sy moeder en ook van sy ouma kry onregverdig is, want dit gebeur bloot omdat sy broer die jongste is en nie omdat hy dit verdien nie. Chris maak gewoonlik beswaar wanneer hy voel dat sy broer op een of ander manier bevoordeel word net omdat hy die jongste is.

Dit pla Chris dan ook dat sy broer nou die enigste kind is wat by sy ouers bly en waarskynlik deur hulle bederf word. Dit kan 'n verdere rede wees waarom Chris sy ouerhuis so gereeld besoek. Hy wil moontlik verhoed dat sy broer te veel bevoordeel word in sy afwesigheid.

Dit is duidelik dat Chris heelwat jaloesie teenoor sy jonger broer beleef en hy erken ook dat hy sy broer baie afknou. Hulle het byvoorbeeld onlangs vasgesit omdat hulle verskillende televisie-kanale wou kyk. Uiteindelik het hulle handgemeen begin raak en Chris meen dat hy sy broer amper doodgeslaan het. Sy hewige reaksie het hom eintlik laat skrik en hy het besef dat hy meer selfbeheer sal moet gebruik, voordat iets lelik dalk tussen hom en sy broer plaasvind. Chris beleef dus ook baie woede en aggressie teenoor sy broer, wat algemeen met die belewing van jaloesie en die aftakeling van die selfkonsep geassosieer word (vergelyk paragraaf 4.2.2).

Oor die algemeen reageer Chris se broer maar gelate wanneer hy afgeknou word. 'n Reaksie wat Chris interpreteer as slinksheid, want "hy't geweet eendag is hy alleen in die huis en dan kom hy eerste!". Die agterdog en afguns wat uit hierdie woorde blyk, is weer eens 'n manifestasie van jaloesie. Chris voel klaarblyklik bedreig deur die voorkeurposisie wat hy glo sy broer het deur die enigste kind in die huis te wees.

### 6.3.3 <u>Chris se belewing van jaloesie teenoor sy jonger broer, soos dit blyk uit die Sibling Relationship Scale</u>

Volgens die gegewens wat met behulp van die Sibling Relationship Scale en onderhoudvoering ingesamel is, beleef Chris dat sy moeder hom tot 'n "baie groot mate" met sy jonger broer vergelyk (item 6). Hy word dikwels deur sy moeder gekritiseer, in teenstelling met sy broer, met wie sy skynbaar tevrede is. Hy beleef ook dat sy broer tot 'n "baie groot mate" deur hulle moeder voorgetrek word (item 16). Chris meen dat sy broer voorgetrek word omdat sy moeder altyd sy broer se kant kies in 'n argument. Dit is dan veral ten opsigte van sy broer se verhouding met hulle moeder dat Chris waarskynlik jaloesie beleef.

Ander items van die SRS (soos dit deur die onderhoudvoering verken is) wat ondersteun dat Chris waarskynlik jaloesie teenoor sy broer beleef, is die volgende:
(Die SRS word in geheel, soos Chris dit ingevul het, in BYLAAG A.2 aangedui.)

<u>Item 4</u>

Chris poog om homself van sy gesin te distansieer om te verhoed dat hy met sy broer vergelyk word. Hy probeer ook om van sy moeder se kritiek te ontsnap. Hy wil dus graag van sy moeder onttrek (vergelyk paragraaf 4.2.3), maar hy is skynbaar nie baie suksesvol nie. Dit is reeds genoem dat Chris sy gesin gereeld besoek weens sy gevoelens van eensaamheid. Hy soek veral die geselskap van sy moeder op. Chris se behoefte aan sy moeder se aandag en goedkeuring is klaarblyklik groter as sy vrees vir haar kritiek.

Item 5

Chris erken dat hy 'n baie onaangename mens kan wees. Wanneer hy ontevrede is, weet almal dit en hy laat almal ly. Hy het al dikwels sy frustrasies op sy broer uitgehaal deur gewelddadig te raak. Hy het ook al sy humeur teenoor sy moeder verloor en dan voel hy agterna baie skuldig daaroor.

Item 15

Chris en sy broer baklei oor die kleinste dingetjies. Dit is reeds genoem hoe hulle handgemeen kon raak omdat elkeen 'n ander televisie-kanaal wou kyk.

Items 2, 11 en 12

Chris tree afknouerig en afbrekend teenoor sy jonger broer op. Wanneer hulle baklei, probeer hy gewoonlik om sy broer daarvoor te blameer. Dit is juis hier waar Chris se gevoelens vandaan kom dat sy moeder sy broer voortrek, want sy kies gewoonlik sy broer se kant. Dit laat hom baie ongewild voel en lei tot gevoelens van terneergedruktheid of woede.

Items 3, 8 en 14

Chris meen dat sy moeder en ouma te veel aandag aan sy jonger broer gegee het toe sy broer klein was. Hy het gevoel dit is onregverdig, want dit is aandag wat sy broer "nie verdien nie". Chris verklaar hierdie soort aandag as aandag wat veral vroue aan kleiner kinders gee omdat hulle so oulik voorkom wanneer hulle nog klein is.

Items 10 en 13

Chris deel definitief nie maklik met sy broer nie, omdat hy voel dat sy broer reeds te veel van hulle ouers ontvang. Toe hulle jonger was, het hy ook geweier dat sy broer saam met hom en sy vriende speel.

Gevolgtrekking

Dit is duidelik dat Chris steeds met sy jonger broer wedywer vir 'n gunstelingposisie by hulle moeder. In terme van Erikson se psigososiale fases (paragraaf 2.3.7), beskik Chris nie oor die basiese vertroue dat sy moeder hom nie in die steek sal laat nie, want hy voel klaarblyklik dat hy gedurig na sy ouerhuis moet terugkeer om te waak oor sy verhouding met sy moeder en om sy posisie te beskerm as die oudste kind in die gesin. Volgens Erikson begin 'n basiese vertroue by 'n baba ontwikkel wanneer die voorspelbaarheid van sy moeder se terugkeer by hom 'n innerlike sekerheid word. Dit blyk dat Chris nie die innerlike sekerheid het dat sy moeder altyd aan sy kant is nie, omdat sy gewoonlik partydig is ten gunste van sy broer. Hy openbaar 'n vrees dat hy sy moeder dalk kan verloor weens die teenwoordigheid van sy broer en vandaar sy jaloesie. Dit blyk ook dat Chris nie toereikend daarin kon slaag om outonomie te ontwikkel nie. Wanneer outonomie by 'n persoon ontbreek, bestaan die gevaar dat die persoon selfsugtig sal bly vasklou aan wat hy glo syne is. Chris het oënskynlik nog nie ten volle tot die besef gekom dat hy nie sy moeder se liefde kan besit nie. Hy probeer nog om vir homself die gunstelingposisie in sy moeder se lewe te verower, volgens Erikson (1977:230) se vierde fase van psigososiale ontwikkeling.

Chris beleef waarskynlik 'n groot mate van jaloesie teenoor sy broer en die wyse waarop sy selfkonsep deur sy jaloesie beïnvloed word, sal vervolgens ondersoek word.

### 6.3.4 <u>Die wyse waarop Chris se belewing van jaloesie sy selfkonsep beïnvloed</u>

(i) <u>Die mate waarin Chris sy broer se gelyke voel</u>

Chris glo dat sy moeder se beskouing van hom negatief is in vergelyking met haar beskouing van sy broer. Dit is klaarblyklik nie iets wat sy sê nie, maar iets wat hy eerder aanvoel. Hy skryf sy moeder se voorkeur aan sy broer daaraan toe dat hy nie so perfek is soos sy broer nie. Van kleins af was hy altyd die een wat stout was en gestraf moes word, terwyl sy broer selde iets verkeerd gedoen het. Huidiglik stem sy moeder ook nie met sy lewenstyl saam nie en sy kritiseer hom dikwels daaroor. Die aanwesigheid van straf en kritiek wat homself betref, maar die afwesigheid daarvan wat sy broer betref, veroorsaak met ander woorde minderwaardigheid by Chris. Hy dink dat sy moeder tevrede is met sy broer, maar ontevrede is met hom. Dit is waarskynlik die rede waarom Chris voel dat hy moet baklei vir sy posisie by hulle moeder.

Chris beleef waarskynlik 'n groot mate van jaloesie teenoor sy broer en die wyse waarop sy selfkonsep deur sy jaloesie beïnvloed word, sal vervolgens ondersoek word.

(ii) <u>Die mate waarin Chris oor 'n realistiese positiewe selfkonsep beskik</u>

Deur Chris se resultate wat die ASKS betref, kwantitatief en kwalitatief te interpreteer, sal die wyse waarop sy selfkonsep deur sy jaloesie beïnvloed

word, bepaal word. Indien Chris se algehele selfkonsep negatief sou wees, behoort Chris besonder weerloos te wees vir die belewing van jaloesie. (Die volledige ASKS, soos dit deur Chris ingevul is, verskyn in BYLAAG B.2.)

Kwantitatiewe interpretasie van die ASKS

Chris se algemene selfkonsep-telling is 58 wat as 'n stanege van 3 aangedui kan word. Dit beteken dat Chris huidiglik oor 'n lae selfkonsep beskik.

Chris se subtoetstellings word vervolgens aangedui om te illustreer hoe die onderskeie dimensies van sy selfkonsep (in vergelyking met die response van die normgroep) bydra tot sy totale selfkonsep-telling.

| **Dimensies van die selfkonsep** | **Chris se response** | **Normgroep - response** | **Totale aantal items** |
|---|---|---|---|
| **Subtoets A: fisieke self** | **10** | 12,635 | 18 |
| **Subtoets B: persoonlike self** | **7** | 12,638 | 18 |
| **Subtoets C: gesin-self** | **8** | 14,372 | 18 |
| **Subtoets D: sosiale self** | **14** | 12,663 | 18 |
| **Subtoets E: sedelike self** | **9** | 12,284 | 18 |
| **Subtoets F: selfkritiek** | **10** | 6,103 | 10 |

Chris het heelwat laer tellings behaal as die normgroep vir die subtoetse B (persoonlike self), C (gesin-self) en E (sedelike self). Dit is beduidend dat Chris met ander woorde ook 'n negatiewe selfbeskouing het wat sy gesin betref. Sy telling vir subtoets A (fisieke self) was ook laer as die telling van die normgroep. Chris se tellings vir die subtoetse D (sosiale self) en F (selfkritiek) was weer hoër as dié van die normgroep.

Kwalitatiewe interpretasie van die ASKS

Die items wat Chris negatief gemerk het ten opsigte van sy gesin-self, het weer eens betrekking op sy verhouding met sy moeder. Chris se gesin-self is negatief omdat hy uitgesluit voel deur sy moeder (item 63). Hy voel met ander woorde nie waardevol vir sy moeder nie (item 85). Volgens Leary se insluitingsteorie (vergelyk paragraaf 3.5) kan gesê word dat Chris minder ingesluit word deur sy moeder as wat hy graag wil hê in vergelyking met sy broer, wat volgens hom 'n hoër insluitingstatus het. Die gevolg is dat Chris gevoelens van minderwaardigheid en jaloesie teenoor sy broer beleef.

Die algemene gebrek aan selfaanvaarding wat deur 'n negatiewe selfkonsep aangedui word, blyk ook in die dimensie van persoonlike self (subtoets B). Deur item 20 laat Chris blyk dat hy nie tevrede is met sy persoon nie. Chris se gebrek aan selfbeheer (item 2) en sy nukkerigheid (item 14) waarna reeds verwys is met betrekking tot die SRS, is ook hier ter sprake as faktore wat Chris se selfkonsep afbreek. Chris se skynbare onvermoë om by sy beginsels te hou (items 11, 23, 46 en 92), veroorsaak dat sy sedelike self (subtoets E) negatief is.

Chris se sosiale self is verbasend hoog in die lig daarvan dat hy opgemerk het dat hy gevoelens van eensaamheid beleef. Die hoë telling kan moontlik 'n aanduiding wees van sy behoefte om meer sosiaal te verkeer. Chris gesels graag met mense en dan veral met sy gesinslede. Hy vind dit frustrerend dat hulle gewoonlik besig is wanneer hy wil gesels. Dit pla hom veral dat sy moeder altyd besig is met iets en selde haar onverdeelde aandag aan hom gee.

Chris het al die items van die selfkritiek-dimensie korrek gehad ten opsigte van 'n persoon met 'n realistiese selfkonsep. Uit hierdie gegewens kan afgelei

word dat Chris 'n realistiese beskouing het van sy negatiewe eienskappe, maar moontlik nie weet hoe om dit te oorbrug ten einde sy positiewe eienskappe ten volle te ontwikkel nie.

Gevolgtrekking

Chris beskik oor 'n negatiewe selfkonsep. Sy selfkonsep is ook negatief ten opsigte van sy gesin. Dit blyk dat Chris nie oor die basiese vertroue beskik om te weet dat sy moeder aan sy kant is nie, weens haar kritiese houding teenoor hom. Sy moeder se  kritiek is veral negatief vir Chris, omdat sy nie dieselfde houding het teenoor sy jonger broer nie. Chris beleef met ander woorde dat sy moeder 'n voorkeur het vir sy broer en dit veroorsaak gevoelens van woede, hartseer, terneergedruktheid, jaloesie en minderwaardigheid. Al kan Chris hierdie negatiewe reaksies erken, is hy skynbaar onbevoeg om dit te verwerk. Hy voel met ander woorde skuldig daaroor, maar weet nie hoe om dit te verander nie. Die gevolg is dat Chris homself nie positief kan aanvaar nie en om hierdie rede is sy algehele selfkonsep negatief. Behalwe dat Chris se jaloesie sy selfkonsep negatief beïnvloed, maak die ander negatiewe dimensies van sy selfkonsep dit waarskynlik moeilik vir Chris om sy jaloesie te bowe te kom.

(iii) Die mate waarin Chris sy ouers se liefde vertrou

Kwalitatiewe interpretasie van die ASKS en Onderhoudvoering

Chris glo dat hulle basies 'n gelukkige gesin is en dat hulle sal kan saamstaan in tye van nood, soos wat hulle al voorheen gedoen het (items 69, 77 en 81). Hy waardeer die vertroue wat sy vader in hom stel om sukses te behaal wat hulle besigheid betref. Dit blyk egter dat Chris teenstrydige emosies beleef wat

sy moeder betref. Aan die een kant steur hy hom nie veel aan sy moeder se opinie wat sy persoonlike lewe betref nie (item 56), maar aan die ander kant pla dit hom dat veral sy moeder sy leefwyse kritiseer (item 73). Hy het homself van sy gesin probeer distansieer deur op sy eie te gaan woon, maar tog voel hy ook uitgesluit en dit pla hom dat sy broer nou al die aandag kry.

Gevolgtrekking

Chris beleef teenstrydige emosies wat sy moeder betref. Hy wil graag selfstandig wees en sonder sy gesin kan klaarkom, maar aan die ander kant het hy 'n sterk behoefte om deur sy moeder aanvaar te word. Dit is hierdie behoefte wat hom motiveer om sy ouerhuis gereeld te besoek. Hy is waarskynlik jaloers op sy broer se verhouding met hulle moeder, omdat hy voel dat sy moeder sy broer bo hom verkies. Uit die bogenoemde gegewens wil dit voorkom of Chris oor die basiese vertroue beskik dat hy wel op sy moeder sal kan staatmaak in tye van nood, maar hy twyfel skynbaar of sy hom onvoorwaardelik aanvaar.

### 6.3.5 Samevattende gevolgtrekking oor Chris se belewing van jaloesie en die wyse waarop sy selfkonsep daardeur beïnvloed word

Chris beleef waarskynlik jaloesie teenoor sy jonger broer omdat laasgenoemde van kleins af deur hulle moeder voorgetrek word. Dit blyk dat Chris se vader hom van kleintyd af betrek het by alles wat hy doen, asook nou by sy besigheid. Chris se moeder het egter meer aandag aan sy broer gegee. Hy voel dat sy moeder hom negatief met sy broer vergelyk omdat hy nie so perfek soos sy broer is nie. Hy openbaar dus gevoelens van minderwaardigheid teenoor sy broer.

Chris beleef teenstrydige emosies wat sy moeder betref. Hy staan partykeer onverskillig ten opsigte van haar kritiek, maar beleef tog 'n behoefte om tot 'n groter mate deur haar aanvaar te word. Hierdie reaksies kan moontlik aandui dat Chris twyfel of sy moeder hom onvoorwaardelik aanvaar.

Op grond van die ASKS, beskik Chris huidiglik oor 'n lae selfkonsep, ook ten opsigte van sy gesin. Dit blyk dat Chris nie oor voldoende selfaanvaarding beskik om sy gevoelens van jaloesie teenoor sy broer op 'n positiewe wyse te verwerk nie. Chris se negatiewe selfkonsep vererger met ander woorde sy belewing van jaloesie terwyl sy belewing van jaloesie ook sy selfkonsep negatief beïnvloed.

Die wyse waarop Chris se selfkonsep deur sy jaloesie beïnvloed word, sal vervolgens beskryf word aan die hand van Erikson se eerste ses fases van psigososiale ontwikkeling:

*Fase 1: Basiese vertroue teenoor wantroue*

Chris vertrou nie dat sy moeder hom in dieselfde mate liefhet as wat sy lief is vir sy broer nie. Hy meen dat sy moeder sy broer bo hom verkies omdat laasgenoemde meer perfek is as hy. Chris voel met ander woorde dat sy moeder hom nie in dieselfde mate aanvaar as wat sy broer aanvaar word nie. Sy kritiseer hom gereeld, terwyl dit vir hom voorkom of sy broer selde gekritiseer word.

*Fase 2: Outonomie teenoor skaamte en vertwyfeling*

Chris het nie outonomie ontwikkel in sy verhouding met sy moeder nie. Hy wil steeds met sy broer wedywer vir die gunstelingposisie by hulle moeder. Hy is afhanklik van sy moeder se aanvaarding om 'n positiewe selfkonsep te kan hê.

*Fase 3: Inisiatief teenoor skuldgevoelens*

Chris tree baie veeleisend op teenoor sy moeder. Hy is gewoonlik ontevrede wanneer sy nie onverdeelde aandag aan hom gee nie. Chris is vyandig en afknouerig teenoor sy broer. Die woede wat Chris soms teenoor sy moeder en broer openbaar, dui aan dat hy hulle albei verantwoordelik hou vir die ongeluk wat hy beleef. Hy voel ook soms skuldig oor sy negatiewe gedrag.

*Fase 4: Arbeidsaamheid teenoor minderwaardigheid*

Chris voel ontoereikend om sy moeder tevrede te stel. Hy probeer om van sy moeder te onttrek, maar sy behoefte om deur haar aanvaar te word, dryf hom elke keer weer terug na sy ouerhuis. Dit is duidelik dat Chris homself heelwat met sy broer vergelyk en dat hy sterk gevoelens van minderwaardigheid beleef.

*Fase 5: Identiteit teenoor identiteitsverwarring*

Chris se gebrek aan selfaanvaarding veroorsaak dat sy selfkonsep negatief is. Sy selfkonsep het skynbaar gestagneer by die negatiewe gedagtes dat hy nie aan sy moeder se verwagtinge kan voldoen nie.

*Fase 6: Intimiteit teenoor isolasie*

Op hierdie stadium eis Chris op 'n selfsugtige wyse dat sy moeder hom moet aanvaar, sonder dat hy self bereid is om enige van sy negatiewe gedragswyses te wysig. Chris sal waarskynlik nie gereed wees om ware intimiteit met 'n persoon van die teenoorgestelde geslag te bereik nie, omdat hy onwillig is vir selfopoffering en te maklik emosioneel onveilig voel.

In die lig van die gegewens wat deur die literatuurstudie en die empiriese navorsing na vore gekom het, sal gevolgtrekkings en aanbevelings in HOOFSTUK 7 gemaak word.

# HOOFSTUK 7

## SINTESE, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

### 7.1 HOOFSTUK 1: PROBLEEMSTELLING, DOEL EN PLAN VAN ONDERSOEK

Die probleem wat deur die ondersoek gehanteer is, is die oeroue probleem van jaloesie en dan spesifiek jaloesie tussen kinders in 'n gesin. Jaloesie kom tussen kinders in 'n gesin voor wanneer die kind voel dat sy posisie by sy vader of moeder bedreig word deur 'n broer of suster. Hy kan byvoorbeeld nie op sy moeder se skoot sit nie, want sy hou sy bababoetie of -sussie vas.

'n Kind sal dikwels openlik sy jaloesie teenoor 'n broer of suster wys. Ten spyte van hierdie negatiewe belewenis lyk dit of sommige broers en susters meestal goed oor die weg kom en mekaar se geselskap geniet. In ander gevalle lyk 'n kind egter duidelik gespanne, teruggetrokke, mededingend of aggressief in die teenwoordigheid van 'n broer of suster. Die vraag wat dan in die Opvoedkunde ontstaan, is: Hoe word die kind se selfkonsep deur die belewing van jaloesie teenoor 'n broer/ suster beïnvloed?

Die laasgenoemde vraag word beantwoord deur eerstens te kyk na die kind se selfkonsepontwikkeling en tweedens na die wyse waarop die belewing van jaloesie teenoor 'n broer/ suster sy selfkonsepontwikkeling beïnvloed. Dit is gedoen deur middel van 'n literatuurstudie en 'n empiriese ondersoek.

## 7.2 HOOFSTUK 2: DIE SELFKONSEP EN SELFKONSEP-ONTWIKKELING IN DIE LEWE VAN DIE KIND

Die selfkonsep kan in kort as 'n persoon se selfbeskouing beskryf word. Die selfkonsep ontwikkel na aanleiding van 'n gedurige proses van self-evaluering. Die rol van die ouers is beklemtoon in die wyse waarop die kind se selfkonsep ontwikkel. Erikson se agt fases van psigososiale ontwikkeling gee 'n aanduiding van die wyse waarop die ouers help vorm aan die kind se selfkonsep. Laasgenoemde en die motiveringsteorie van Maslow lei tot die volgende gevolgtrekking oor die kind se selfkonsepontwikkeling: Dit blyk dat die onvoorwaardelike aanvaarding deur die ouers 'n gevoel van eiewaarde by die kind tot stand bring wat hom in staat stel om aan die voorwaardelike eise van die wêreld buite sy gesin te voldoen. Die ideaal is om 'n realistiese positiewe selfkonsep te ontwikkel, wat beteken dat die persoon homself in sy totaliteit kan aanvaar. Hy kan met ander woorde sy tekortkominge erken sonder dat dit sy selfkonsep oorskadu.

Volgens Erikson is die kind se psigo-sosiale ontwikkeling gegrond op sy basiese vertroue dat sy ouers hom nie in die steek sal laat nie. In terme van sy behoefte aan liefde en aanvaarding, beteken dit dat hy sy ouers se liefde kan vertrou. Hy weet met ander woorde dat hulle lief is vir hom, selfs wanneer hulle aan 'n broer/ suster aandag gee. Hy voel nie verwerp in sulke situasies nie. Die geborgenheid wat die kind beleef as gevolg van hierdie basiese vertroue in sy ouers se liefde, stel hom in staat om die ander kinders in die gesin te waardeer, eerder as om bedreig te voel deur hulle teenwoordigheid.

## 7.3 HOOFSTUK 3: DIE BELEWING VAN JALOESIE EN DIE WYSE WAAROP JALOESIE DIE SELFKONSEP BEÏNVLOED

Na aanleiding van die gegewens wat in HOOFSTUK 3 bespreek is, kan die volgende gevolgtrekking gemaak word: Wanneer jaloesie tussen kinders in 'n gesin beleef word, trek die kind die betrokke ouer se liefde in twyfel. Hy vrees dat sy vader/ moeder die betrokke broer/ suster bo hom verkies.

Die belewing van jaloesie kan kortstondig wees. Sterker gevoelens as die jaloesie, gebaseer op die basiese vertroue wat die kind in sy verhouding met sy ouers ontwikkel het, kan sy vrese verdryf. Indien die basiese vertroue dat sy ouers se liefde vir hom altyd dieselfde sal bly egter ontbreek, kan jaloesie in 'n ernstiger mate beleef word.

Die bestendige en onvoorwaardelike liefde wat 'n kind van sy ouers verwag, is volgens Maslow 'n belangrike voorwaarde vir die ontwikkeling van 'n realistiese positiewe selfkonsep. Deur die liefde van sy ouers te ervaar, voel die kind dat hy liefde werd is. Wanneer die kind se geloof in sy ouers se liefde bedreig word, word sy selfkonsep met ander woorde ook bedreig. Indien die kind begin redeneer dat 'n broer of suster dit meer werd is as hy om liefde van hulle ouers te ontvang, kan gevoelens van minderwaardigheid die gevolg wees.

'n Negatiewe selfkonsep kan die kind natuurlik veral weerloos maak vir die belewing van jaloesie en verdere gevoelens van minderwaardigheid. 'n Negatiewe selfkonsep dui daarop dat die persoon homself in 'n negatiewe lig beskou. Hy kan nie sy beperkings aanvaar sodat hy daarop kan fokus om sy potensiaal te ontwikkel nie. Sy gebrek aan selfaanvaarding veroorsaak dat hy ook nie sy ouers se tekortkominge kan aanvaar nie. Geen ouer is volmaak nie.

Daar is nie 'n ouer wat ten volle na al die behoeftes van sy/ haar kind kan omsien nie. Daar is ook nie 'n ouer wat sy / haar aandag presies eweredig tussen al die kinders kan verdeel nie. Die kind met 'n negatiewe selfkonsep sukkel egter om sy ouers se beperkings te aanvaar en tree dikwels veeleisend op. Wanneer hy sy beurt moet afwag of mededeelsaam moet wees, is hy ongelukkig daaroor. Hy kan dit ook nie verdra wanneer sy broer/ suster op een of ander wyse bevoordeel word nie. Sy negatiewe selfkonsep maak hom afhanklik van die wyse waarop sy ouers teenoor hom optree. Hy het met ander woorde nog nie die outonomie ontwikkel om te aanvaar dat sy ouers nie altyd vir hom alles kan gee wat hy wil hê nie. Hy kan nie gelukkig wees op grond van wie hy ís nie. Hy kan net gelukkig wees op grond van hoe ander mense hom behandel.

Situasies wat tot jaloesie aanleiding gee veroorsaak met ander woorde dat 'n ongeborge persoon méér ongeborge voel, terwyl 'n persoon wat darem tot 'n redelike mate vertroue in sy ouers se liefde besit, die belewing van jaloesie waarskynlik vinnig te bowe sal kom. Neem byvoorbeeld 'n situasie waar twee kinders, A en B, baklei om voor in die motor te sit. Indien die betrokke ouer besluit A sit voor, sal B - indien sy selfkonsep positief is - moontlik net jaloerse frustrasie beleef omdat hy weens A nie sy sin kan kry nie. Indien B egter 'n negatiewe selfkonsep het, kan hy dalk die situasie as 'n persoonlike terugslag beleef. Hy kan moontlik redeneer dat die betrokke ouer meer lief is vir A as vir hom.

## 7.4 HOOFSTUK 4: DIE MANIFESTASIES EN MOONTLIKE OORSAKE VAN JALOESIE

Soveel verskillende situasies kan tot jaloesie aanleiding gee. Die wyse waarop 'n negatiewe selfkonsep 'n persoon weerloos maak vir die belewing van jaloesie, is reeds bespreek. Indien 'n persoon met 'n negatiewe selfkonsep jaloesie beleef in die afwesigheid van eksterne oorsake, is sy negatiewe selfkonsep die interne oorsaak van sy jaloesie. Interne oorsake vir jaloesie lê met ander woorde binne die persoon self, terwyl eksterne oorsake lê by die ander persone wat betrokke is. Die ouers vergelyk die kind byvoorbeeld negatief met 'n broer/ suster of die ander kind word voorgetrek.

Die kind kan op verskeie maniere reageer wanneer hy jaloesie beleef. Die mees algemene reaksie wat met jaloesie geassosieer word, is woede. Die verband tussen woede en die verlies van selfkonsep is empiries bepaal. Dit is 'n beduidende bevinding vir die betrokke studie, omdat beide die proefpersone (soos bespreek is in HOOFSTUK 6) geweldige woede beleef het teenoor die suster en broer teenoor wie hulle onderskeidelik jaloesie beleef het. Die bogenoemde empiriese bevinding is dus deur die proefpersone se belewing van minderwaardigheid (die verlies van selfkonsep) en woede ondersteun.

## 7.5 HOOFSTUK 5: NAVORSINGSONTWERP EN METODE VAN ONDERSOEK

In HOOFSTUK 5 is die navorsingsontwerp beskryf. Die doel van die ondersoek was om die wyse waarop elkeen van die proefpersone se belewing van jaloesie teenoor 'n broer/ suster sy selfkonsep beïnvloed het, te beskryf. Weens die beskrywende aard van die ondersoek is geen hipoteses gestel nie. Daar is

hoofsaaklik van onderhoudvoering gebruik gemaak om die kwalitatiewe navorsing te doen. Die items van die vraelyste, die Sibling Relationship Scale en die Adolessente Selfkonsepskaal, het as onderwerpe tydens die onderhoudvoering gedien. Sekere kwantitatiewe resultate van die SRS en ASKS is egter ook gebruik. Daar is dus hoofsaaklik idiografies te werk gegaan met sekere nomotetiese aspekte teenwoordig.

Die stappe wat gevolg is, is soos volg:

1. Vyftig adolessente het die Sibling Relationship Scale voltooi. Twee proefpersone is op grond van die kwantitatiewe resultate gekies om deel te neem aan die verdere ondersoek.Hulle is twee na-skoolse adolessente seuns wat steeds ekonomies en sosiaal afhanklik van hulle ouers funksioneer. In die studie word hulle onder die skuilname van Mike en Chris aangespreek.

2. Die twee proefpersone het die Adolessente Selfkonsepskaal voltooi. Die kwantitatiewe interpretasie van die resultate het aangedui of die persone oor 'n realistiese positiewe selfkonsep beskik, asook die wyse waarop die onderskeie dimensies van die selfkonsep daartoe bydra.

3. Die items van die SRS en ASKS is kwalitatief deur middel van onderhoudvoering ondersoek om die volgende te probeer bepaal:

   (i) Die mate waarin jaloesie teenoor 'n broer/ suster beleef is of steeds beleef word.

(ii) Die mate waarin elke proefpersoon die betrokke broer/ suster se gelyke voel.

(iii) Die mate waarin die ouers se liefde vertrou word.

## 7.6 HOOFSTUK 6: INTERPRETASIE VAN DIE EMPIRIESE GEGEWENS

Uit die ondersoek blyk dit dat die belewing van jaloesie tussen kinders in 'n gesin onvermydelik is, maar dat die ouers se partydige optrede daartoe kan bydra en kan veroorsaak dat die kind se selfkonsep ernstig skade ly.

### 7.6.1 Mike se belewing van jaloesie en die wyse waarop sy selfkonsep beïnvloed is

In Mike se geval het sy vader se negatiewe vergelyking wat hom en sy suster se akademiese prestasies betref, die belewing van jaloesie en minderwaardigheid by Mike veroorsaak. Hy het minderwaardig gevoel teenoor sy suster, veral wat sy akademiese vermoëns betref. Mike was ook onseker of sy vader dalk sy suster bo hom verkies.

In terme van Erikson se fases van psigososiale ontwikkeling, het Mike sy vader se liefde gewantrou. Die gevolg was dat Mike met sy suster meegeding het vir hulle vader se aandag en goedkeuring. Mike kon met ander woorde nie outonomie ontwikkel het ten opsigte van sy vader nie. Hy was nog afhanklik van sy vader se goedkeuring vir 'n positiewe selfkonsep. Hy het sy suster as sy vyand beskou. Hy het haar in onguns by sy ouers (en veral sy vader) probeer bring. Behalwe in sy matriekjaar, het Mike min aandag aan sy skoolwerk gegee.

Die ondersoek beklemtoon dat Mike se selfkonsep negatief beïnvloed is ten opsigte van sy outonomie in interpersoonlike verhoudings, asook sy selfvertroue wat akademiese werk betref. Die wyse waarop Mike se vader hom voorgetrek het ná sy ouers se egskeiding, het 'n wending veroorsaak in die wyse waarop Mike homself beskou het. Hy het homself daarná beskou as sy vader se gunsteling en sy suster was skynbaar nie meer vir hom 'n bedreiging nie. Mike se vertroue in sy vader se liefde het met ander woorde toegeneem en sy selfkonsep is versterk. Mike het in sy matriekjaar inisiatief geneem om te begin studeer en die gevolg was dat hy sy suster se matriekuitslae kon klop. Mike se minderwaardigheid teenoor sy suster op akademiese gebied is sodoende hokgeslaan.

Mike het ook inisiatief geneem om 'n vriendskap met sy suster te ontwikkel ten spyte daarvan dat sy hom dikwels kritiseer. Mike probeer klaarblyklik om sy suster se guns te wen sodat hy by haar vriendekring ingesluit kan word. Dit is moontlik dat Mike ook sy posisie ten opsigte van sy moeder probeer beskerm ná die geboorte van 'n stiefboetie, deur homself vir haar onmisbaar te maak. Al is daar nie uiterlike tekens van jaloesie in Mike se verhouding met sy broer nie, kan bogenoemde gedrag 'n vorm van reaksieformasie wees. Mike se selfkonsep word wel versterk deur die wyse waarop sy ouers hom insluit by hulle doen en late. Tekens van afhanklikheid en manipulasie is egter steeds sigbaar in sy interpersoonlike verhoudings.

### 7.6.2 Chris se belewing van jaloesie en die wyse waarop sy selfkonsep beïnvloed is

Chris is egter nie so gelukkig soos Mike nie. Vanaf sy broer se geboorte het sy moeder se optrede hom op verskeie wyses uitgesluit laat voel. Hy is byvoorbeeld nie betrek om in die behoeftes van die baba te probeer voorsien nie. Die aanwesigheid van gereelde straf en kritiek in sy geval, terwyl dit in sy broer se geval ontbreek het, het Chris die idee gegee dat sy moeder sy broer bo hom verkies. Sy moeder sal ook eerder sy broer se kant kies wanneer daar konflik tussen hulle ontstaan. Chris vertrou klaarblyklik nie sy moeder se liefde vir hom nie en sy selfkonsep is ernstig geknou hierdeur. Die situasie het nie tydens sy adolessensie verander nie en Chris hou steeds hardkoppig vas aan die idee dat sy moeder hom móét liefhê. Die gevolg is dat Chris steeds tot 'n groot mate jaloesie teenoor sy jonger broer beleef en dat sy selfkonsep steeds negatief deur hierdie belewenis beïnvloed word. Chris voel minderwaardig teenoor sy broer omdat hy nie so "perfek" soos sy broer is nie. Klaarblyklik het Chris 'n identiteit ontwikkel in sy gesin dat hy die stout kind is teenoor sy broer as die soet kind. Selfs die groot mate waarin Chris se vader hom van kleins af by sy aktiwiteite betrek het en die goedkeuring wat hy in sy verhouding met sy vader beleef ten opsigte van die werk wat hy doen, het nie die vorming van hierdie negatiewe identititeit verhoed nie.

In terme van Erikson se psigososiale ontwikkelingsfases openbaar Chris 'n wantroue teenoor sy moeder se liefde, omdat sy hom en sy broer klaarblyklik nie dieselfde behandel nie. Chris het nie outonomie ontwikkel ten opsigte van sy moeder nie. Hy is afhanklik van haar goedkeuring om positief oor homself te voel. Hy wedywer steeds met sy broer vir die gunstelingposisie by hulle moeder. Chris is veeleisend en onaangenaam teenoor sy moeder en broer, want

hy voel skynbaar dat hulle die oorsaak is dat hy nie gelukkig kan wees nie. Chris voel ontoereikend teenoor sy moeder en minderwaardig teenoor sy broer. Chris se identiteit is nog nie duidelik gevorm nie, omdat hy steeds afhanklik van sy moeder is vir sy geluk. Chris sal nie ware intimiteit kan bereik met 'n persoon van die teenoorgestelde geslag nie, omdat hy aandring op selfbevrediging.

## 7.7 OPVOEDKUNDIGE IMPLIKASIES

Aangesien die ondersoek kwalitatief is, kan die gevolgtrekkings wat na aanleiding van die gevallestudies gemaak is, nie veralgemeen word nie. Sekere opvoedkundige implikasies geld egter wel vir ouers wat wil verhoed dat hulle kinders onnodig skade ly weens die belewing van jaloesie.

### 7.7.1 Vermy negatiewe vergelykings

Die negatiewe gevolge wanneer een kind ten koste van 'n ander kind opgehemel word, is veral duidelik in Mike se geval. Chris het ook gevoel dat hy negatief met sy broer vergelyk word, maar nie as gevolg van enige verbale opmerkings van sy moeder nie. Bloot die aanwesigheid van straf en kritiek wat homself betref, maar die afwesigheid daarvan wat sy broer betref, het Chris laat voel dat sy moeder sy broer bo hom verkies. Negatiewe vergelykings tussen kinders in 'n gesin moet dus vermy word.

### 7.7.2 Motiveer die kind deur positiewe terugvoer, eerder as deur negatiewe vergelykings of kritiek

Mike se vader het waarskynlik sy swak skoolprestasie met die beter prestasie van sy suster vergelyk in 'n poging om Mike by sy skoolwerk betrokke te kry. Dit het egter die teenoorgestelde uitwerking gehad. Ten spyte daarvan dat sy vader duur geskenke belowe het as beloning vir 'n beter akademiese prestasie, het Mike eerder sy aandag aan ander aktiwiteite gewy, soos sport en musiek. Dit is ook duidelik in Chris se geval, dat sy moeder se kritiek oor sy leefstyl, nie die gewenste uitwerking het nie. Chris het eerder na 'n woonstel getrek ten einde sy moeder se kritiese oog te ontsnap, as om sy leefstyl te verander.

Die rede waarom negatiewe vergelykings en kritiek nie suksesvol is om die kind te motiveer nie, is omdat dit die kind skuldig laat voel. Om 'n kind te laat skuldig voel oor sy tekortkominge, lei tot verdere negatiewe reaksies. Die gevaar is dat hy sy ouers sal probeer behaag deur byvoorbeeld hulle kwaliteite na te boots eerder as om sy eie kwaliteite te ontwikkel. In die geval waar 'n broer/ suster deur die ouers opgehemel word, kan hy probeer om soos die uitverkore broer/ suster te wees (met ander woorde reaksieformasie), met dieselfde negatiewe gevolge. 'n Ander moontlike reaksie is dat hy eenvoudig kan onttrek, soos Mike in 'n mate gedoen het. Mike het van sy skoolwerk onttrek, maar gelukkig nie van al sy aktiwiteite nie. Hy het eerder gefokus op areas waar hy kon presteer, soos sport en musiek. Op hierdie wyse het Mike tog van sy positiewe eienskappe ontwikkel.

Dit is belangrik dat ouers realistiese verwagtings moet stel aan hulle kinders volgens hulle werklike vermoëns en volgens elke kind se unieke persoonlikheid. Die sukses van positiewe terugvoer lê daarin dat die kind gekomplimenteer

word ten opsigte van dinge wat hy kán doen, eerder as om te fokus op die dinge wat hy nie kan doen nie.

Die wyse waarop Mike se sukses in matriek hom aangespoor het om harder te werk, is 'n goeie voorbeeld van die wyse waarop positiewe terugvoer eerder as negatiewe terugvoer 'n persoon sal motiveer. Dit is ook opvallend dat Mike graag sy moeder help aangesien sy hom so dikwels komplimenteer as haar staatmaker en regterhand.

### 7.7.3 Probeer om die kinders se verskille te waardeer, eerder as om daarteen te baklei

Mike het homself op ander gebiede as sy suster ontwikkel, aangesien hy 'n groot deel van sy skoolloopbaan onbetrokke was by sy skoolwerk. Nadat sy selfkonsep herstel het ten opsigte van sy vader en sy akademiese vermoëns, het Mike se oë oopgegaan vir sy talente. Hy kan homself nou waardeer as 'n unieke persoon wat heeltemal verskillend is van sy suster. Hy kan byvoorbeeld presteer in sport. Hy het die vermoë om tegniese probleme op te los en hy is musikaal. Sy suster het weer ander talente wat haar in staat stel om 'n suksesvolle boekhoudster te wees. Dit blyk dat die minderwaardigheid en jaloesie wat Mike vroeër beleef het, hom so besig gehou het om hom met sy suster te vergelyk, dat hy blind was vir sy unieke vermoëns. Dit sou in beide Mike én Chris se gevalle gehelp het indien hulle ouers hulle uniekheid kon waardeer, in plaas daarvan om te verwag dat die kinders dieselfde eienskappe moes hê.

### 7.7.4 Vermy voortrekkery

Bogenoemde stelling is moontlik makliker gesê as gedaan, want elke mens het sy eie voorkeure, ook ten opsigte van mense. Dit kan byvoorbeeld vir 'n ouer makliker wees om met die een kind oor die weg te kom as met die ander. In so 'n geval moet die ouer daarteen waak om nie die 'makliker' kind voor te trek nie. Soos in Chris se geval, kan voortrekkery 'n gesin verdeel en veroorsaak dat broers en susters aartsvyande word. Die twyfel wat by 'n kind ontstaan oor die liefde van 'n ouer wat 'n broer/ suster voortrek, het 'n ernstige verlies van selfkonsep tot gevolg.

### 7.7.5 Help die kind om 'n realistiese positiewe selfkonsep te ontwikkel

Die eerste tree wat die kind moet gee in sy selfkonsepontwikkeling, is om sy ouers te vertrou - dat hulle vir hom lief is en dat hulle hom nie in die steek sal laat nie. Die vertroue in sy ouers se liefde, behels dat hy homself beskou as iemand wat liefde werd is. Vertroue is 'n innerlike wete wat gereeld gevoed behoort te word deur uiterlike bewyse vir die vertroue. Soos die kind se vertroue dat sy ouers vir hom lief is oor en oor bevestig word deur eksterne ervaring, sal hy toenemend geborge voel. Sy gevoel van eiewaarde sal versterk en sy selfkonsep sal positief ontwikkel.

Die kind beleef sy ouers se liefde deur hulle sensitiwiteit vir sy behoeftes. Die moeilike taak van ouerskap is weer eens duidelik wanneer in ag geneem word dat kinders in 'n gesin so verskillend is, ook wat hulle behoeftes betref. Boonop verander 'n kind se behoeftes gedurig soos hy deur die verskillende lewensfases ontwikkel. Die wyse waarop Mike se moeder tydens sy adolessensie aangepas het by sy toenemende behoefte aan selfstandigheid, kan geprys word. Die wyse

waarop Mike se ouers hom betrek het by hulle persoonlike lewens en die vertroue wat hulle in hom stel om sy eie lewe verantwoordelik te lei, het 'n vriendskap tussen Mike en sy ouers laat ontstaan, wat kosbaar is in die lewensfase waarin hy is. Mike se selfkonsep word nie net positief beïnvloed deur sy ouers se sensitiwiteit vir sy behoeftes nie, maar ook deur die vertroue wat hulle in hom stel. Hy het sodoende die selfvertroue ontwikkel wat 'n jongmens nodig het om te glo in sy vermoë om 'n sukses van sy toekoms te maak.

Mike gesels graag met sy ouers oor sy persoonlike lewe en probleme wat hy mag ondervind, want hy weet dat hulle nie sommer sal probeer inmeng nie. Die vriendskap wat Mike met sy ouers ontwikkel het, hou steeds sy selfkonsep in stand, ten spyte van teleurstellings wat hy binne sy portuurgroep mag beleef. Sy ouers se onvoorwaardelike liefde voed met ander woorde steeds die basis vir 'n realistiese selfkonsep, die basiese vertroue dat hy liefde werd is. Mike se geborgenheid wat sy ouers se liefde betref, het hom klaarblyklik in staat gestel om 'n laatlam-boetie van vier jaar te aanvaar, sonder beduidende tekens van jaloesie.

### 7.7.6 <u>Albei ouers moet emosionele sekuriteit verskaf</u>

Chris se geval beklemtoon die kind se behoefte om deur albei ouers aanvaar en liefgehê te word. Een ouer se liefde kan nie kompenseer vir die gebrek daarvan by die ander ouer nie.

Leary se insluitingsteorie (in paragraaf 3.5) verduidelik dat 'n persoon se selfkonsep positief beïnvloed word volgens die mate waarin hy sosiaal ingesluit word deur die belangrike persone in sy lewe. Volgens Leary se insluiting-status-kontinuum (paragraaf 3.5) beleef die kind maksimale insluiting wanneer sy

vader of moeder doelbewus tyd met hom spandeer. Beide ouers moet met ander woorde probeer om alleen-tydjies met elke kind in die gesin af te knyp, al is dit net om die kind saam te neem kafee toe. Op hierdie wyse word die kind se selfkonsep positief versterk.

Die bogenoemde standpunt word deur die twee gevallestudies bevestig. In Mike se geval, gee sy moeder haar onverdeelde aandag wanneer hy met haar wil praat. Haar optrede het 'n basiese vertroue by Mike tot stand gebring dat sy altyd vir hom beskikbaar sal wees. Sy het hom mede-verantwoordelik gemaak vir sy jonger broer se opvoeding. Mike voel om hierdie rede aktief ingesluit en waardevol in sy tweede gesin. Hy voel ook nie dat sy moeder méér tyd deurbring met sy jonger broer as met hom nie. Hy voel met ander woorde geborge genoeg in sy verhouding met sy moeder om enige gevoelens van jaloesie teenoor sy broer te bowe te kom sonder 'n ernstige verlies van selfkonsep.

In Chris se geval, gaan sy moeder voort met haar aktiwiteite terwyl Chris sake wat vir hom belangrik is, met haar probeer bespreek. Chris beleef frustrasie omdat dit vir hom voel of hy nooit kwaliteit tyd met sy moeder kan spandeer nie. Chris het uitgesluit gevoel toe sy broer gebore is. Sy moeder het die meeste van haar aandag aan die baba gespandeer terwyl sy dit skynbaar aan sy vader oorgelaat het om na hom om te sien. Aangesien hy die kind is wat die meeste deur sy moeder gestraf is en steeds deur haar gekritiseer word, voel Chris feitlik soos sy moeder se swartskaap. Die gebrek aan goedkeuring wat Chris in sy verhouding met sy moeder beleef, het so 'n verlies van eiewaarde tot gevolg, dat selfs die aanvaarding van sy vader nie daarvoor kan vergoed nie. Dit is weens hierdie verlies van selfkonsep dat Chris waarskynlik nie die belewing van jaloesie teenoor sy jonger broer te bowe kan kom nie.

Chris se selfkonsep sal negatief bly solank hy beleef dat sy moeder nie sy behoefte aan liefde en aanvaarding vervul nie. Chris moet met ander woorde gehelp word om sy moeder se tekortkominge te aanvaar en om meer tyd te spandeer aan die verhoudings waar hy wel maksimaal ingesluit word. Sodoende kan sy selfkonsep herstel. 'n Realistiese positiewe selfkonsep behels met ander woorde nie net realistiese verwagtinge ten opsigte van die persoon self nie, maar ook ten opsigte van ander mense.

## 7.8 SLOT

Elke kind het die onvoorwaardelike liefde van beide 'n vader en 'n moeder nodig om tuis te kan voel met homself en die wêreld om hom. Indien sy selfkonsep gegrond is in die wete dat hy 'n mens is wat liefde werd is, kan hy situasies wat die teendeel vir hom wil bewys makliker trotseer. As oefenveld vir die lewe, speel sulke situasies selfs in die gesin af, wanneer die kind sy ouers se aandag moet deel met die ander kinders in die gesin. 'n Kind wat daarin geslaag het om die basiese vertroue te ontwikkel dat sy ouers se liefde vir hom onveranderd bly, ongeag die aandag wat hulle aan 'n broer/ suster gee, sal meer geneig wees om gevoelens van jaloesie positief te oorkom en positiewe verhoudings te bou met die ander kinders in die gesin. Wanneer die innerlike versekering van sy ouers se liefde egter ontbreek en die kind sy waarde slegs op die uiterlike aksies van sy ouers beoordeel, ondervind die kind probleme wanneer hy hulle aandag met 'n broer of suster moet deel. Ouers word dus aangemoedig om vir elke kind daardie versekering te gee dat hy waardevol is, verbaal sowel as deur hulle optrede - wanneer 'n spesiale tydjie aan die kind individueel afgestaan word. In die lig van hierdie bespreking is dit duidelik waarom enige vorm van negatiewe vergelyking of voortrekkery die belewing

Clanton, G. & Smith, L.G.1998. *Jealousy.* Lanham: University Press of America.

Constantine, L.L. 1998. Jealousy: Techniques for intervention, in *Jealousy,* editors G. Clanton, L.G. Smith. Lanham: University Press of America: 190-198.

DeSteno, D.A. & Salovey, P. 1996. Jealousy and the characteristics of one's rival: A self-evaluation maintenance perspective. *Personality and social psychology bulletin,* 22(9), September: 920-932.

Downing, C. 1998. Jealousy: A depth-psychological perspective, in *Jealousy,* editors G. Clanton, L.G. Smith. Lanham: University Press of America: 72-79.

Dunn, J. & Plomin, R. 1990. *Separate lives: Why siblings are so different.* USA: Basic Books.

Durbin, K. 1998. On sexual jealousy, in *Jealousy,* editors G. Clanton, L.G. Smith. Lanham: University Press of America: 36-45.

Ellis, A. 1998. Rational and irrational jealousy, in *Jealousy,* editors G. Clanton, L.G. Smith. Lanham: University Press of America: 170-179.

Erikson, E.H. 1977. *Childhood and society.* St. Albans: Triad/ Paladin.

Greenberg, P. 1991. *Character development: Encouraging self-esteem & self-discipline in infants, toddlers, & two-year-olds.* Washington: National Association for the Education of Young Children.

Hartley-Brewer, E. 1994. *Positive parenting: Raising children with self-esteem.* Berkshire: Cox & Wyman Ltd.

Hauck, P. 1992. *Jaloesie: Waarom dit gebeur en hoe om dit te oorwin.* Kaapstad: Human & Rousseau.

Kosins, D. J. 1983. *Developmental correlates of sexual jealousy.* Doctoral dissertation, California School for Professional Psychology, San Diego.

Leary, M.R. 1990. Responses to social exclusion: Social anxiety, jealousy, loneliness, depression, and low self-esteem. *Journal of social and clinical psychology*, 9(2): 221-229.

Lobsenz, N.M. 1998. Taming the green-eyed monster, in *Jealousy,* editors G. Clanton, L.G. Smith. Lanham: University Press of America: 26-34.

Maslow, A.H. 1954. *Motivation and personality*. New York: Harper & Brothers.

Mathes, E.W. 1992. *Jealousy: The psychological data.* Lanham: University Press of America.

Mazur, R. 1998. Beyond jealousy and possessiveness, in *Jealousy,* editors G. Clanton, L.G. Smith. Lanham: University Press of America: 181-187.

Mead, M. 1998. Jealousy: Primitive and civilised, in *Jealousy,* editors G. Clanton, L.G. Smith. Lanham: University Press of America: 115-127.

Mruk, C.J. 1999. *Self-esteem 2nd edition: Research, theory, and practice*. New York: Springer Publishing Company.

Neill, A.S. 1998. Jealousy at Summerhill, in *Jealousy,* editors G. Clanton, L.G. Smith. Lanham: University Press of America: 66-70.

Parrott, W.G. 1991. The Emotional experience of envy and jealousy, in *The psychology of jealousy and envy,* editor P. Salovey. New York: The Guilford Press: 3-30.

Phelan,T.W. 1996. *Self-esteem revolutions in children.* Glen Ellyn: Child Management Inc.

Pines, A.M. 1998. *Romantic jealousy: Causes, symptoms, cures.* New York: Routledge.

Raath, M.C. & Jacobs, L.J. 1990. *Dinamiek van die selfkonsep.* Pretoria: Academica.

Salovey, P. 1991. *The psychology of jealousy and envy.* New York: The Guilford Press.

Salovey, P. & Rodin, J. 1991. Provoking jealousy and envy: Domain relevance and self-esteem threat. *Journal of social and clinical psychology,* 10(4): 395-413.

Salovey, P. & Rothman, A.J. 1991. Envy and jealousy: Self and society, in *The psychology of jealousy and envy,* editor Salovey, P. New York: The Guilford Press: 271-286.

Schumacher, S. & McMillan, J. H. 1993. *Research in education: A conceptual introduction.* Derde uitgawe. New York: Harper Collins.

Sharpsteen D. J. 1991. The organization of jealousy knowledge: Romantic jealousy as a blended emotion, in *The psychology of jealousy and envy*, editor P. Salovey. New York: The Guilford Press: 31-51.

Smith, R.H. 1991. Envy and the sense of injustice, in *The psychology of jealousy and envy*, editor P. Salovey. New York: The Guilford Press: 79-99.

Stenhouse, G. 1994. *Confident children: Developing your child's self-esteem.* Auckland: Oxford University Press.

Van den Aardweg, E. M. & Van den Aardweg, E. D. 1993. *Psychology of Education: a dictionary for students.* Revised Second edition. Pretoria: E & E Enterprises.

Vrey, J. D. s.a. *Handleiding vir die Adolessente Selfkonsepskaal (ASKS).* Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Vollmer, H. 1998. Jealousy in children, in *Jealousy*, editors G. Clanton, L.G. Smith. Lanham: University Press of America: 53-65.

Walster,E. & Walster, G.W. 1998. The social psychology of jealousy, in *Jealousy*, editors G. Clanton, L.G. Smith. Lanham: University Press of America: 91-99.

White, G. L. & Mullen, P. E. 1989. *Jealousy: Theory, research, and clinical strategies.* New York: The Guilford Press.

# BYLAAG A

## SIBLING RELATIONSHIP SCALE

NAAM: ______________________________ MANLIK/ VROULIK

GEBOORTEDATUM: __________________

IN VERHOUDINGS TUSSEN BROERS EN SUSTERS, NET SOOS IN ENIGE TIPE VERHOUDING, ONTSTAAN PROBLEME VAN TYD TOT TYD OM MET MEKAAR OOR DIE WEG TE KOM. HIERONDER SAL JY 'N LYS VRAE VIND OOR HOE JY MET JOU BROER(S) OF SUSTER(S) OOR DIE WEG GEKOM HET TOE JULLE KINDERS WAS. DIE VRAE WIL WEET "IN WATTER MATE" JY VERSKEIE PROBLEME BELEEF HET IN VERHOUDING MET JOU BROER(S) OF SUSTER(S).

ANTWOORD ELKE VRAAG DEUR 'N KRUISIE ( X ) IN 'N SPASIE OP DIE SKAAL TE PLAAS. MOET ASB. GEEN VRAE OORSLAAN NIE.

Die SIBLING RELATIONSHIP SCALE, oorspronklik in Engels deur David J. Kosins.
Vertaal in Afrikaans deur C. Rossouw.

| | | BAIE KLEIN MATE | KLEIN MATE | MATIG | GROOT MATE | BAIE GROOT MATE |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1. | In watter mate het jy gesoek na aktiwiteite waarin jy beter kon doen as jou broer(s) of suster(s)? | | | | | |
| 2. | Wanneer jou broer(s) of suster(s) met jou ouers baklei het, in watter mate het jy jou by jou ouers geskaar? | | | | | |
| 3. | Wanneer jou broer(s) of suster(s) geprys is, in watter mate sou jy probeer het om die lofbetuiging te onderbreek of nie daarmee saam te stem nie? | | | | | |
| 4. | In watter mate het jy jouself gedistansieer van die gesin omdat jou broer(s) of suster(s) begunstig is bo jou? | | | | | |
| 5. | Wanneer jy gestraf is deur jou ouers, tot watter mate het jy dit op jou broer(s) of suster(s) uitgehaal? | | | | | |
| 6. | Tot watter mate is jy vergelyk met jou broer(s) of suster(s), of vertel dat jy soos hulle moet optree? | | | | | |
| 7. | Wanneer gaste of jou ouers aandag gegee het aan jou broer(s) of suster(s), in watter mate het jy ontsteld gevoel? | | | | | |
| 8. | In watter mate het jy jou ouers se aandag gesoek, selfs wanneer jy dit nie regtig nodig gehad het nie, bloot om te keer dat jou broer(s) of suster(s) nader aan jou ouers kom? | | | | | |
| 9. | Tot watter mate het jy spesiale take verrig en ekstra voorbeeldig opgetree voor jou ouers om gunstiger as jou broer(s) of suster(s) beskou te word? | | | | | |
| 10. | In watter mate het jy probeer om jou broer(s) of suster(s) daarvan te weerhou om vriende te deel? | | | | | |
| 11. | In watter mate het jy jou broer(s) of suster(s) geslaan wanneer jou ouers nie naby was nie en dan aan jou ouers verslag gedoen dat jy eerste aangeval is? | | | | | |
| 12. | In watter mate het jy stories opgemaak oor jou broer(s) of suster(s) met die doel om ander se siening van hulle te benadeel? | | | | | |
| 13. | Wanneer jy ookal iets goed ontdek het, in watter mate sou jy dit vir jouself hou en die geheim van jou broer(s) of suster(s) weerhou? | | | | | |
| 14. | In watter mate het dit jou gepla dat jou broer(s) of suster(s) spesiale aandag kry vir een of ander prysenswaardige optrede? | | | | | |
| 15. | In watter mate het jy met jou broer(s) of suster(s) gestry, selfs oor klein dingetjies? | | | | | |
| 16. | In watter mate het jou ouers een of meer van jou broers of susters bo die ander kinders voorgetrek? | | | | | |
| 17. | In watter mate het jy probeer om "die goeie kind" te wees met die doel om jou ouers se guns te wen bo jou broer(s) of suster(s)? | | | | | |

**BYLAAG A.1**

**SIBLING RELATIONSHIP SCALE**
**soos ingevul deur Mike**

| | | BAIE KLEIN MATE | KLEIN MATE | MATIG | GROOT MATE | BAIE GROOT MATE |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1. | In watter mate het jy gesoek na aktiwiteite waarin jy beter kon doen as jou broer(s) of suster(s)? | | | | | X |
| 2. | Wanneer jou broer(s) of suster(s) met jou ouers baklei het, in watter mate het jy jou by jou ouers geskaar? | | | X | | |
| 3. | Wanneer jou broer(s) of suster(s) geprys is, in watter mate sou jy probeer het om die lofbetuiging te onderbreek of nie daarmee saam te stem nie? | | X | | | |
| 4. | In watter mate het jy jouself gedistansieer van die gesin omdat jou broer(s) of suster(s) begunstig is bo jou? | X | | | | |
| 5. | Wanneer jy gestraf is deur jou ouers, tot watter mate het jy dit op jou broer(s) of suster(s) uitgehaal? | | | | | X |
| 6. | Tot watter mate is jy vergelyk met jou broer(s) of suster(s), of vertel dat jy soos hulle moet optree? | | | | | X |
| 7. | Wanneer gaste of jou ouers aandag gegee het aan jou broer(s) of suster(s), in watter mate het jy ontsteld gevoel? | X | | | | |
| 8. | In watter mate het jy jou ouers se aandag gesoek, selfs wanneer jy dit nie regtig nodig gehad het nie, bloot om te keer dat jou broer(s) of suster(s) nader aan jou ouers kom? | | | | X | |
